



POGINGS TOT SUID-AFRIKAANSE  
GEBIEDSUITBREIDING, 1910 - 1924

deur

F.P. DU TOIT, B.A. (Hons.) U.O.V.S.

Verhandeling voorgelê ter vervulling  
van die vereistes vir die graad  
Magister Artium in die Fakulteit  
van Lettere en Wysbegeerte, Departe-  
ment Geskiedenis, aan die Universiteit  
van die Oranje-Vrystaat.

028020

Studieleier: Prof. dr. A.H. Marais

UOVS-SASOL-BIBLIOTEK 028020



11116969790122000019

Bloemfontein

1979

...  
...  
...  
...

Univerzita J. A. Komenského v Bratislave

16-06-1980

T 968.62 Toi

No. 280820



# I N H O U D S O P G A W E

## BLADSYNOMMER

	INLEIDING .....	1 - 3
1.	DIE MOONTLIKE INLYWING VAN DUITSWES-AFRIKA, MOSÁMBIEK EN DIE NOORDE .....	4 - 23
2.	TOESTANDE EN VERHOUDINGE MET BETREKKING TOT DIE HOË KOMMISSARIS-GEBIEDE KORT VOOR EN NA 1910 - 1924 .....	24 - 88
2.1	Britse beheer oor die Hoë Kommissaris-gebiede	
2.2	Die Nasionale Konvensie van 1908 - 1909	
2.3	Redes vir die Inlywing van die drie Hoë Kommissaris-gebiede	
2.3.1	Ooreenkomste tussen die Unie en die "Protektorate"	
2.4	Die Mislukkings van Botha en Smuts	
2.4.1	Botha se versoeke en optredes, 1911 - 1914	
2.4.2	Die Na-oorlogse jare	

I N H O U D S O P G A W E (Vervolg)

BLADSYNOMMER

- 2.4.3 Smuts tree op die voorgrond  
in 1919
- 2.5 Britse teenkanting teen inlywing
- 2.6 Die Standpunte van die swart  
inwoners
- 2.7 Winde van Verandering - 1924
- 2.8 Samevatting
3. INLYWINGSPOGINGS VAN SUID-  
RHODESIË ..... 89 - 155
- 3.1 Inleiding
- 3.2 Suid-Rhodesië en die British  
South African Company
- 3.3 Die Moontlike Inlywing van  
Suid-Rhodesië by die Unie  
van Suid-Afrika
- 3.3.1 Die jare 1913 - 1919
- 3.3.2 Die Idee van Selfregering -  
1920

I N H O U D S O P G A W E (Vervolg)

BLADSYNOMMER

- 2.4.3 Smuts tree op die voorgrond  
in 1919
- 2.5 Britse teenkanting teen inly-  
wing
- 2.6 Die Standpunte van die swart  
inwoners
- 2.7 Winde van Verandering - 1924
- 2.8 Samevatting
3. INLYWINGSPOGINGS VAN SUID-  
RHODESIË ..... 89 - 155
- 3.1 Inleiding
- 3.2 Suid-Rhodesië en die British  
South African Company
- 3.3 Die Moontlike Inlywing van  
Suid-Rhodesië by die Unie  
van Suid-Afrika
- 3.3.1 Die jare 1913 - 1919
- 3.3.2 Die Idee van Selfregering -  
1920

## I N H O U D S O P G A W E (Vervolg)

### BLADSYNOMMER

- 3.3.3 Die Buxton-kommissie van 1921  
vs. Smuts
- 3.3.4 Smuts en die 1921-verkiesing  
in Suid-Afrika
- 3.3.5 Smuts se Terme vir Inlywing
- 3.3.6 Samesprekings tussen die Maat=  
skappy en die Unie
- 3.3.7 Die Terme deur Smuts aangebied
- 3.3.8 Bespreking van Smuts se Terme
- 3.3.9 Die Nasionale Party in Suid=  
Afrika se houding
- 3.4 Smuts tree op en besoek Rhode=  
sië
- 3.5 Die Referendum-veldtog Augus=  
tus - Oktober 1922
  - 3.5.1 Die R.U.A. wen veld
  - 3.5.2 Die R.G.A. se teenmaatreëls
- 3.6 Die Rol van Drukroepe en Per=  
soonlikhede tydens die Refe=  
rendum en Toestande in die  
Unie

I N H O U D S O P G A W E (Vervolg)

BLADSYNOMMER

3.7	Die Klimaks van die Veldtog	
3.8	Samevatting	
4.	SLOTBESKOUIING .....	156 - 162
	BIBLIOGRAFIE .....	163 - 168

---0000000---

V O O R W O O R D

Die pogings wat sedert Uniewording aangewend is om Suid-Afrika se gebied uit te brei, het nog weinig aandag van historici ontvang. In elk geval het geen Suid-Afrikaanse historikus nog meer as net verbygaande aandag daaraan bestee nie. Tog is die tema van groot belang, want dit is bekend dat beide die onderskeie Suid-Afrikaanse regerings en die Britse regering met Uniewording en daarna die grensafbakening van Suid-Afrika as voorlopig beskou het.

Vanaf die kant van Britse historici het wel enkele werke die lig gesien wat die tema ophelder. Die bekendste hiervan is R. Hyam, The Failure of South African Expansion. Sy werk berus op navorsing wat hy in die Record Office te Londen gedoen het, en was van groot waarde by die afhandeling van hierdie werk.

Daar is min oor die tema in Suid-Afrikaanse argiewe terug te vind. Die klaarblyklike rede hiervoor is dat alle skakelwerk met die Britse regering insake die uitbreiding van Suid-Afrika se grense deur middel van die Goewerneur-generaal geskied het. Enkele verwysings in die amptelike korrespondensie van die Eerste Minister en in die Smuts Papers is die uitsondering.

Daar is vryelik van koerantnavorsing gebruik gemaak om stof in te samel. Veral die Engelstalige koerante was hier waardevol.



Ek wens my dank oor te dra aan die personeel van biblioteke en argiewe waar ek navorsing gedoen het vir hul waardevolle hulp en vriendelike diens. Ook aan mev. Rina Wessels wat die tikwerk onderneem het.

Ek spreek graag my dank aan my vrou en ons ouers uit vir hul onderskraging en aanmoediging om hierdie studie te voltooi.

F.P. DU TOIT.

BLOEMFONTEIN.

DESEMBER 1979.

## I N L E I D I N G

In 1917 het genl. J.C. Smuts verklaar dat die Suid-Afrikawet van 1909 in die toekoms net soveel vir sy ahangsel as vir sy inhoud onthou sal word.<sup>1</sup> Met die totstandkoming van die Unie van Suid-Afrika op 31 Mei 1910 is in beide Suid-Afrika en Brittanje aanvaar dat die grense van die nuwe verenigde staat slegs tydelik sou wees. In albei lande is gehoop dat 'n groter Suid-Afrika uit die vereniging van die vier Britse kolonies sou voortspruit. In 'n ahangsel tot die Suid-Afrikawet van 1909 is dan ook voorsiening gemaak vir die toekomstige inlywing van die drie Hoë kommissaris-gebiede of "Protektorate", soos dit ook genoem is, naamlik Basoetoland (Lesotho), Betsjoeanaland (Botswana) en Swaziland. Daar was ook verdere voorsiening gemaak vir die inlywing van Suid-Rhodesië.<sup>2</sup> Genl. Louis Botha het met Uniewording herhaaldelik verklaar dat die Unie nie voltooi sal wees voordat hierdie drie gebiede en Rhodesië nie ook deel daarvan uitmaak nie.<sup>3</sup>

'n Groter Suid-Afrika was in ooreenstemming met die beleid van verskeie Britse regerings, naamlik om 'n groot blanke en lojale dominium, wat van die Kaap tot die Zambesi strek, tot stand te bring. Daar is egter geen tyds-

1. Smuts, J.C., War Time Speeches, p. 88.

2. Hyam, R., The Failure of South African Expansion, pp. 1 - 2.

3. Departement van die Eerste Minister. Inkomende en uitgaande Amptelike en semi-amptelike korrespondensie. Hierna P.M., genoem. Botha aan Gladstone, 17.11.1913.

beperking op die inlywing van die gebiede geplaas nie en die ideaal het nooit tot vervulling gekom nie.

Die redes daarvoor moet naderby ontleed word. Suid-Afrikaanse politieke leiers het ook na 'n groter staatsgestreef, trouens dit het 'n belangrike rol in die bepaling van beleid gespeel.<sup>4</sup> Suid-Rhodesië en die Hoë kommissarisgebiede se moontlike inlywing het tot konkrete pogings van Suid-Afrika se kant af gelei. Die begeerte tot 'n groter Suid-Afrika het egter verder as dit gestrek. Duitswes-Afrika en Mosambiek moes ook deel van 'n groter Suid-Afrika uitmaak. Smuts, die groot voorstander van 'n groter Suid-Afrika, het in 1929 verklaar dat hy sedert die Anglo-Boereoorlog sy lewedaaraan gewy het om "die blanke beskawing in Afrika te laat uitbrei." Hy het die gedagte gehad dat die Zambesi en nie die Limpopo nie Suid-Afrika se noordelike grens moes vorm en dat Delagoabaai die natuurlike hawe vir Transvaal moes word. Die feit dat Portugal, geografies, in besit was van Suid-Afrika se beste natuurlike hawe, was 'n groot las om te dra.<sup>5</sup>

Die begeerte van die Botha-regering om sy gebiede noord, oos en weswaarts uit te brei, was nie alleen bekend in Brittanje nie, maar is ook daar met simpatie bejeën. Sir

4. Hyam, R., op.cit., pp. 1 - 2.

5. Ibid., pp. 23 - 24.

Edward Grey het byvoorbeeld erken dat die Unie nooit sal rus voordat hy nie Delagoabaai ingelyf het nie. Hy het gemeen dat dit vir Portugal "op morele, materiële en selfs Portugese gronde" die beste sal wees om Delagoabaai aan die Unie te verkoop. Selfs W. Churchill het erken dat die swak toestand van Mosambiek in dié jare nie aanvaarbaar vir 'n kommersiële land soos Brittanje was nie.<sup>6</sup>

---ooo0ooo---

---

6. Louis, W.R., Great Britain and Germany's Lost Colonies, p. 33.

1. DIE MOONTLIKE INLYWING VAN DUISWES-AFRIKA,  
MOSAMBIEK EN DIE NOORDE

Die geleentheid om hierdie ideaal te verwesenlik het met die uitbreek van die Eerste Wêreldoorlog aangebreek. Die Britse strategiese planne het mooi by die Unie-regering se eie uitbreidingsplanne ingepas. Reeds op die eerste dag van die oorlog het die komitee vir Imperiale verdediging 'n offensiewe aanval op Dar-es-Salaam deur Indië en die inbesitname van Duitswes aanbeveel. Botha het die uitnodiging om laasgenoemde operasie te onderneem na deeglike oorweging aanvaar.

Wat sou genl. Botha se motiewe gewees het, om ten spyte van die teenstand wat oral kop uitgesteek het, en in weerwil van die feit dat hy geweet het dat hy daardeur politieke steun aan die Nasionale Party sou moes afstaan, om tog met die inval in Duitswes voort te gaan? Volgens Engelenburg het Botha teensinnig tot die inval in Duitswes toegestem. Hy moes kies tussen die inbesitname van die gebied deur Australië, Indië of Nieu Zeeland, plus die binnelandse wrok van die Engelse, of die inbesitname deur sy eie leërmag en binnelandse wrok van die Afrika-nerseksie.<sup>1</sup> Daarmee het Engelenburg grootliks die kern van die probleem saamgevat.

---

1. Engelenburg, F.V., General Louis Botha, p. 223.

Brittanje het die vernietiging van die radiostasies in Duitswes as 'n dringende noodsaaklikheid beskou. Indien die Suid-Afrikaanse regering sou weier om aan die Britse versoek te voldoen, sou dit nie beteken het dat die voor=genome veldtog afgelas sou word nie. Die Australiese troepe was juis aan die verbybeweeg na Europa toe, en dit kan met sekerheid aanvaar word dat die Britse regering hulle sou versoek om die werk in Duitswes te gaan doen. Dit sou dan beteken dat die gebied deur Australië beset sou word en dit kon meebring dat daardie land nā die oorlog bestuursreg oor die gebied sou verkry. Dit sou dan in werklikheid 'n uitbreiding van die Britse gesag in Suidelike Afrika teweegbring.<sup>2</sup>

Volgens J.P. Jooste, wat op versoek van Botha teenwoor= dig was toe hy die Britse versoek oorweeg het, het hier= die feit swaar by hom geweeg. Indien die Unie nie sy weg oopsien om Duitswes te beset nie, en die Geallieër= des sou die oorlog wen, sal daar op die grens van die Unie 'n verdere Britse besetting tot stand kom in die beheer waarvan die Unie geen seggenskap sou hē nie. Aan die ander kant moes hy oorweeg tot welke politieke ver= wikkellinge dit kon lei as aan die Britse versoek voldoen word. Botha het hierdie probleem van 8 uur die aand tot 4 uur in die mōre beredeneer, en toe het hy besluit

---

2. J.P. Jooste-versameling, Jooste aan prof. C.J. Uys, 12.05.1954.

dat die belange van die Unie die beste gedien sou word deur die ekspedisie met vrywilligers te organiseer. Van watter kant die probleem ookal benader is, dit het vol distels en dorings gebly.<sup>3</sup>

In die Senaat het Botha ook verklaar dat hy in siel oortuig is dat die kwessie van so 'n groot strategiese belang vir die Britse Ryk is dat die gebied deur die Ryk ingeneem sou word, al sou Suid-Afrika ook weier om dit te doen. Sou Suid-Afrika se posisie beter gewees het as die Indiese of Australiese regering gevra is om dit te doen? Hulle wil die reg hê om die toekoms van Suidelike Afrika te help bepaal, en indien hulle sou toelaat dat die land deur ander in besit geneem en deur hulle regeer word, sal die kinders van Suid-Afrika geen seggenskap daarin hê nie.<sup>4</sup>

Dit wil ook voorkom of die afronding van Suid-Afrika se grense 'n sterk invloed op Botha se besluit gehad het. Hy het die moontlike uitbreiding van Suid-Afrika se grense nie as argument aangewend toe hy die saak in die parlement beredeneer het nie, maar sy latere optrede bevestig dat dit by hom swaar geweeg het.

Botha kon die vergroting van Suid-Afrika nie as argu-

---

3. Ibid.

4. Senaatsnotule, spesiale sitting, kol. 18, 12.09. 1914.

ment vir sy optrede aanvoer nie, want die Britse voorwaarde was duidelik dat die toekoms van Duitswes by die Vredeskonferensie beslis moes word. Baie Afrikaners was ook daarteen gekant dat die Unie sy grense deur middel van geweld moes uitbrei. Botha voer dus in die Senaat aan dat die doel nie was om die Unie se grondgebied uit te brei nie. Die kwessie van die verandering van die grense sou nie deur die stap beslis word nie. Dit sou op die slagveld van Europa beslis word.<sup>5</sup>

Die binnelandse onrus wat die besluit veroorsaak het, en die probleme wat met die inval ondervind is, het dit 'n baie duurder onderneming gemaak as wat dit aanvanklik vermoed is. Voor die einde van 1914 het Smuts al verklaar dat Duitswes nie aan die Duitsers teruggegee kon word nie "otherwise it would yearly become a more threatening danger and an expensive menace to the security and prosperity of the Union."<sup>6</sup> Die goewerneur-generaal, Lord Buxton, het hiermee saamgestem. Ook die Britse minister van kolonies, Lewis Harcourt, het aanvaar dat dit "onredelik en onmoontlik" sou wees om te verwag dat die Unie-regering weer van Duitswes afstand moes doen.<sup>7</sup> Hy het ook gemeen dat dit dalk moontlik sou wees om Duitswes vir Mosambiek van die Portugese te ruil, en ver-

5. Ibid., kol. 18, 18.12.1914.

6. Hyam, R., op.cit., p. 26.

7. Ibid., pp. 26 - 27.



soek Buxton om van die Botha-regering te verneem of hulle ten gunste van so 'n plan sou wees.<sup>8</sup> Buxton se vermoede was reg: "They hanker terribly after Delagoa Bay and they would like to get Beira so as to hem in the Chartered Company in anticipation of Rhodesias' coming into the Union."<sup>9</sup>

Om verskeie redes het Smuts self nie veel moed gehad dat die Portugese vir so 'n ruiling van gebiede te vinde sou wees nie. Hy het 'n ander "groter" idee gehad wat hy wou implementeer. Indien Oos-Afrika verower en geannekseer kon word, kon die noordelike deel daarvan by Brits-Oos-Afrika gevoeg word en die suidelike en sentrale dele by die Portugese geruil word vir die suidelike en sentrale dele van Portugees-Oos-Afrika (Delagoabaai en Beira). Dit sou ook daartoe lei dat Rhodesië hom verplig voel om by die Unie aan te sluit. Die volgende jaar herinner hy Buxton daaraan dat hy die verruiling van Duits-Oos-Afrika vir Mosambiek met hom bespreek het, en dat Harcourt met die gedagte ingestem het. Dit sou goed wees as Buxton ook die opvolger van Harcourt, Bonar Law, wou pols. Hy het bygevoeg dat dit ondenkbaar is dat die Duitse gebiede na die oorlog aan Duitsland teruggegee moet word, na al die bloed en geld wat

---

8. Harcourt aan Buxton, 27.03.1915 en 17.06.1915, soos aangehaal by Ibid., p. 27.

9. Hyam, R., op.cit., p. 27.

daar gespandeer word. "The settlement after the war will present a unique opportunity for solving big outstanding questions among which I include Rhodesia and Mozambique," het Smuts aan Buxton geskryf.<sup>10</sup> Vir genl. Botha het hy hoopvol bygevoeg: "Zodat wij een groot Zuid-Afrika van de Kunene tot de Zambesi rivieren in ons leeftyd kunnen zien."<sup>11</sup>

Intussen het genl. Botha die ideaal van 'n groter Suid-Afrika op 'n ander wyse nagestreef. Hoewel die Eerste Minister in sy toespraak in die oorlogsdebat in die spesiale sitting van die parlement op 9 September 1914 die versekering gegee het dat die ekspedisie na Duitswes nie met die oog op die uitbreiding van Suid-Afrika se grondgebied onderneem word nie,<sup>12</sup> het hy baie gou van mening verander. 'n Brief wat hy van 'n ander minister, sir D.P. Graaff ontvang het kon dalk daartoe bygedra het. Sir David Graaff skryf: "Harcourt and I took up a strong attitude that when once German Southwest Africa was taken it would be difficult indeed to get our people to give up the territory. You are also reported as having spoken of taking possession of only one part of the territory. I hope that the whole of German Southwest Africa will be taken, and when once ta="

10. P.M. 410, Smuts aan Buxton, 28.09.1916 (afskrif).

11. Ibid., Smuts aan Botha, 27.09.1916.

12. Hansard, 09.09.1914, kol. 91.

ken formerly annexed, and that you will immediately commence to administer it - always keeping in view the fact that possession is nine points of the law."<sup>13</sup>

Op 2 Junie 1915 laat genl. Botha dan ook uit Windhoek weet dat sy kollegas aandag aan die administrasie van Duitswes-Afrika moet gee. Hy het gemeen dat hulle met die oog op die verkiesing, wat later in die jaar sou plaasvind, dit sterk onder die aandag van die kiesers moes bring dat die anneksasie van die gebied 'n gulde geleentheid bied om meer grond te verkry. Meer poste sal ook in die polisie en administrasie beskikbaar wees.<sup>14</sup>

Pas na genl. Botha se terugkoms in Suid-Afrika het hy dan ook op Bank, in sy kiesafdeling Losberg, gesê dat hy tot ander insigte gekom het wat Duitswes betref. Hy het die land gesien, en dit hou groot beloftes vir boerdery in. Duisende plase sou daar vir boere uit Suid-Afrika beskikbaar wees.<sup>15</sup>

Met die oog op die latere inbesitname van die gebied, wou genl. Botha deur gunstige vredesvoorwaardes te bied, die bevolking so min as moontlik antagoniseer. Hy wil

13. P.M. 406, D.P. Graaff aan Botha, 10.09.1914.

14. Hancock, W.K., (red.), Selections from the Smuts Papers, p. 289. Hierna Smuts Papers genoem.  
Botha aan Smuts, 02.07.1915.

15. De Volkstem, 24.08.1915. Botha te Bankstasie.

die Duitsers se eergevoel nie onnodig kwes nie, skryf hy by geleentheid aan Smuts. Hy weet hoe bitter die eis van onvoorwaardelike oorgawe in 1902 vir hulle was.<sup>16</sup> Om dieselfde rede wou hy nie 'n Engelssprekende administrateur vir Suidwes aanstel nie, "aangesien die Engelse se antagonisme teen die Duitsers so groot is dat niks dit voorlopig sal verander nie, asook nog hulle verbittering teen die Afrikaners in die land wat grotendeels by Maritz gestaan het."<sup>17</sup>

Genl. Botha was dan ook vir uiters billike vredesvoorwaardes te vinde. Veral die tweede vooropgestelde bepaling het skerp reaksie uitgelok. Dit het gelees: "The active troops under their own officers will be placed together at a place to be determined by General Botha. They keep their arms and three mounted batteries which are the guns of the regular troops, without any ammunition for the latter, but with 25 rounds per rifle. They remain under the control of the Commander of the Protectorate troops and a Commander to be appointed by Gen. Botha, who at least has to have taken the same rank as the Commander of the Protectorate troops."<sup>18</sup>

Die sekretaris van verdediging het hierteen groot be=

16. Smuts-Argief, Botha aan Smuts, 22.05.1915.

17. Smuts Papers, III, pp. 289 - 290, Botha aan Smuts, 02.07.1915. Maritz wou die Duitsers in Duitswes gaan help het.

18. Smuts-Argief, Smuts aan Botha, 1915.

sware aangeteken. Sy mening was dat as die Duitsers toegelaat word om hulle wapens te behou, die Britte in Suid-Afrika bitter ontevrede sou wees. Dit sou ook in die buiteland 'n skadelike uitwerking hê. Daar is geen presedent vir sulke billike terme aan 'n vyand wat so totaal onderwerp is nie, en dit skep die indruk dat die Suid-Afrikaanse regering daarmee sy oog op moontlike Duitse oorwinning hou, was sy argument.<sup>19</sup>

Genl. Smuts was dit eens met sy sekretaris. Hy vrees 'n omwenteling in die militêre opinie indien vrede op so 'n onverklaarbare wyse gesluit word, het hy geskryf. Die Engelse bevolking in Suid-Afrika sal eenparig daarteen wees, terwyl hulle Afrikaanse vyande hulle sal bespot en hulle Engelse vriende dit nie sal begryp nie. Die hele wêreld sal dink daar sit iets agter so 'n vrede, want na 'n roemryke oorwinning soos genl. Botha behaal het, sal so 'n onverklaarbare vrede genoeg wees om 'n bron van agterdog te skep. Hy vra dat ter wille van hul vriendskap en sy jaloesie op Botha se goeie naam, Botha vrede moet sluit op die basis dat gewone politici en soldate ontwapen en geïnterneer word en dat offisiere met behoud van wapens op sekere plekke, apart van die troepe, parool kry. Anders sou dit beter wees om die oorlog voort te sit.<sup>20</sup> Smuts was bang dat die gunstige voorwaardes wat

---

19. Ibid., Brown aan Smuts, ongedateerd.

20. Ibid., Smuts aan Botha, 07.07.1915.

Botha bereid was om aan te bied, die Duitsers in 'n posisie sou stel om later te sê hulle is nooit werklik verower nie.<sup>21</sup>

Die moontlike afronding van Suid-Afrika se grense was gedurende 1916 'n voortdurende onderwerp vir bespiegeling. J.X. Merriman, eerste minister van die Kaapkolonie 1908 - 1910, het gewonder of Oos-Afrika 'n swart gebied onder 'n wit heerskappy sou word, "a sort of African India in which South Africa might play the same part that Scotland has played in British India by supplying soldiers and administrators and in becoming a field for the ambitions of our young men."<sup>22</sup>

Toe daar uiteindelik besluit word om Duitsoos-Afrika binne te val is die opperbevel aan Smuts gebied. Na 'n aanvanklike weiering het hy dit tóg aanvaar toe 'n tweede geleentheid hom voordoen. Suid-Afrika het hulp in die vorm van troepe gestuur sodat die Unie seggenskap kon kry in die herverdeling van dié gewestes na die oorlog.

Vroeg in Februarie 1917 het Buxton en Smuts lank oor die toekoms gesels. Laasgenoemde het ook weer aan die Imperiale oorlogskabinet verduidelik hoe Duitswes en Mo-

21. Ibid., Smuts aan Botha, telegram.

22. Smuts Papers, pp. 310 ; 374.

sambiek aan Suid-Afrika 'n natuurlike grens sal verskaf en dit sal afrond as 'n kompakte subtropiese gebied. Hy het egter bygevoeg dat Portugal nie vrywillig sal ruil nie, tensy 'n kontantbedrag op die koop toegegee word. Hy het gemeen die Portugese het geldelike hulp vir ontwikkeling nodig. Lord Curzon, 'n Britse minister, het besware geopper en daarop gewys dat dit te veel van Portugal gevra is. Delagoabaai was 'n groot finansiële bate vir Portugal en 'n besitting waarop hulle besonder trots was. Daar is ook op gewys dat Portugal aan die oorlog deelneem hoofsaaklik om dit vir Brittanje moontlik te maak om oortreding van hulle territoriale en soewereine magte te voorkom. Op sy beurt het Smuts op die gevaar van 'n Duits Mittelafrika van kus tot kus dwarsoor Sentraal-Afrika noord van die Zambesi gewys.<sup>23</sup>

Genl. Botha se planne vir 'n groter Suid-Afrika het effens van dié van Smuts verskil. Hy het dit so gestel: "South Africa must be so rounded off that Delagoa Bay right up to the Zambesi should belong to the Union, then that we should surrender the upper portion of German South West Africa to the Portuguese."<sup>24</sup>

Die teenstand wat Smuts by die Imperiale oorlogskabinet ondervind het, en die feit dat die Portugese agter-

23. Hyam, R., op.cit., pp. 29 - 30.

24. P.M. 409, Botha aan Merriman, 10.10.1916.

dogtig geraak het, het vir Smuts laat besluit dat die hele kwessie van Mosambiek se inlywing tot na die oorlog agterweë moes bly. Hy het gemeen dat die Britte dan Mosambiek namens Suid-Afrika moes koop.<sup>25</sup> Die Suid-Afrikaanse kabinet het die besluit om Mosambiek te koop eenparig goedgekeur.<sup>26</sup> Merriman het dié besluit ook gesteun.

Vir hom was die teruggawe van Duitswes ewe ondenkbaar en sy mening was dat dit tragiese gevolge sou hê. Hy spreek egter die vrees uit dat die Duitse kolonie na die oorlog oorboord gegooi sal word as 'n "sort of tub to the whole when it comes to European sentiment." Nie een van die geallieerdes sal daarvan hou dat die Britse invloed uitgebrei word nie. Hy het ook gemeen dat die Nasionale Party nie ten gunste van die inlywing van Duitswes sou wees nie.<sup>27</sup> Botha was egter vasberade: "In fact if it (Duitswes) should be returned, it will make me personally alter my line of political action completely and force me into an attitude diametrically opposed to the one I have hitherto adopted", het hy verklaar.<sup>28</sup>

In Februarie 1918 spoor Botha weer vir Smuts aan om

25. P.M. 411, Smuts aan Botha, 13.07.1917.

26. Ibid., Brebner aan Botha, 18.07.1917.

27. P.M. 413, Merriman aan Botha, 23.11.1917.

28. Ibid., Botha aan Merriman, 12.12.1917.



vas te staan oor die Portugese gebied. Hy sê dit is 'n kwessie wat hulle in hul guns moet afhandel. Mosambiek moet uitgekoop word en die Unie moet daarvoor betaal. Wat Duitswes betref, hulle moet dit behou, want hulle en die Duitsers sal nie meer op vriendskaplike voet kon saamlêef nie. Dit is 'n nasie wat nooit vergeet nie en wat die hoogste organisatoriese vermoë besit. Hulle verblyf in Duitswes is die grootste gevaar wat Suid-Afrika uit die oorlog kan erf.<sup>29</sup>

Op 14 Maart 1918 het Botha 'n memorandum aan Buxton voorgelê waarin hy die toekoms van die Duitse kolonies bespreek, en waarin hy daarop aandring dat Duitswes deur die Unie behou moet word. As dit teruggegee word aan Duitsland sal hulle in 'n baie sterker posisie as voorheen wees om die verloop van sake in die Unie te beïnvloed omdat die spoorwegstelsels nou verbind is en die "dislojale element" in die Unie groter geword het.<sup>30</sup>

Botha het verder betoog dat die wyse waarop die Duitsers die inboorlinge behandel wel seker tot onrus sal lei. Dit sal weer op groot skaal tot die koste van die Unie se verdediging bydra. Hy het gemeen dat inlywing by die Unie die enigste moontlikheid vir Duitswes is, hoewel hy bygevoeg het dat die Unie nie beheer oor Duits-

29. P.M. 412, Botha aan Smuts, 26.02.1918.

30. Buxton Papers, soos aangehaal by Hyam, R., op.cit., p. 30.

wes wou verkry om sy militêre eersug, sy grootheidswaansin of sy landhonger te bevredig nie. Sy rede is: "Because we want to be secured in the peaceful possession and development of our own territory and secured from intrigue."<sup>31</sup> Hierdie doelstelling kon nie met Duitsland as buurman bereik word nie, het Botha gemeen, en bygevoeg dat Suid-Afrika reeds bewys het dat hy in staat is om die gebied suksesvol te administreer. Op handelsgebied kan die twee gebiede maklik as 'n geheel behandel word.<sup>32</sup>

Dit is duidelik dat Botha die werklike rede vir sy pogings om beheer oor Duitswes te kry verswyg of probeer versag het. Daar was wel 'n sterk begeerte om groter grondgebied te verkry. Daarby moet gevoeg word dat die Unie-regering begerig was om van Duitsland, as 'n Europese moondheid in Afrika, ontslae te raak. Botha wou graag Suid-Afrika se invloed in Suidelike Afrika uitbrei. By hom was daar boonop die begeerte om Duitswes vir blanke kolonisasie oop te stel. Daar was baie Afrikaners wat net potensiële boere was, maar vir wie grond nie beskikbaar was nie. Dit het 'n geweldige arm-blanke probleem geskep. Botha wou 10,000 Afrikaners in Duitswes as boere laat vestig, hoewel hulle ook as 'n halfmilitêre mag sou dien om die gebied te beskerm.<sup>33</sup>

---

31. Ibid.

32. Ibid.

33. Ibid., Nota deur Buxton, 10.08.1915.

Goewerneur-generaal Buxton het op sy beurt in 1919 sekere voorstelle vir die herverdeling van grond gedoen. Dit moes as basis vir verdere bespreking dien. Hy wou sien dat Portugal se besittings suid van die Zambesi aan die ooskus hom ontnem word. Delagoabaai moet na die Unie gaan en Beira na Suid-Rhodesië. Die Sabirivier moes as grens dien. Dit sou 'n geskikte beloning vir die Unie se oorlogspoging wees. Die inlywing van Swaziland sou dan vanselfsprekend 'n natuurlike gevolg van die uitbreiding van die Unie na Delagoabaai wees. Hy het egter gemeen dat die tyd vir die oordrag ryp was en dat dit reeds vroeër sou geskied het as die oorlog nie uitgebreek het nie.<sup>34</sup>

Buxton se verdere idee was dat Duitsoos-Afrika verdeel moes word. Portugal kon Dar-es-Salaam in Tanganjika kry en die helfte van die Sentrale spoorweg. Die res kon by Noordoos-Rhodesië en Njassaland gevoeg word om 'n Sentraal-Afrikaanse protektoraat te vorm. Omdat Portugal moes skuif na die suidoostelike deel van Tanganjika, sou 'n "Kaap na Kairo-plan" nog moontlik gewees het aan die oostelike kant van die Victoriameer. Buxton het gemeen dat die Portugese hulle sleg gedra het in die oorlog. Tegnies was hulle bondgenote, maar hulle simpatie het by die Duitsers gelê. Daarom verdien hulle om grondgebied

---

34. Ibid., Staatsekretaris aan Milner, 10.07.1919.

te verloor.<sup>35</sup>

Tot Desember 1919 was Duitswes onder 'n militêre regering van die Unie. Met die beëindiging van die oorlog waarin Duitsland verslaan is, was die vraag wat om met die voormalige Duitse kolonies te maak. Sommige afgevaardigdes by Versailles was ten gunste van die idee van anneksasie van 'n Kolonie deur die oorwinnaar. Ander het weer internasionale beheer verkies.<sup>36</sup>

Botha en Smuts het die Unie te Versailles verteenwoordig waar Smuts, wat 'n groot rol in die Britse oorlogskabinet gespeel het, die inlywing van Duitswes by die Unie voorgestel het. Omdat die beginsel van selfbeskikkingsreg soos vervat in die Veertien Punte van President Woodrow Wilson, die Amerikaanse president, destyds die regstreekse inlywing van Duitswes bemoeilik het, is 'n spesiale formule gevind om by name vir Duitswes voorsiening te maak. Genl. Smuts het 'n oplossing aangebied met sy idee van 'n Mandaatstelsel. Dit het geïmpliseer dat die betrokke gebied onder die voorgdyskap van die Volkerebond geplaas word en dat verskillende lande die eertydse Duitse Kolonies moes administreer.<sup>37</sup>

Daar was drie soorte mandate, A, B en C. Duitswes was

35. Ibid., Buxton aan Milner, 10.07.1919, soos aangehaal by Hyam, R., op.cit., p. 31.

36. Bruwer, J.P. van S., Suidwes-Afrika, p. 17.

37. Ibid., p. 18.

'n C-mandaat en volgens die mandaat kry die Unie-regering die bevoegdheid om die administrasie van Duitswes te be= hartig en wette vir hom te maak as onafskeidbare deel van die Unie, maar onderworpe aan plaaslike wysigings soos die omstandighede mag vereis. Jaarliks moes dan verslag gedoen word aan die Volkerebond. Die gebied se toekoms is sō onherroeplik aan die Unie verbonde.<sup>38</sup>

Vir sy bydrae tot die oorlog het Suid-Afrika dus net 'n mandaat oor Duitswes gekry. Dit was die enigste sukses van die ekspansionistiese beleid, en was ook nie 'n ongekwalifiseerde sukses nie. Die Unie-regering het volle magte gekry, behalwe dat sekere beperkings in verband met die inboorlinge daargestel is. Smuts het Duitswes in die praktyk behandel asof dit geannekseer was. Die Duitsers het ook 'n paar puik prestasies agtergelaat. Stede soos byvoorbeeld Windhoek en Luderitz is ontwikkel, spoorwegaansluiting met die Unie kon nou voltooi word en die diamantontwikkeling was op 'n goeie grondslag.<sup>39</sup>

Die Suid-Afrikaanse regering het die gebied dadelik gekoloniseer. 'n Stormloop om grond het begin en vir die eerste 76 plase was daar 800 aansoeke. Teen die einde van 1925 was daar al 880 plase toegeken en het die blanke bevolking sedert 1914 verdubbel, ten spyte van die

38. Bruwer, J.P. van S., The Disputed Land, p. 86.

39. Hyam, R., op.cit., p. 31.

feit dat 6,000 Duitsers gerepatrieër is. Die Suid-Afrikaanse regering was vrygewig en voornemende setlaars kon groot lenings kry wat later kwytsgekeld is, damme is gebou, boorgate gesink en paaie aangelê.<sup>40</sup>

Aan die ander kant van Afrika het pogings om beheer oor Mosambiek te kry totaal misluk. Dit is ironies dat Smuts een van die uitvinders van die mandaatstelsel was met die idee dat dit 'n wyse mag wees om die Portugese kolonies onder internasionale beheer geplaas te kry. Dit kon dus as verskoning vir Suid-Afrikaanse inmenging gebruik word. In plaas hiervan, was dit die Duitse kolonies wat onder mandaat geplaas is, iets wat Smuts ten alle koste wou vermy. Sy planne het geboemerang.

Gedurende die vredessamesprekings te Versailles het Smuts die anneksasie van die Belgiese Kongo en Mosambiek so ernstig oorweeg dat die Belgiese en Portugese regerings beswaar gemaak het. 'n Beter geleentheid vir die uitbreiding van Suid-Afrika se grense sou hom egter nie gou weer voordoen as met die samesprekings nie. Botha skryf dus aan Smuts dat die kwessie opgehaal en in Suid-Afrika se guns beklink moes word. Mosambiek moes van Portugal gekoop word.<sup>41</sup> Die Britse regering was ook bereid om die hele kwessie te oorweeg en Smuts is genooi

---

40. Ibid., p. 32.

41. Smuts Papers, Botha aan Smuts, 26.02.1918.

om 'n memorandum daaroor aan die Oorlogskabinet voor te lê. Daarin het hy aangedring op die anneksasie van Mosambiek en die Belgiese Kongo, "omdat die Ryk arm aan koper was." Te Parys in 1919 het Botha en Smuts vriendskaplike kontak met die Portugese afgevaardigdes gemaak en Mosambiek bespreek. Die Portugese is egter teruggeroep na Lissabon en dit het vordering verhoed.<sup>42</sup>

Die ooreenkoms van 1909 tussen Transvaal en Mosambiek sou in 1923 verstryk. In 1921 is samesprekings dus begin om 'n nuwe ooreenkoms te bereik. Die brandendste kwessie was spoorweg en hawefasiliteite asook die werwing van nie-blanke arbeid vir die myne op die Witwatersrand. Swak fasiliteite en toesig in 'n belangrike hawe soos Delagoabaai, was 'n steen des aanstoets en Smuts het gepoog om 'n onafhanklike kommissie aangestel te kry om daaroor beheer te voer en waarin Suid-Afrika die meerderheid lede sou hê. Hy wou ook 'n deel van Delagoabaai deur Suid-Afrika beheer en van fasiliteite voorsien sou word. Toe die Portugese weier omdat dit inbreek op hulle soewereiniteit sou maak, het Smuts gedreig om 'n nuwe spoorweg deur Zululand na 'n nuwe hawe verder suid in Uniegebied, naamlik Kosibaai, te bou.<sup>43</sup>

---

42. Hyam, R., op.cit., pp. 32 - 33.

43. Ibid., pp. 33 - 34.

Smuts het waarskynlik gemeen dat Mosambiek dan sal dood bloei en dit vir Suid-Afrika 'n kans op inmenging sou bied. Smuts het die Portugese se terme totaal verwerp. Verder het die Portugese gevoel dat Smuts nie tot 'n ooreenkoms wou instem nie as gevolg van sy onwrikbare houding. Die meerderheid van die Portugese in Mosambiek en Portugal was seker dat Smuts die provinsie begeer het en dat hy vasbeslote was om dit een of ander tyd te annekseer. Smuts het juis in 'n toespraak op Caledon gesê: "There was no limit to northern expansion: and South Africans must not be content with their present boundaries, but must instead always be pushing forward the beacons."<sup>44</sup>

Omdat Suid-Afrika so 'n aggressiewe houding openbaar het, het die Portugese gevoel dat dit vrugteloos was om te onderhandel. Voor dit kon gebeur moes Suid-Afrika eers Portugal se koloniale besittings respekteer. Die gevolg was dat 'n nuwe ooreenkoms eers in 1928 aangegaan is, dit wil sê nadat genl. J.B.M. Hertzog eerste minister geword het en Mosambiek Portugese eiendom gebly het.

---ooo000ooo---

---

44. Ibid., p. 34.



2. TOESTANDE EN VERHOUDINGE MET BETREKKING TOT  
DIE HOË KOMMISSARIS-GBIEDE KORT VOOR EN NA  
1910 TOT 1924

2.1 Britse beheer oor die Hoë kommissaris-gebiede

Betsjoeanaland, Basoetoland en Swaziland is voor hulle onafhanklikheidswording gesamentlik die Hoë kommissaris-gebiede, Protektorate of die Brits Suid-Afrikaanse gebiede genoem. Oor die algemeen is die gebiede geïsoleer, taamlik arm en onderontwikkel, maar die gebiede is in totaal verskillende omgewings geleë. Basoetoland is baie bergagtig, Betsjoeanaland halfwoestynagtig en Swaziland wat in die Transvaalse Laeveld geleë is, het weer vrugbare landbougrond.<sup>1</sup>

Die gebiede het onder Britse beheer gekom tydens die laaste gedeelte van die negentiende eeu tydens die stryd tussen Boer en Brit in Suidelike Afrika; Basoetoland 1884, Betsjoeanaland 1885 en Swaziland 1906. In elk van hierdie gebiede was die Hoë Kommissaris, bygestaan deur 'n resident kommissaris, in beheer. Hy was die enkele wetgewende mag in 'n stelsel bekend as indirekte beheer. Die administratiewe verantwoordelikheid met betrekking tot interne sake was in die hande van die opperhoofde wat hulle tradisionele politieke en regterlike magte ge-

1. Stevens, R.P., Lesotho, Botswana and Swaziland, p. 1.

handhaaf het. As die inwoners nie tevrede was met hierdie regeringstelsel nie, het die vrees vir Suid-Afrika dit verdring soos ons later sal sien.<sup>2</sup>

Die lot van die drie Hoë Kommissaris-gebiede is as een van die hoofpunte beskou tydens onderhandelinge wat die Vrede van Vereeniging in 1902 voorafgegaan het. Daar was uiteenlopende standpunte oor Bantoesake, anders sou daar waarskynlik reeds by hierdie geleentheid finaliteit oor die toekoms van die gebiede gekom het. Weens die verskil in siening is besluit om die saak te laat oorstaan tot met die toekenning van selfregering aan die eertydse Boererepubliek.<sup>3</sup>

Klousule 8 van die Verdrag van Vereeniging het bepaal dat die kwessie van die verlening van stemreg aan Bantoes eers na die toekenning van selfbestuur beslis sou word. Toe Transvaal in die grondwet van 1906 geweier het om aan die natuurlike politieke regte te verleen, het die Britse Regering bepaal dat, hangende 'n toekenning van verteenwoordiging aan natuurlike, geen natuurlikegebiede wat deur die Hoë Kommissaris geadministreer word onder die beheer van 'n verantwoordelike regering geplaas sal word nie.<sup>4</sup> In dieselfde jaar het Britse Parlementslede onder

2. Ibid., p. 2.

3. Dundas, C., Ashton, H., Problem Territories of Southern Africa; Basutoland, Bechuanaland Protectorate, Swaziland, p. 30.

4. Perham, M., Curtes, L., The Protectorates of South Africa, p. 12.

leiding van Sir Charles Dilke, 'n memorandum aan die Imperiale regering voorgelê waarin hulle daarop aandrings dat die Brits-beheerde Bantoegebiede onder direkte beheer van Engeland moet kom.<sup>5</sup>

## 2.2 Die Nasionale Konvensie van 1908 - 1909

Hiermee is die moontlike inlywing van die drie gebiede op die lange baan geskuif. Dit sou eers weer geopper word toe die Nasionale Konvensie van 1908 - 1909, waaraan dit opgedra was om 'n konsepwet vir die unifikasie van die voormalige vier Suid-Afrikaanse kolonies op te stel, vergader het. Met die eerste vergadering van die Nasionale Konvensie is algemeen aanvaar dat die Suid-Afrika-Wet voorsiening sou maak vir die inlywing van die drie protektorate by die Unie.<sup>6</sup>

Die inwoners van die betrokke gebiede was egter gekant teen moontlike inlywing. Veral Basoetoland het baie sterk hieroor gevoel en Opperhoof Letsie het in 1908 'n petisie aan die Britse koning gestuur waarin hy redes verstrek waarom Basoetoland teen inlywing gekant was. Hulle grootste vrees was dat hulle nasionale voortbestaan met inlywing beëindig sou word. In die petisie is verder vermeld dat die Basoeto's tevrede was met

5. Freemantle, H.E.S., The New Nation, p. 198.

6. Eksteen, M.C., Lesotho in Uitwaartse beweging, p. 56.

hulle huidige regeringsvorm, en dat die tyd nog nie ryp was om dit te verander nie.<sup>7</sup> Toe daar nie dadelik bevredigende reaksie op hierdie petisie gekom het nie, het Basoetoland in 1909 'n afvaardiging na Londen gestuur om die saak aan die Britse regering te verduidelik.<sup>8</sup>

Die rede waarom Basoetoland so sterk teen inlywing by Suid-Afrika gekant was, dateer terug uit die tydperk toe Basoetoland onder die administrasie van die Kaapkolonie geval het. Die Kaapkolonie wou toe 'n beleid van direkte bestuur, soos in die Transkei, op Basoetoland toepas. Die gevolg hiervan was sodanige ontevredenheid dat hulle tydens die unifikasie van Suid-Afrika, van die begin af teen inlywing gekant was. Hulle het gevrees dat deur inlywing dieselfde beleid as die van die Kaapkolonie op hulle toegepas sou word.<sup>9</sup>

Die Britse regering was egter op daardie tydstip ten gunste van inlywing en daarvan oortuig dat dit in die nabye toekoms sou geskied. Lord Selborne, die Britse Hoë Kommissaris, het herhaaldelik verklaar dat hy bereid was om die gebiede onder behoorlike voorwaardes aan die regering van 'n federasie of Unie in Suid-Afrika oor te dra, maar hy was persoonlik daarteen gekant dat hulle

- 
7. Rosenthal, E., African Switzerland, Basutoland of today, p. 229.
  8. Van Wyk, A.J., Lesotho, 'n Politieke Studie, p. 4.
  9. Ibid., p. 50 en verder.

by die kolonies ingelyf word.<sup>10</sup> Op grond van hierdie standpunt is die Basoeto-afvaardiging deur die Minister van Kolonies meegedeel dat, sodra die unifikasie van Suid-Afrika sou plaasvind, dit nie alleen wenslik nie, maar ook noodsaaklik sou wees dat Basoetoland en die res van Suider-Afrika onder een regering ressorteer.<sup>11</sup>

Uniewording en die oordrag van die Britse gebiede het baie nou saamgehang. Die voorsitter van die Nasionale Konvensie, Sir (later lord) Henry de Villiers, verklaar dat dit tydens sy besoek aan Brittanje duidelik was dat die Ryksregering in alles, behalwe Bantoestemreg en die protektorate, 'n vrye hand aan die Konvensie wou gee. Die Ryksregering het homself as die beskermmer en trustee van die Bantoes in Suidelike Afrika beskou, en daarom waarsku hy dat die drie protektorate nie oorhandig sou word indien die skikking van die nie-blanke stemreg as onbevredigend beskou sou word nie.<sup>12</sup>

Reeds in 1908, toe genl. J.C. Smuts die saak van inlywing van die protektorate by die Unie van Suid-Afrika by Lord Selborne aangeroer het, was dit duidelik dat Brittanje nie die gebiede sou oorhandig aan 'n regering wat sogenaamd openlik onderdrukkend was nie.<sup>13</sup> 'n An=

10. Thompson, L.M., The Unification of South Africa, 1902 - 1910, p. 124.

11. Van Wyk, A.J., op.cit., p. 4.

12. Perham, M., Curtes, L., op.cit., p. 13.

13. Eksteen, M.C., op.cit., p. 56.

der afgevaardigde wat saam met Sir Henry de Villiers na Londen was, Sir Edgar Walton, stel dit duidelik dat Brittanje nie sou toestem tot inlywing nie, tensy konstitusionele voorsiening gemaak word vir doeltreffende parlementêre verteenwoordiging vir nie-blankes in Suidelike Afrika.<sup>14</sup>

Die Nasionale Konvensie was egter nie bereid om stemreg aan die nie-blankes toe te ken nie, en die teenkantsing van die protektorate teen inlywing is gevolglik verder verskerp. Dit is dan ook om hierdie rede dat die belangrike aangeleentheid van inlywing nie met unifikasie opgelos kon word nie.<sup>15</sup>

In die lig van al die besware teen inlywing word deur die Konvensie besluit dat daar nie dadelik oor hierdie punt beslis sou word nie. Dat inlywing uiteindelik sou plaasvind, is egter op geen stadium betwyfel nie, soos uit die antwoord van die Hoë Kommissaris aan die opperhoofde van Betsjoeanaland blyk. Hy deel hulle mee dat dit nie moontlik is om te sê wanneer die gebiede by die Unie ingelyf sou word nie, maar dat dit na verloop van tyd sou moes gebeur.<sup>16</sup>

Die Nasionale Konvensie het ook oor die algemeen aan=

---

14. Thompson, L.M., op.cit., p. 124.

15. Vermoten, F., Transvaal en die Totstandkoming van die Unie van Suid-Afrika, p. 134.

16. Van Wyk, A.J., op.cit., p. 4.

vaar dat inlywing van die drie protektorate by die Unie moes plaasvind. Hulle het egter geen bepaalde voorstelle gemaak nie. Die Konvensie het hom beperk tot die opstel van 'n breë raamwerk waaronder die drie gebiede by die Unie ingelyf kon word, wanneer die tyd daarvoor ryp sou wees.<sup>17</sup>

Inlywing is finaal op die langebaan geskuif toe lord Selborne aan die voorsitter van die Nasionale Konvensie sir H. de Villiers, na aanleiding van 'n verklaring deur die Britse Kabinet skryf dat Basoetoland, wat 'n vrywillige en gehoorsame onderdaan van die Britse regering is, nie nou ingelyf moet word nie.<sup>18</sup> Omdat die Britse regeerders beseft het dat daar 'n enklave sou wees indien Basoetoland nie by Suid-Afrika ingelyf word nie, is gehoop dat die inwoners dit self sou beseft en vir oordrag sou vra.<sup>19</sup>

Sonder om finaliteit oor die voorafgaande punt te bereik, is die konsep-Suid-Afrika-Wet in Augustus 1909 aan die Britse Parlement voorgelê en goedgekeur. Met die tweede lesing het die Britse Eerste Minister, Lord Asquith, die versekering gegee dat die Parlement die geleentheid sou hê om die oordrag van die drie protektorate aan die Unie breedvoerig te bespreek en die wense van die inwoners

---

17. Ibid., p. 4.

18. Hailey, W.M., The Republic of South Africa and the High Commission Territories, p. 29.

19. Vermoten, F., op.cit., p. 134.

te toets. Hierdie belofte is daarna deur verskeie Britse regerings herhaal. Daarom is dan ook in artikel 151 van hierdie wet aan die Britse koning, op advies van die Geheime Raad, die bevoegdheid verleen om die Britse protektorate aan Suid-Afrika oor te dra, indien dit sou volg op 'n versoek van beide Huise van die Suid-Afrikaanse Parlement.<sup>20</sup>

Daar is herhaaldelik in die Britse Laerhuis daarop gewys dat artikel 151 nie 'n waarborg was dat die protektorate wel by Suid-Afrika ingelyf sou word nie, maar dit is deurentyd aanvaar dat oordrag tog sou plaasvind. By die tweede lesingsdebat in die Britse Hoërhuis op 27 Julie 1909, het die Minister van Kolonies, lord Crewe gesê: "It does not seem conceivable that for an indefinite future these areas should remain administered from here and that the new South African Union should have no lot or part in their administration."<sup>21</sup>

Die posisie van die Britse Protektorate in Suidelike Afrika het sedert die totstandkoming van die Unie in 1910 'n baie belangrike rol in die land se tussenstaatlike verhoudinge gespeel. Suid-Afrika se verhouding tot hierdie gebiede, asook tot die Britse moederland, sou ongetwyfeld een van die belangrikste fasette van Suid-

20. Eksteen, M.C., op.cit., p. 59.

21. Doxey, G.V., The High Commission Territories and the Republic of South Africa, p. 32.



Afrika se verhouding tot die res van Afrika word. Die rede hiervoor was die volgende: "They derive their importance from the fact that though geographically part of the Union of South Africa, by which Basutoland is entirely and the other two very nearly surrounded, they are administered by the United Kingdom Government and are consequently liable to become a source of friction with the Union Government."<sup>22</sup> Ook Lord Hailey verklaar dat Brittanje in 'n moeilike posisie verkeer het met die drie protektorate. Aan die een kant was hulle gebind deur morele verpligtinge en aan die ander kant het politieke oorweginge weer om die teendeel geroep.<sup>23</sup>

Nóg in artikel 151, nóg in enige ander bepaling van die Suid-Afrika Wet, is 'n tydsbeperking op die moontlike oordraging van die gebiede geplaas. Dog 'n vroeë oordraging is klaarblyklik beoog vandaar die Bylae tot die wet waarin voorsiening gemaak is vir 'n spesiale regeringsvorm vir die gebiede nā inlywing. Daar is goed beseft dat na verloop van 'n aansienlike tydperk die maatskaplike, kulturele en ekonomiese toestande van daardie gebiede moontlik soveel kon verskil van wat hulle was toe die Wet aangeneem is dat die vorm van regering wat in die Bylae voorgeskryf word, onprakties sou wees. Hierdie sienswyse blyk ook uit die houding van die Minister van Kolonies tydens die behandeling van die

22. Eksteen, M.C., op.cit., p. 60.

23. Hailey, W.M., An African Survey, p. 271.

Zuid-Afrika-wetsontwerp. Die Wetsontwerp is eerstens deur die Hoërhuis aangeneem en in die komiteestadium het lord Courtney van Penwith 'n wysiging van klousule 151 voorgestel wat bepaal dat 'n oordrag van die gebiede slegs kon geskied "na verloop van tien jaar na die totstandkoming van die Unie."<sup>24</sup>

Graaf Crewe, Minister van Kolonies, het hierdie voorstel geopponeer en gesê dat hy geen rede het om te veronderstel - trouens heeltemal inteendeel - dat die bestaande Suid-Afrikaanse regerings akkoord sou gaan met die beperking van tien jaar soos deur die edele lid voorgestel, dog dat hy van mening is dat hulle die sterkste beswaar sou opper teen die invoeging van so 'n bepaling. Hy het ook gesê dat uit hulle oogpunt hulle ook beswaar daarteen maak. As daar gesê word dat geen oordrag vir tien jaar mag plaasvind nie, dan kan geredeneer word dat daar goeie redes is om die Bylae glad nie in te voeg nie. Daar kan geargumenteer word dat as daar in elk geval vir tien jaar, en waarskynlik langer, geen oordrag kan plaasvind nie, dit ietwat voorbarig is om op die voorwaardes van oordrag in te gaan soos dit in die Bylae gedoen is.<sup>25</sup> Dit is derhalwe duidelik dat diegene wat verantwoordelik was vir die aanneming van die Zuid-Afrika Wet vermag het

24. Staatsdrukker, Onderhandelinge Betreffende die Oordrag van die Bestuur van Basoetoland, Betsjoeana-land-Protectoraat en Swaziland aan die Unie van Suid-Afrika, 1910 - 1930, p. 36 en verder.

25. Ibid., p. 35.

dat die gebiede binne 'n betreklike kort tydperk aan die Unie oorgedra sou word.

### 2.3 Redes vir die Inlywing van die drie Hoë Kommissaris= gebiede na 1910

Behalwe die basiese begeerte om sy grondgebied uit te brei was daar ook ander redes waarom Suid-Afrikaanse regerings hulle beywer het vir die insluiting van die protektorate by die Unie. Suid-Afrika se motiewe was egter meer polities as ekonomies geïnspireerd en prestige het 'n belangrike rol gespeel.

Geografies hoort die drie gebiede by die gebied wat die Unie van Suid-Afrika uitmaak en uit etnologiese en rasse-oogpunt is die inwoners van dié gebiede nie van die inwoners van die Unie te onderskei nie. Trouens, in verskeie gevalle woon lede van dieselfde stam aan albei kante van die huidige staatkundige grense wat dié gebiede van die Unie skei.

Geskiedkundig hoort die gebiede ook by die Unie. Basoetoland was voorheen deel van die Kaapkolonie en Swaziland was 'n protektoraat van Transvaal, en die skeidslyn tussen daardie gedeelte van Betsjoeanaland wat aan die een kant deel van die Kaapprovinsie en aan die ander kant deel van die Betsjoeanaland protektoraat uitmaak, is heel-

temal arbitrêr gekies. Dit was bloot 'n kwessie van gerief dat dit nie 'n paar honderd myl verder noord vasgestel is nie. Maar sterkste van alles was die ekonomiese band wat die gebiede en die Unie onafskeidelik saamgebind het en eersgenoemde geheel en al van die Unie afhanklik gemaak het.

Prakties gesproke het die gebiede geen ander mark vir hul produkte en veral vir hul groot arbeidsbronne, as die Unie gehad nie. Hierdie arbeidsbronne was vir die gebiede van die allergrootste belang, veral vir Basoetoland, wat onmoontlik sy bevolking kon onderhou sonder die lone wat sy arbeiders by die myne en elders in die Unie verdien het. Die bankbedryf en ander sake-ondernemings in die gebiede is hoofsaaklik uit die Unie bestuur, en vir doeane- en aksynsdoeleindes is die gebiede en die Unie reeds as 'n eenheid gereken omdat dit onprakties sou wees om elke gebied as 'n afsonderlike entiteit te behandel. En tog, ondanks die feit dat die gebiede uit 'n geografiese, rasse, historiese en ekonomiese oogpunt by die Unie hoort, word hulle deur suiwer kunsmatige grense daarvan geskei.<sup>26</sup>

Hierdie skeiding het baie nadele ingehou, wat deur inlywing bygelê kon word. Hoewel Betsjoeanaland en Swaziland vir doeanedoeleindes as deel van die Unie beskou

---

26. Ibid., p. 35 en verder.

is, kon die Unie-regering nogtans geen beheer oor die administrasie van die doeanewette in daardie gebiede uitoefen nie - 'n uiters ongerymde toestand van sake. Bowendien, omdat daar feitlik geen immigrasiebeperkings tussen die gebiede en die Unie bestaan het nie, was dit baie moeilik vir die Unie om die instroming van verbode immigrante uit die vreemde via Swaziland of Betsjoeana-land te voorkom.

Wat Basoetoland betref, was dit wenslik, sowel in die belang van die Unie as Basoetoland self, om langs die bo-lope van verskeie belangrike riviere wat hul oorsprong in Basoetoland het en deur die Unie stroom, op groot skaal stappe te doen vir die voorkoming, deur middel van bosaanplanting en ander metodes, van gronderosie wat soveel skade in die bergagtige streke van die land aangerig het. Hierdie stappe was nodig aan weerskante van die grens en kan alleen deur die Unieregering op bevredigende wyse gedoen word.

Die Unie het die allergrootste belang by die bestryding van diersiektes in die gebiede gehad en tog kon hy nie self sodanige bestryding toepas nie. Met sy uitgebreide veeartsenyorganisasie en groter hulpbronne was die Unie baie beter as die gebiede se eie administrasies in staat om diersiektes in die gebiede te voorkom of te stuit, en te verhoed dat dit van daar af na die Unie versprei.

Die onwettige handel in vuurwapens en ammunisie, die onwettige verwydering van beeste uit kwarantyngebiede en baie ander oortredings langs die grense tussen die Unie en die gebiede is in die hand gewerk deur die staatkundige skeiding van die betrokke gebiede en baie beter beheer kon daarvoor uitgeoefen word deur een polisiemag wat aan een owerheid verantwoordelik sou wees.

En ten slotte, aangesien die Swartes in die gebiede dieselfde rasse oorsprong het as die van die Unie en dikwels ook deel van dieselfde stamme uitmaak, en aangesien hulle almal soortgelyke belang gehad het, was dit noodsaaklik dat die naturellebeleid in sowel die Unie as die gebiede deur een regering vasgestel en beheer word.

Die teenstrydigheid en ongerief daarvan om die gebiede te skei van die Unie, is ten volle beseft toe die Britse Laerhuis 'n besluit geneem het waarin hy die vertroue uitgespreek het "dat Sy Majesteit se regering die aan-neming van bepalings sal verwelkom wat daarop bereken is om die uiteindelijke opneming van die hele Brits Suid-Afrika in 'n federale Unie moontlik te maak."<sup>27</sup>

Die opstellers van die Zuid-Afrika Wet het volgens hierdie besluit gehandel, want daarin is voorsiening gemaak nie slegs vir die onmiddellike unifikasie van die

---

27. Ibid., p. 36 en verder.

vier selfregerende Suid-Afrikaanse kolonies, en vir die uiteindelijke inlywing van Rhodesië by die Unie nie, maar ook (in artikel 151) vir die uiteindelijke oordrag van die gebiede aan die Unie.<sup>28</sup>

### 2.3.1 Ooreenkomste tussen die Unie en die "Protektorate"

Juis met die oog op toekomstige inlywing is in 1910 'n doeaneooreenkoms tussen Suid-Afrika, Basoetoland, Betsjoeanaland en Swaziland aangegaan.<sup>29</sup> Hierdeur is die lot van die gebiede onafskeidbaar met die van hul sterker buurman, Suid-Afrika, verbind en het die onafhanklikheid van laasgenoemde eerder toegeneem as afgeneem.

Die oorsprong van die 1910-ooreenkoms gaan so vër terug as 1889. Die Kaapkolonie en die Oranje-Vrystaat het die wenslik geag dat daar 'n tolunie tussen al die kolonies en state van Suidelike Afrika moet wees en het begin met 'n voorbereidende unie op die grondslag van vryhandel tussen die kolonies en state wat aan 'n gemeenskaplike eksterne tarief gekoppel is. Die totale ingesamelde invoerregte sou op 'n regverdige wyse onder die belanghebbendes verdeel word. Aan die vooraand van die unifikasie van Suid-Afrika in 1910 is die lidmaatskap uitgebrei na al die provinsies van die nuwe Unie en in by=

28. Memorandum oor die voorgestelde inlywing van Basoetoland, Betsjoeanaland en Swaziland by die Unie van Suid-Afrika soos in Ibid., p. 36 en verder.

29. Gouvernementskoerant, 02.08.1910. Kennisgewing nr. 274.

voeging daartoe die insluiting van Basoetoland, Betsjoeanaland, Swaziland, Suid-Rhodesië en Noordwes-Rhodesië.<sup>30</sup>

Die Unie van Suid-Afrika het die terme van die tolunie egter met betrekking tot die partye van die politieke unie oorbodig gemaak. Dit is derhalwe besluit om die tolunie te beëindig en te vervang deur 'n nuwe ooreenkoms wat ook rekening sou hou met die posisie van die gebiede wat nie deel gevorm het van die politieke unie nie. Gevolglik is 'n nuwe handelsooreenkoms tussen die Unie van Suid-Afrika en Basoetoland, Betsjoeanaland en Swaziland gesluit.<sup>31</sup>

Die ooreenkoms het vir die Hoë Kommissaris-gebiede sowel voor- as nadele ingehou. Tussen die drie gebiede was die voordele vanuit die staanspoor ongelyk versprei. Dit laat geen twyfel dat die breë bepalinge van die ooreenkoms en die wyse waarop dit uitgevoer is groot voordele vir Suid-Afrika as die sterkste staat ingehou het nie. Om by die Unie aan te sluit sou vir die drie gebiede en die Unie, beter voordele ingehou het.<sup>32</sup>

Alhoewel die ooreenkoms voorsiening gemaak het dat die algemene eksterne tarief deur Suid-Afrika en die drie protektorate verander mag word, is veranderings in die praktyk slegs deur Suid-Afrika aangebring. Raad=

30. Walker, E.A., A History of Southern Africa, p. 531.

31. Cowen, L.V., "Towards a Common Market in South Africa", Optima, Vol. 17, no. 2, p. 44.

32. Ibid., p. 45.



pleging het wel tydens die koloniale regime tussen Suid-Afrika en Brittanje plaasgevind. Nietemin het Suid-Afrika die finale sê gehad want kragtens die 1910-bedeeling word geen definitiewe voorsiening vir die gesamentlike formulering van beleid gemaak nie. Suid-Afrika het dus die beherende mag gehad om die Suid-Afrikaanse mark buite bereik van die protektorate te hou.<sup>33</sup>

Die ooreenkoms het egter wel groot voordele ingehou vir die drie protektorate, want Suid-Afrika het al die werk gedoen met die insameling en verdeling van invoere. Verder het die gebiede gedeel in die fenomenale groei van Suid-Afrika wat baie vinniger gegaan het as hulle eie ontwikkeling. Hulle het ook vrye toegang gehad vir hulle produkte tot Suid-Afrika se markte.<sup>34</sup>

Cowen is van oordeel dat, wat ook al gebeur, die gebiede vanweë hulle geografiese posisie aan Suid-Afrika verbind sal moet bly. Hy wys daarop dat dit interessant sal wees om te let wat die gevolge sou gewees het indien daar nie so 'n doeane ooreenkoms sou bestaan het nie. Die gebiede sou invoerregte kon oplê soos dit hulle pas, hulle sou hulle eie ontwikkelende industrieë kon beskerm, maar andersyds sou hulle die verantwoordelikheid en koste van die administrasie moes behartig,

---

33. Ibid., p. 46 en verder.

34. Die Vaderland, 10.01.1967.

wat 'n te groot las vir hulle finansiële- en personeelbronne sou wees. Suid-Afrika sou, indien dit hom behaag, sake vir die gebiede kon bemoeilik deur byvoorbeeld invoer- en deurvoerbelasting en differensiële spoorwegtariewe op te lê.<sup>35</sup> Inlywing van die gebiede by die Unie sou dus 'n aanvaarbare oplossing gewees het.

#### 2.4 Die Mislukkings van Botha en Smuts

Die aantreklikheid van die Hoë Kommissaris-gebiede vir die blanke Suid-Afrikaners was te verstane. Lord Selborne, Hoë Kommissaris vanaf 1905 - 1910, het dit gestel dat die blanke boere alles in hulle vermoë sou doen om grond vir plase in die hande te kry: "It will become a point of honour to every South African, Briton or Boer to get control over them." En alreeds teen 1907 het Suid-Afrika die gebiede as 'n las beskou.<sup>36</sup>

Elke jaar is duisende skape vanaf die Transvaal na Swaziland gestuur om voordeel te trek uit die streekse wintervoeding. Die land was vrugbaar en daar was meer as genoeg water. Die Unie het dit oorweeg om Afrikaanse boere permanent op Swazi kroongronde te plaas. Om dit te keer het Lord Buxton, die goewerneur-generaal in 1917 dringend gevra dat die grond

35. Cowen, L.V., op.cit., p. 49.

36. Colonial Office Records, 417/459/29921, Elgin Papers, 24.05.1907, soos aangehaal in Hyam, R., The Failure of South African Expansion, 1908 - 1948, p. 72.

eerder aan Britse boere verkoop moes word. Die Unie-regering het besef dat hy meer grond nodig het om die probleem van die toenemende aantal boere op te los. So het die Unie die Naturelle Landwet deurgevoer ten opsigte van grond wat nog nie bewoon was nie - dit sou nooit vir die Swartes beskikbaar kon wees nie.<sup>37</sup>

Omdat Duitswes vanaf 1919 meer die Unie se aandag ge-niet het, het die klem 'n bietjie weggeskuif van die Hoë Kommissaris-gebiede om grondgebied in die hande te kry. Die klem het dus verskuif na ander aangeleenthede. Groter bekommernis is uitgespreek oor gronderosie in die Hoë Kommissaris-gebiede wat deur die riviere en winde veroorsaak is. Sou Basoetoland dalk half-weggespoel word voordat die Unie dit in die hande kry? Dit sou weer bydra tot die spandering van groot hoeveelhede kapitaal om die grond weer reg te kry en daarvoor was die Unie nie baie gelukkig nie.<sup>38</sup>

Verder was daar die probleem van veesiektes en veral Betjoeanaland met sy baie beeste was hier die groot sondebok. 'n Mnr. S. du Plessis, lid van die Volksraad, het dit genoem: "This hothouse hatchery of disease and vermin."<sup>39</sup>

37. Ibid., 417/594/5883 soos oorgeneem uit Ibid., p. 72.

38. Parlementsverslag van die Unie van Suid-Afrika, 27/5926, Grobler oor gronderosie, 11.06.1936.

39. Ibid., 23/2757, S. du Plessis in parlement, 25.04.1934.

Afgesien van die basiese strewe om grond te bekom, was daar ook ander motiewe om uitbreiding te rugsteun. Op die verskillende tye is die verskillende motiewe dan ook gebruik soos die gepaste geleentheid hom voorgedoen het om Suid-Afrika se aansprake te regverdig. Volgens L. Marquard was Suid-Afrika se belangstelling in die Hoë Kommissaris-gebiede meer polities as ekonomies van aard. Prestige was ook deurentyd prominent in die pogings tot gebiedsuitbreiding. Dieper geleë binne hierdie motiewe was 'n historiese grief. Soos ons reeds gesien het, as dit nie vir Groot Brittanje was nie, sou al drie gebiede onder Suid-Afrikaanse beheer gewees het.<sup>40</sup>

#### 2.4.1 Botha se versoeke en optredes, 1911 - 1914

Die vroegste versoeke om oorplasing verskil van al die ander daarin dat hulle die steun van die Goewerneur-generaal, Lord H. Gladstone, gehad het. Dié steun vir die Afrikaner se doelstellinge is nie gesteun deur die Britse regering nie - veral nie deur die Minister van Kolonies, Lewis Harcourt, nie.<sup>41</sup>

Wat die inlywing van die protektorate, en veral Swaziland betref, het genl. Botha geen gras onder sy voete laat groei nie. Reeds in April 1911 het hy vir Lord

40. Marquard, L., The Peoples and Policies of South Africa, p. 230.

41. Hyam, R., op.cit., p. 82.

Herbert Gladstone in kennis gestel dat die Suid-Afrikaanse regering van mening is dat die tyd vir die oorhandiging van Swaziland aan die Unie aangebreek het. Botha sê: "In Groot deel van die grond in Swaziland behoort aan die inwoners van Transvaal en baie van hulle trek heen en weer met hulle vee. 'n Definitiewe poging sal nou deur die Unieregering aangewend moet word om die veesiektes uit te wis en in die lig van die konstante rondtrekkery is dit rede genoeg om hierdie gebied in te lyf. As gevolg van sy verhouding met die Unie is Swaziland anders as die ander protektorate en geskik vir onmiddellike inlywing. Swaziland het ook reeds 'n groot blanke bevolking wat sekerlik sou aangroei",<sup>42</sup> aldus Botha.

Botha se voorstelle mag gespruit het uit partypolitieke druk. Persoonlik het hy miskien nie die dringendheid van oorplasing ingesien nie, omdat hy geweet het dat dit geweier sal word. Botha het egter wel gesê dat hy angstig was vir oorplasing. Met Botha se besoek aan Londen kort daarna om die Imperiale Konferensie by te woon, het hy die inlywing van Swaziland ook met Lewis Harcourt, die Minister van Kolonies, bespreek. Harcourt het hom omgepraat om nie oorhaastig te werk te gaan nie. Sy vernaamste argument was dat die oordrag van Swaziland sou beteken dat die Naturellekommissie, waarvoor in die

---

42. Colonial Office Records, 417/502/15689, Botha aan Harcourt, 24.04.1911, soos oorgeneem uit Hyam, R. op.cit., p. 83.

aanhangsel tot die Suid-Afrikawet voorsiening gemaak is, aangestel sou moes word. Dit kon weer daartoe lei dat druk uitgeoefen word om die ander protektorate ook oor te dra, wat op sy beurt weer tot sterk proteste van die inwoners sou lei. Botha se vasberade pogings om Harcourt tot onmiddellike oordraging oor te haal was nie suksesvol nie.<sup>43</sup>

Botha se haas om die protektorate in te lyf hou eersens sterk verband met die pogings om die swart probleem op te los. Sy mening was dat indien Swaziland, Basoetoland en Betsjoeanaland aan Suid-Afrika afgestaan kon word, die kwessie opgelos kon word deur aan die inwoners selfregering onder beheer van die Unie-regering te gee. Streke wat op hierdie wyse vir die etniese groepe gereserveer kon word, sou benewens die protektorate ook die Transkei, Zoeloeland en 'n gedeelte van die Soutpansberg-gebied insluit. Blankes moes nie toegelaat word om grond in die protektorate te besit nie en omgekeerd sou Swartes nie grond in blanke gebiede mag koop nie. Die Eerste Minister het gemeen dat so 'n reëling 'n einde sal maak aan die Imperiale regering se invloed oor swartsake in Suid-Afrika. Daarbenewens sou die Swartes op hierdie wyse liberale behandeling ontvang en sou dit ook groter vertroue onder die Blankes wek aangesien dit die begin sou

43. Smuts Papers, III, Botha aan Harcourt, p. 37.

wees van die poging om Suid-Afrika op 'n praktiese wyse 'n witmansland te maak.<sup>44</sup>

Tweedens wou Botha die inlywing van die protektorate aanwend om die regerende Party, die Suid-Afrikaanse Party, te versterk. Hy het tot die gevolgtrekking gekom dat die amptelike opposisie, die Unioniste Party, vin-nig veld verloor. Die vernaamste rede hiervoor was waarskynlik die vertrek van hul leier, Sir Starr Jameson, om hom permanent in Brittanje te gaan vestig. Die Engelssprekendes wat die Unioniste Party verlaat het, het egter by die Arbeidersparty aangesluit en nie by die regerende party nie. Die feit dat die Arbeidersparty al sterker geword het, het vir Botha gekwel, omdat hy van mening was dat hierdie party se beleid nie vir Suid-Afrika geskik was nie.<sup>45</sup>

Botha sou graag die meer gematigde Engelse na sy party wou lok, maar dan moes hulle van sy party se goeie bedoe-lings oortuig word. Die inlywing van die protektorate sou die geleentheid bied om die kabinet te vergroot en twee of drie Engelssprekendes daarin op te neem. Op die wyse, so het genl. Botha gemeen, kon hy 'n nuwe politieke bedeling in Suid-Afrika skep.<sup>46</sup>

---

44. P.M. Botha aan Graaff, 25.09.1912.

45. Ibid.

46. Ibid.

Besonder bemoedig deur 'n brief van Harcourt waarin blyk dat hy nie ongeneë was om die inlywing van Swazi-land by die Unie te steun nie,<sup>47</sup> het Botha een van sy ministers, Sir David Graaff, opdrag gegee om die klimaat in Engeland te gaan toets en steun vir oordraging te gaan soek.<sup>48</sup>

Graaff het wye steun in Engeland vir Botha se planne gevind. Jameson het daarmee saamgestem en beloof om sy invloed te gebruik om daar 'n sukses van te maak. Die leier van die Britse konserwatiewe opposisie, Bonar Law, was volgens Graaff ewe entoesiasties. Hy het gesê dat Suid-Afrika se administrasie van die Swartes meer in ooreenstemming met sy party se siening as met dié van die regerende Liberale Party was. Hy was ten gunste van die inlywing van die protektorate by Suid-Afrika, maar was van oordeel dat dit beter taktiek sou wees om die inlywing te bewerkstellig terwyl die Liberale regering aan bewind was, "for we would be much more likely to be assailed by the Liberals if the Conservatives were in office, than by the Conservatives whilst the Liberals hold the reins."<sup>49</sup> Law het belowe om alles in sy vermoë te doen om Botha te help en bygevoeg dat hy en sy ondersteuners "believed in Botha".<sup>50</sup>

47. Ibid., Harcourt aan Botha, 08.09.1912.

48. Ibid., Botha aan Graaff, 25.09.1912.

49. Ibid., Graaff aan Botha, 02.10.1912.

50. Ibid.



Graaff het die oordraging van die protektorate nie met die Britse regering bespreek nie, omdat hy van mening was dat dit buite sy opdrag geval het. Hy beveel egter aan dat Botha alle struikelblokke met 'n persoonlike besoek aan Brittanje uit die weg kon ruim.<sup>51</sup>

Gelyktydig met Graaff was Gladstone ook in Brittanje. Hy en Harcourt het die kwessie van inlywing bespreek en besluit dat Junie 1914 die vroegste datum was waarop Swaziland aan die Unie oorgedra kon word, omdat sekere grondverdelings eers moes plaasvind. Intussen sou hulle hul beywer vir gunstige voorwaardes vir inlywing. Ná Gladstone se terugkoms in Suid-Afrika in November 1912 het hy die besluit aan Botha oorgedra. Botha het aangedui dat hy besonder haastig was om Swaziland in te lyf, dog dat die ander protektorate eers links gelaat moet word. Gladstone wou ook 'n definitiewe ooreenkoms oor die hele saak stel.<sup>52</sup>

Die verbasing was dus groot toe Botha kort daarna tekens van belangstelling in Betsjoeanaland begin toon het. Gladstone het Botha dan ook om sy presiese planne gevra. Botha se belangstelling was gegrond op vrees dat die British South African Company van Rhodesië seker konsessies wat hulle daar gehou het sou uitoefen

---

51. Ibid., Graaff aan Botha, 02.10.1912.

52. Hyam, R., op.cit., p. 84.

en die inlywing van Betsjoeanaland by Rhodesië sou bewerkstellig. Botha het hom nie sterk hieroor uitgelat nie en dit was vir hom dalk 'n gepaste verskoning om die hele aangeleentheid op te haal.<sup>53</sup>

Insoverre Botha pogings aangewend het om Betsjoeanaland in te lyf om die Maatskappy voor te spring, het Harcourt hom gerusgestel dat die Maatskappy in Junie 1912 meegedeel is dat geen grond aan hulle afgestaan sou word nie. Hy was egter net so beslis daarin dat die oordraging van Betsjoeanaland aan die Unie nie op daardie stadium oorweeg kon word nie. Sy argument was dat 'n amptelike versoek om inlywing 'n verleentheid vir die Britse Regering sou skep omdat die naturelle sterk teen inlywing gekant was. Die regering sou dus moeilik 'n saak vir inlywing by die Britse Laerhuis kon uitmaak.<sup>54</sup>

Teen hierdie tyd was dit duidelik dat die protektorate baie probleme gaan gee met betrekking tot oorplasing na die Unie. Die koloniale kantoor se afkeur aan Gladstone het nou begin toeneem, omdat dit uitgelek het dat Gladstone en Botha planne beraam het om die protektorate te gebruik as gebiede waar die Unie sy naturelle heen kon stuur. Gladstone het ook vir Botha aangehits om

---

53. Ibid., p. 85.

54. Ibid., p. 85.

sy kommissie van ondersoek na grond in Betsjoeanaland uit te brei. Hy het ook blykbaar voorgestel dat aangesien onbewoonde grond in Noord-Transvaal vir die natuurlike gekoop moes word, dit beter sou wees as die Unie sonder enige koste daaraan verbonde sy natuurlike na die protektorate kon stuur.<sup>55</sup>

Vertraging met betrekking tot oorplasing het Brittanje gepas, omdat hoe vroeër hulle dit doen hoe groter die probleme om dit te wettig. Moes Brittanje geld spandeer om Betsjoeanaland vir sy opvolgers voor te berei? H.C.M. Lambert, hoof van die Dominiums Departement van die koloniale kantoor 1907 - 1925, sê in die verband: "Even if the Union comes along with solid official pressure, it is not clear that His Majesty's Government can give way. Khama and Co. cannot be treated as so many chattels to be given away, for they have never parted with land like the Swazis or lived under Boer rule; they came under the Queen with assurances of protection which will not indeed avail them for ever, but which will be hard to get round at least during Khama's lifetime - he has many food friends here who will recite us some ancient history."<sup>56</sup>

Lambert en die koloniale kantoor het Gladstone steeds

---

55. Ibid., p. 86.

56. Colonial Office Records, 417/523/13330, 24.04.1913, soos oorgeneem uit Hyam, R., op.cit., p. 88.

met agterdog bejeën. Lambert het dit weer sterk beklemtoon dat dit nie die Unie se inwoners was wat oor oorplasing moes besluit nie, maar die Britse parlement. Die Unie het ook geen teken gewys dat hy lus was om rusie te maak of om dit vir Brittanje in die gebiede moeilik te maak nie. Die een aspek wat dalk probleme vir Brittanje kon gee met betrekking tot die Unie was om hulle nie toe te laat om te dink dat hulle Betsjoeanaland sommer net so kan kry nie. Harcourt het met sy adviseurs ooreengekom dat hulle "slapende honde" met rus moet laat.<sup>57</sup>


Besware teen vroeë oorplasing was sterk en dit sou so bly tot in die dertigerjare. Dit het verdere bespreking oor Betsjoeanaland effektief gekeer in Botha en Smuts se bewindstydperk. In 'n private brief het Harcourt gesê dat hy seker is dat Gladstone dit sal verstaan solank as wat Khama leef: "The bare suggestion of handing him over to the Union would bring the whole missionary world and others upon me at once."<sup>58</sup>

Hoe kan Gladstone se andersdenkende idees weg van die algemene Britse beleid verduidelik word? Sy algemene benadering ten opsigte van Suid-Afrika se probleme was beheer deur sy persoonlike verering vir Botha en sy eie oortuiging dat die Unie besig was om te werk aan

---

57. Ibid.

58. Gladstone Papers, 46000/210, 20.08.1913, soos ooreeneem uit Ibid., p. 88.



'n beter swart beleid. Gladstone het ook geglo dat daar vir die Swartes in elke provinsie van die Unie 'n positiewe ontvangs sal wees. Hyself het egter nie 'n hoë dunk van die Swartes gehad nie: hulle was volgens hom regte barbare en onbekwaam.<sup>59</sup>

Die Unie wou meer grondgebied gehad het vir nedersettings en Gladstone het gedink dat hulle in 'n sekere mate versekering moes ontvang met betrekking tot onbewoonde gebiede wat uiteindelik aan hulle beskikbaar gestel sou word. Dit kon nie in Betsjoeanaland gedoen word solank die British South African Company se aansprake onafgehandel was nie: "Ons hou Betsjoeanaland in trust en ek dink dat in soverre kroongronde betrokke is, ons beleid toegepas moet word op skemas binne die Unie. Die tyd mag egter kom, as dit nie klaar daar is nie, dat ons die Unie-regering in ons vertroue moet neem om 'n geskikte plan uit te werk,"<sup>60</sup> aldus Gladstone.

Genl. Botha het geglo dat Betsjoeanaland nie uitgesluit kon word van 'n algemene skema van hervestiging van Swartes in Suid-Afrika nie. Baie reservate was oorbevolk en die plakkerprobleem het ernstige afmetings begin aanneem. Botha het egter vir 'n groter getal van kleiner reservate gevrees, asook die probleem om die spesifieke plekke aan

---

59. Colonial Office Records, 417/524/28556, soos oorge-  
neem uit Ibid., p. 88.

60. Gladstone Papers, 45999/47, Gladstone aan Harcourt,  
23.11.1912, soos oorgeneem uit Ibid., p. 88.

te wys. In plaas daarvan wou hy die Blankes van die Transkei uitskuif en die naturelle daar meer magte gee. Gladstone het heelhartig hiermee saamgestem en geglo dat die kommissie wat aangestel is om voorstelle te maak met betrekking tot landverdeling, Betsjoeanaland moes insluit in sy moontlike oplossing. Hy het verder gesê dat kroongronde in Betsjoeanaland gehou word as 'n reservoir vir die surplus Swartes van die Unie. Om publieke steun in die Unie te kry sou nie 'n groot probleem wees nie, al sou dit nie voordelig vir Betsjoeanaland se stamme wees nie. Dit sou die algemene welstand van die hele Swart bevolking van Suidelike Afrika betrek. Die vrees vir blanke oordondering op die Betsjoeana-reservate wat deur 130,000 naturelle bewoon was, was by Gladstone 'n klein oorweging.<sup>61</sup>

Botha wou volgens Gladstone nie so gou oorplasing gehad het nie, maar hy moes beplan vir die toekoms. Gladstone vra verder die vraag of Brittanje deur wetgewing die Unie se naturellebeleid wil beperk en hulle so dwing om 'n onvoltooide skema deur te voer?<sup>62</sup> In die lig van al hierdie probleme is daar in die Suid-Afrikawet van 1909 voorsiening gemaak vir oorplasing later van tyd.

In 'n verdere memorandum huldig Gladstone die standpunt dat as die Unie-regering net kan bewys dat die

61. Ibid., 45999/191, Memo van 30.05.1913, soos oorge= neem uit Ibid., p. 89.

62. Ibid., 45999/192, Ibid., soos oorgeneem uit Ibid., p. 91.

Swart vraagstuk as 'n geheel nie opgelos kan word sonder die inlywing van die protektorate nie, hy nie kan sien hoe dit geweier kan word op grond van die Swartes se belang nie: "They will say we have no valid argument against them because they are ready to develop (we are not) and safeguard native just rights."<sup>63</sup>

Botha se hernude belangstelling in Betsjoeanaland spruit ook uit 'n agterdog dat Swaziland te min geleenthede vir blanke nedersetting gehad het. Harcourt laat hom as volg uit: "The recent trend of legislation in the Union has I gather been such as to increase the feeling of security of the native as regards his position on the land: and it is therefore all the more desirable that there should be some part of South Africa which may be considered as reserved primarily for the needs of the native."<sup>64</sup>

In Betsjoeanaland het die Unie-regering enige groot vervreemding van grond afgekeur. Dit sou daartoe lei dat die Botswana wat reeds gevestig is, gesteur sal word of dat die hoeveelheid van beskikbare grond verminder sal word. In kontras hiermee het Gladstone die betekenis van die 1913 Landwet anders vertolk. Hy het gedink dat dit nie groot ongerief by die Botswana sou ontlok

---

63. Ibid.

64. Colonial Office Records, 417/525/37150, 24.11.1913, soos oorgeneem uit Hyam, R., op.cit., p. 90.

nie en dus voorgestel dat die 1913-wet se beginsels aanvaar moet word - dat die Swartes geen grond onder blanke nedersetting mag besit nie en omgekeerd. Die koloniale kantoor het eenparig ooreengekom dat hulle hul nie kon vereenselwig met die beleid van segregasie en die aanhoudende verskuiwing van Swartes van hul grond af nie.<sup>65</sup>

Die koloniale kantoor het Gladstone se begeerte vir oorhaastige optrede in beide Swaziland en Betsjoeanaland suksesvol geblokkeer. Verdere bespreking aangaande Betsjoeanaland is verbied. Swaziland was weer oop vir bespreking. Gladstone het egter die besluit om verdere bespreking vir 'n jaar of twee uit te stel, met 'n swaar gemoed aanvaar. Om niks te doen nie was volgens hom nóg waardig nóg bevredigend. Gladstone het volgens die koloniale kantoor die probleme van oordrag heeltemal onderskat. Hy kon egter nie sien waarom Swaziland nie in 1913 oorgeplaas kon word na die Unie nie.<sup>66</sup>

Van die beloofde oordraging van Swaziland in Junie 1914 het niks tereg gekom nie. Die Suid-Afrikaanse Kabinetskrisis van Desember 1912 het veroorsaak dat sterk anti-Britse sentiment in Suid-Afrika aan die lig gekom het, en dit het die Britse regering vanselfsprekend laat huier. 'n Ander bydraende faktor was die aanvaarding van

65. Ibid., 417/526/41572, soos oorgeneem uit Ibid., p. 90.

66. Gladstone Papers, 45999/183, soos oorgeneem uit Ibid., p. 90.



die Naturelle Landwet in 1913. Daarby het die dreigende oorlog in Europa die Britte se volle aandag vereis.

#### 2.4.2 Die Na-oorlogse jare

Teen 1919 was Viscount Buxton reeds 'n Goewerneur-generaal wat baie ondervinding gehad het. Bygestaan deur 'n vrou wat simpatiek teenoor die Swartes gestaan het, het hy met groot vertoon sy werk aanvaar en heel anders as sy voorganger, Gladstone, opgetree.

Buxton het die koningin se regent in Swaziland besoek. By die Goewerneurswoning is alle protokol oorboord gegooi tot onsteltenis van die sekretaris, H.J. Stanley. Die Swartes is uitgenooi om allerlei lekkernye te kom geniet. Buxton wat die Swartes se belange op sy hart gedra het, het geskryf dat die Goewerneur-generaal na twee dinge moet streef: "Hoe om mooi met iemand te werk en hoe om op dun ys te beweeg." Met Botha was sy verhouding openhartig, heg, vriendelik en buigbaar.<sup>67</sup>

Buxton het baie belang gestel in die Hoë Kommissarisgebiede wat al so vër terug as 1890 sy aandag geprikkel het. Toe was hy onder-sekretaris van die koloniale kantoor en betrokke by 'n Swazi-krisis.<sup>68</sup>

67. Hyam, R., op.cit., p. 91.

68. Ibid., p. 91.

Na die oorlog in Julie 1919 skryf Botha aan lord Milner, die Minister van Kolonies, dat hulle weer aan die oorplasing van Swaziland moet begin dink. Hy kan geen rede insien waarom Swaziland nie dadelik oorgedra moet word nie en sy versoek op drie feite gegrond. Sy motivering aan die Britse regering was dat die administrasie van Swaziland "would be an experiment on small scale with a native population already living among whites and well affected towards them, and therefore likely to be fruitful of suggestion for the future."<sup>69</sup>

Botha het ook daarop gewys dat dit 'n geleentheid vir beter politieke verteenwoordiging aan die Blankes van Swaziland sou bied, in plaas van die ietwat onreëlmatige posisie waarin hulle hul toe bevind het. Die Unie sou ook bereid wees om geld vir broodnodige ontwikkeling te voorsien, soos byvoorbeeld om 'n spoorlyn vanaf Transvaal deur Swaziland na die see te bou, en sodoende mynbou in beide gebiede te bevorder. Dit kon nie gebeur solank Swaziland buite die Unie staan nie. Hy het verder gesê dat daar g'n dringendheid was met betrekking tot Betsjoeanaland nie, maar sodra Rhodesië by die Unie ingelyf word en dit 'n praktiese vraagstuk word, sal daar dadelik begin moet word met die oorplasing van Betsjoeanaland.<sup>70</sup>

69. Colonial Office Records, 417/634/47514, Botha aan Milner, 02.07.1912, soos oorgeneem uit Hyam, R., op.cit., p. 92.

70. Ibid.

Goewerneur-generaal Buxton het laat weet dat die tyd nog nie ryp was om enige gebied na die Unie oor te plaas nie. As redes voer hy die Naturelle Landwet van 1913 en die onafhanklikheidstrewes van die Nasionale Party aan. Daar moes genoeg tyd wees vir die Blankes en Swartes van die gebiede om hulle saak te stel. Buxton sê dat hy die volgende nie aan die Unie kon sê nie: "That in reality the ingrained suspicion and fear of a Dutch government among natives in the Protectorates as well as the Union is the fundamental difficulty."<sup>71</sup>

Beide Smuts en Botha het verskeie kere met Lord Alfred Milner gepraat terwyl hulle in Londen was en hy het meer simpatiek opgetree en aan Buxton getelegrafeer dat hy hoop dat Basoetoland altyd 'n outonome naturelle staat sal bly. In Swaziland is die eksterne omstandighede en die naturellevermoë vir selfregering minder gunstig, terwyl die Blankes gevestig moet word. Die grond is ekonomies onafskeidbaar van die aangrensende distrikte van Transvaal. Hy aanvaar ook dat die drie Hoë Kommissaris-gebiede uiteindelik onder die Unie se vlag sal kom en glo dat dit die beste sal wees om by Swaziland te begin. Botha het hom verseker dat hy op daardie oomblik nie van plan was om oor Betsjoeanaland en Basoetoland te onderhandel nie en hy dink dat Botha dit besef

---

71. Ibid., 417/625/43018, Milner aan Staatsekretaris, 21.07.1919, soos oorgeneem uit Hyam, R., op.cit., pp. 92 - 93.

dat die Unie-regering 'n sukses van Swaziland moet maak, voordat die ander twee by die Unie ingelyf kon word. Botha se idees met betrekking tot die behandeling van die naturelle was vir Milner opreg en in die regte rigting. Hy moes hom egter tevrede stel met die feit of Botha dit wel sou deurvoer. As dit gedoen moet word was die regte tyd daar om te begin met die oordrag van Swaziland onder goeie voorwaardes.<sup>72</sup>

Buxton antwoord Milner se telegram en sê dat hy hom glad nie losmaak van Milner se idees nie. Sy enigste begeerte is dat inlywing met betrekking tot Swaziland nie so vinnig moet plaasvind nie. Hy wil tyd hê dat hulle kan herkou aan die idee voordat dit plaasvind en dat daar nie sprake moet wees van verbreking van beloftes nie, want hy glo dat dit slegte gevolge elders sal hê.<sup>73</sup>

Kort voor sy dood sê Botha in 'n private gesprek dat vergoeding aan die Transvaal gegee moet word omdat die Imperiale regering weggevat het wat aan hulle behoort het. Hy sê verder dat hulle Swaziland wil bekom om die Swartes in Suid-Afrika gerus te stel deur van 'n beleid in Swaziland gebruik te maak wat vir hulle aanvaarbaar sal wees.<sup>74</sup>

---

72. Ibid.

73. Ibid., 417/625/53446, Milner aan Staatsekretaris, soos oorgeneem uit Ibid., p. 94.

74. Buxton Papers, 14.08.1919, soos oorgeneem uit Ibid., p. 94.

### 2.4.3 Smuts treë op die voorgrond in 1919

Op 27 Augustus 1919 is genl. Botha oorlede en opgevolg deur genl. J.C. Smuts. Buxton het Smuts gevra om Botha se "vae" versoeke duideliker te omlyn. Volgens Smuts was daar twee aspekte met betrekking tot die oorplasing van Swaziland, naamlik status en Swart beleid. Status weerspieël Suid-Afrika se grief omdat hy nie beheer uitoefen oor al die Blankes in die hele geografiese gebied van Suid-Afrika nie en die gevoel dat hoewel hulle hoër status in buitelandse sake bereik het, hulle dit nog nie binne Suid-Afrika kon doen nie. Hierdie benadering het Buxton onbeweeglik gelaat, maar Smuts se tweede idee het hom diep beïndruk.<sup>75</sup>

Volgens Smuts het hy en Botha ooreengekom om 'n konkrete oplossing vir die swart probleme te vind. Die daarstel van 'n Naturelle-kommissie is beoog. Die moontlike inlywing van Swaziland sou die kommissie outomaties aan die werk sit en die beleid kon dus met gemak uitgebrei word na ander dele. Die Swartes sou 'n mate van verteenwoordiging kry wat heelhartig deur Buxton gesteun is. As die doel regtig was om Swaziland oor te plaas sou dit die bal aan die rol sit vir 'n nuwe swart beleid.<sup>76</sup>

75. Ibid., Gesprekke met Smuts, 04.09.1919, soos oorge-  
neem uit Ibid., p. 94.

76. Ibid., 12.09.1919, soos uit Hyam, R., op.cit., p. 94.

Buxton was tevrede dat oorplasing op grond van die argument geregverdig kon word. Sy enigste voorbehoud was teen 'n skielike of eieregtige handeling. Smuts het ook belowe om Naturellerade waar hulle nog nie bestaan het nie, daar te stel en het oor die algemeen verbasing uitgelok met sy vrygewigheid. Hy het ook die moontlikheid genoem dat een van die Kommissarisse 'n Swarte kon wees.<sup>77</sup>

Smuts het kort na die aanvaarding van die premierskap sy hande te vol gehad om dadelik aandag aan die protektorate te gee. As gevolg van die na-oorlogse probleme het hy nie verwag dat oorplasing so gou moet geskied nie. Op 12 September 1919 sê hy aan Buxton: "I have too many stiles to get over."<sup>78</sup>

Die Naturellesake-wet van 1920 het die kwessie van oorplasing heropen. Die wet het voorsiening gemaak vir 'n naturellekommissie soos dit in die bylaag tot die grondwet voorsien is. Intussen was daar pogings van die Blankes in Swaziland om 'n adviserende raad ingestel te kry. Buxton was huiwerig om dit te opponeer sonder om die Unie-regering daarvoor in te lig, want hy het gevrees dat as hy dit sou doen, dit die vraagstuk van oorplasing vroeër sal oopgooi. Dit het Smuts ver-

---

77. Ibid, soos uit Ibid., p. 95.

78. Ibid., soos uit Ibid., pp. 95 - 96.

der aangespoor en op 24 Augustus 1920 deel hy Buxton mee dat hy besluit het om die oorplasing van Swaziland te probeer bespoedig.<sup>79</sup>

Smuts het egter nie van die idee van die adviserende raad gehou nie. Dit mag die mense laat dink het dat oorplasing op die lange baan geskuif word. Aan die ander kant wou hy nie die totstandkoming van noodsaaklike addisionele inkomste teëgaan nie, veral in die lig van die finansiële probleme van die gebied. In April 1921 het hy onderneem om, onderhewig aan die oordrag van Swaziland uitbreiding van die spoorweë en verteenwoordiging van setlaars van Swaziland in die Suid-Afrikaanse parlement te oorweeg.<sup>80</sup>

Die Blankes van Swaziland was steeds afsydig om na die Unie oorgeplaas te word, maar hulle was oop vir oorreding in twee rigtings. Eerstens dat daar 'n definitiewe begin gemaak moet word met die bou van 'n spoorlyn. Volgens Smuts het dié oorweging onder die Blankes taamlik swaar geweeg ten gunste van inlywing.<sup>81</sup>

Die bou van die spoorlyn het baie aandag geniet, maar geen geskrewe beloftes is gedoen nie. Intussen het die Portugese hulle deel van die spoorlyn van 1906 - 1912 vanaf Lourenco Marques tot by die Swazilandgrens

79. Colonial Office Records, 417/648/47159, 01.09.1920 en Smuts aan Buxton, 24.08.1920, soos uit Hyam, R., op.cit., p. 95.

80. Ibid., 417/666/19519, soos uit Ibid., p. 96.

81. Ibid., 417/685/52705, soos uit Ibid., p. 96.

gebou. Britse regerings het geweier om dié ooreenkoms te erken en wou nie die spoorlyn bou nie, omdat hulle onseker oor die vragpotensiaal was. Buxton het ook verklaar dat in die lig van die onafwendbaarheid van die oorplasing van Swaziland in die toekoms, die laaste woord vir die oprig van 'n spoorlyn by Brittanje lê.<sup>82</sup>

Die Unie het definitief belang hierby gehad. Die nuwe spoorlyn sou baie korter wees as die bestaande Mac-hadodorp-Komatipoort-Lourenco Marques-lyn wat deur President Kruger gebou is en in 1918, 1921, 1922 en 1924 het die Unie ondersoek gelaas na die wenslikheid van so 'n nuwe spoorlyn. Plaaslike belanghebbendes was teen die bou van so 'n spoorlyn gekant, omdat die lyn as 'n belegging eers na 'n paar jaar winsgewend sou wees.

In Januarie 1922 was oorplasing so dringend dat Smuts die nuwe Adviserende Raad informeel ontmoet het. Hy het simpatiek geluister na hulle standpunt ten opsigte van moontlike inlywing en die bou van 'n spoorlyn. Spoorlyne was ook nodig vir die prospekteer moontlikhede van steenkool in die Oos-Transvaal en dit het inlywing 'n noodsaaklikheid gemaak. Smuts was beïndruk met die idee dat as die spoorlyn nie beloof word nie, die Blankes van Swaziland teen inlywing gekant was.<sup>83</sup>

82. Ibid., 417/594/6436, September 1917, soos uit Ibid., p. 96.

83. Ibid., 417/684/4887, 05.01.1920, soos uit Ibid., p. 97.



Op hierdie tydstip het Smuts die Goewerneur-generaal laat weet dat die vraag van oorplasing moontlik tydens die volgende parlamentsitting bespreek sou word, al het hy nog nie tot 'n besluit gekom nie: "Die toekoms van Swaziland lê daarin dat daar 'n besluit geneem moet word vir die verlenging van die spoorlyn deur die Oos-Transvaalse steenkoolvelde na die kus wat weer afhang van die geselekteerde roete. Totdat die ingenieursprobleme opgelos is en totdat 'n definitiewe besluit geneem is met betrekking tot Delagoabaai, kan die Unie geen konkrete voorstelle maak nie.<sup>84</sup>

Smuts se fout om nie in sy doel te slaag om 'n ooreenkoms met die Portugese te sluit nie, het die idee van 'n spoorlyn deur Swaziland gedeeltelik deur die mat laat val en dit het weer oorplasing op die langebaan geskuif. Ander redes vir die kwynende belange van Smuts was sy mislukking om Rhodesië as vyfde provinsie by die Unie in te lyf en die begin van 'n groot ekonomiese depressie. Smuts het besluit dat dit beter sou wees as hy vir meer gunstige omstandighede wag, maar in die 1924-verkiesing is hy deur genl. J.B.M. Hertzog verslaan.<sup>85</sup>

Intussen het 'n Swazi-afvaardiging in Londen aange-

84. Ibid., 417/685/56311, Smuts-telegram aan Hoë Kommissaris, 24.10.1922, soos uit Hyam, R., op.cit., p. 97.

85. Fair, T.J., Murdock, G., Jones, H.M., Development in Swaziland, p. 28.

kom. In Desember 1919 en Januarie 1920 is die Swazi's toestemming beloof om 'n afvaardiging te stuur sodra die vraagstuk van oorplasing formeel opgehaal word. Wetende dat die Unie-regering die saak gou sou ophaal, het die Swazi's gou gereageer om effektiewe protes te loods. Die nuwe Swazi opperhoof, Ngwenyama Sobhuza, was sterk gekant teen moontlike inlywing. Toestemming vir die afvaardiging is op die ou end slegs toegeken in die lig van die dringendheid van die inlywingsvraagstuk. Die Swazi's het dus nou die kans gehad om hulle standpunt te stel.<sup>86</sup>

Die pers het Sobhuza en sy afvaardiging goed ontvang en die afvaardiging het in Januarie 1923 verskeie belangrike persone besoek. Die Staatsekretaris het erken dat die vraagstuk van oorplasing onder bespreking was, maar dat hy nie geweet het wanneer die Unie-regering weer die saak met Brittanje sou bespreek nie. Hy het ook gesê dat die "veiligheidsmaatreëls" van die aanhangsel van die Suid-Afrikawet voldoende was, naamlik dat die Britse Laerhuis 'n sê in die aangeleentheid van inlywing moet hê. Verder was daar nog 'n gerustelling: "Die Naturellesake Kommissie, hoewel dit nog nie lank bestaan het nie, het reeds uitstekende werk in 'n kort tydjie vir die naturelle van die Unie verrig.

---

86. Colonial Office Records, 417/697/4551, Verslag van Staatsekretaris, 31.01.1923, soos uit Hyam, R., op.cit., p. 99.

Die Kommissie se advies tel baie by die Unie-regering en parlement. As hierdie feite goed oorweeg word dan is daar genoeg rede vir die Swazi's om te glo dat hulle regte en belange genoegsaam onder 'n Unie-regering van Suid-Afrika soos hy nou is, beskerm sal word."<sup>87</sup>

Terug in Swaziland het Sobhuza 'n siviele saak gemaak teen die geldigheid van die 1907-landverdeling. By implikasie sou dit die geldigheid van Britse jurisdisie in Swaziland uitdaag. Hy het ook aanspraak gemaak op die titel van koning en die soewereiniteit wat daarmee saamgaan. Vir Brittanje kon daar net een koning in die Britse ryk wees en die Britse regering was vol vertroue dat hulle die saak teen Sobhuza sou wen. As Sobhuza egter sou slaag, sou die finansiële gevolge ernstig wees, omdat die basis vir die toekenning van kroongronde in Swaziland sedert 1907 'n ommekeer sou ondergaan en die regering sou met versoeke vir vergoeding opgeskeep sit. Sobhuza se aansoek was onsuksesvol en die Swazi's het heftig beswaar gemaak.<sup>88</sup> Die kwessie rakende oorplasing het dus voortgesloer.

## 2.5 Britse teenkanting teen Inlywing

Swaziland was eens op 'n tyd onder Transvaalse bewind

---

87. Ibid.

88. Ibid., 417/708/36977, soos uit Ibid., pp. 99 - 100.

en koning Moshweshwe van Basoetoland en Khama van Betsjoeanaland was afhanklik van Britse teenwoordigheid om die onafhanklikheid van hulle gebiede te behou. As dit nie vir Elgin, die Minister van Kolonies van 1905 - 1908, was nie sou Swaziland in 1907 weer onder Transvaalse beheer gekom het. En as dit nie vir Crewe, die Minister van Kolonies van 1908 - 1910, se besluit in 1908 was nie, sou al drie protektorate in 1910 by die Unie aangesluit het.<sup>89</sup>

Die Britse regering het verantwoordelikheid vir Swaziland na die Anglo-Boereoorlog aanvaar. Vanaf 1903 - 1906 is Swaziland onder die Britse goewerneur van Transvaal geplaas en daarna onder die Hoë Kommissaris. Elgin het in 1907 ferm gestaan en geweier dat Swaziland aan die Transvaal teruggegee word omdat hy sy besluit gesien het as 'n "very effective demonstration of sympathy" vir swart belange en om aan die plaaslike versoeke vir erkenning, gehoor te gee. Hy sê verder: "Pending any grant of representation to the natives, no territory administered by the Governor or High Commissioner will be placed under the control of the new Responsible Government of the Transvaal."<sup>90</sup>

Crewe het in sy uitspraak vier algemene beginsels ge-

---

89. Marquard, L., op.cit., pp. 230 - 231.

90. Hyam, R., op.cit., p. 9.

handhaaf. Eerstens was dadelike oorplasing buite die kwessie - die gebiede moes onder Britse beheer vir so lank as moontlik gehou word sonder om wrywing met die Unie te ontwikkel. Tweedens moes die gebiede uiteindelik by die Unie ingelyf word. Derdens moes Brittanje die belange van die Swartes beskerm en laastens moes niks gedoen word om die Unie te keer om die sterkste skakel in die Britse ketting te word nie.<sup>91</sup>

Vir Crewe sou onmiddellike oorplasing 'n "leap in the dark" wees en as die gebiede eers ingelyf was sou die Britse regering se aanspraak om protes aan te teken, vir alle praktiese redes verdwyn het. As sake skeef loop sal daar 'n groot verantwoordelikheid op Brittanje se skouers rus omdat hulle inlywing toegelaat het. Crewe het gedink dat dit die beste sal wees om die inisiatief in eie hande te neem en die toekoms vir die gebiede uit te werk. Brittanje sou beter terme vir die Swartes daar kon stel terwyl die kolonies in Suid-Afrika nog apart was. Terselfdertyd sou Brittanje moes wag en kyk hoe ontwikkeling in die Unie vorder en hoe die regering optree teen die Swartes.<sup>92</sup>

Afgesien van die hoop vir grond en waterbeheer en af-

---

91. Colonial Office Records, 417/458/19782, Crewe aan Selborne, soos uit Hyam, R., op.cit., p. 19.

92. British Parliamentary Debates, 2/870, Statement by Crewe, 03.08.1909, soos uit Hyam, R., op.cit., p. 19.

gesien van Smuts se begeerte om 'n Verenigde State van Suid-Afrika daar te stel, is die hoof oorweging verwerp. Daar het 'n fanatieke gees geheers om alle oorblyfsels van Britse beheer uit Suid-Afrika te verwyder. Selborne het self gesê dat solank daar nog sprake van Britse beheer in Suid-Afrika was, die nasionaliste gevoel het dat hulle nog nie heeltemal heersers van hulle eie gebied was nie.<sup>93</sup> 'n Diepgaande begeerte vir die inlywing van die Hoë Kommissaris-gebiede kan dus gesien word as 'n aspek van die Afrikaner Nasionalistiese beweging en dit kan nou verbind word met die begeerte vir 'n veranderde status binne die Volksraad.<sup>94</sup>

Later het prestige ook 'n groot rol gespeel deurdat die Suid-Afrikaanse ministers gedink het dat Brittanje hulle onbevoeg geag het om 'n aanvaarbare naturelle-beleid daar te stel.<sup>95</sup> Lord Hailey gee as volg sy opinie: "The opposition of the native peoples to transfer did not in truth form a decisive factor in the British attitude on the subject, or at all events was never put forward as such. If the British ministers found it convenient to lay emphasis on the necessity of prior 'consultation' with all African people of the Territo-

93. Colonial Office Records, 417/459/29921, Selborne aan Crewe, 27.07.1909, soos uit Ibid., p. 74.

94. Parlementsverslag van die Unie van Suid-Afrika, 85/3960, 13.04.1954.

95. Dominium Office, London, 35/901/Y.6/58, Clark aan Machtig, 24.07.1937, soos uit Hyam, R., op.cit., p.75.

ries, it is clearly because they considered this to provide a more politic form of reply than an open condemnation of the Union policy known to be held by the majority of voters in the Union."<sup>96</sup>

In die Transvaal was kolonel Collins vir baie jare 'n voorstander vir die inlywing van Swaziland, maar die presiese rol van 'n paar van die belangstellende lede van die Volksraad is vaag, omdat vir elke boer wat sy vee na Swaziland wou stuur of die veesiektes wou beveg, was daar 'n ander wat kompetisie gevrees het wat sou ontstaan as die gebiede op die Unie-markte sou kon meeding.<sup>97</sup>

Nog 'n aspek mag opgehaal word waarom die hele saak meer by die professionele politici gebly het. Suid-Afrika was 'n klein landjie met slegs drie miljoen mense. Die ministers het dit besef en so het 'n minderwaardigheidsgevoel by hulle begin posvat oor die "kleinheid" van die land.<sup>98</sup> Deneys Reitz het 'n tipiese aanmerking gemaak: "We are a small people in South Africa, and we play an infinitesimal part in the affairs of the Empire."<sup>99</sup>

'n Slim persoon soos Smuts, wat groot aansien dwars=

96. Hailey, W.M., op.cit., p. 51.

97. Dominium Office, London, 35/1172/Y.706, 29.11.1943, soos aangehaal by Hyam, R., op.cit., p. 76.

98. Parlementsverslag van die Unie van Suid-Afrika, 48/3359, Smuts en die Minister van Mynbou, 17.03.1944.

99. Reitz, D., No Outspan, p. 229.

oor die Britse Ryk en die wêreld gehad het, kon sy man op die internasionale platform rakende die uitbreidings-idee goed staan. Die patroon van Smuts se verhouding met die wyer wêreld was beperk tot drie doelstellings: status binne die Britse Ryk en Statebond, uitbreiding na die noorde en die inlywing van die Hoë Kommissarisgebiede. Van hierdie drie was dit net die laaste een wat Smuts die volle geleentheid gegee het om op gelyke vlak met die verteenwoordigers van Brittanje te onderhandel.<sup>100</sup>

Soms was Suid-Afrika se versoeke vergesel met beloftes en soms met dreigemente. Altyd was daar die neiging dat iets bekom mag word deur hul versoeke aan Brittanje - as dit nie gebiedsuitbreiding was nie, was dit 'n grief teen die Britse Ryk. Hyam sê dat die laaste stelling veral op Hertzog van toepassing is, omdat hy na die Statuut van Westminster vir oordrag gevra het, sonder veel hoop vir sukses.

Brittanje het egter ook skuld aan die hele saak gehad, omdat hulle altyd onseker was wat om te doen en dan teruggeval het op die standpunt dat die tyd nog nie ryp was nie. Onderhandelinge vanaf Suid-Afrika se kant (veral na 1924) was dus net 'n hoop. Dit is dalk

---

100. Hyam, R., op.cit., p. 76.



die rede waarom daar nooit 'n direkte versoek aan die Britse regering gerig is nie.<sup>101</sup>

#### 2.6. Die Standpunte van die Swart Inwoners

Die inwoners van die Hoë Kommissaris-gebiede was onwillig om by die Unie ingelyf te word. Net soos die Blankes van Suid-Rhodesië was hulle bang vir die groeiende Afrikanerdom. Van die begin af was die swart inwoners teen inlywing gekant. In 1910 het die Ngwato, 'n ban-toestam in Betsjoeanaland, hulle as volg uitgelaat om te bewys hoe sterk hulle teen inlywing gekant was: "We understand well the character of the Native administration of these colonies, we know that the natives have no land of their own, many have no gardens to plough, nor are they allowed to chop wood or carry guns, nor have they any cattle, and a native is not regarded as a human being in those colonies, and we are convinced that we live under very much more fitting conditions of life ... When we submitted ourselves to your control it was to save our land from other European nations whom we feared would deprive us of our land. Especially did we fear this from the Dutch nation who now form a part, and by far the larger part, of Your Majesty's white subjects in South Africa; and from this we find that the administration of the Union cannot be anything else but Dutch."<sup>102</sup>

101. Ibid., p. 77.

102. Colonial Office Records, 417/482/16895, Kgama se petisie, soos aangehaal by Hyam, R., op.cit., p. 78.

Die Botswana het dus geglo dat die totstandkoming van die Unie nie verbetering sou bring ten opsigte van hulle swart beleid nie. Khama het geglo dat vier foutiewe administrasies as hulle verenig, nog steeds foutief sal wees.

Die Basoeto het ook bymekaar gekom om inlywing by die Unie te bespreek. In 'n stil Maseru, waar dit stowwerig was met swakgeboude huise, het die vergadering plaasgevind. (Hyam merk ook tereg op dat die toestande in Lesotho teen 1970 nie veel verbeter het nie).<sup>103</sup> Die honderd Suid-Sotho-opperhoofde wat teenwoordig was het gevrees dat die Unie-regering nie na hulle sou luister as die gebied klaar ingelyf is nie, omdat daar net 'n adviserende raad daargestel is. Ene Motsoene, 'n opperhoof, verklaar in Maseru dat "for uneducated people to unite with educated people is like inspanning a goat with an ox."<sup>104</sup> Die gaping tussen die twee beskawings was te groot.

Abiathara, 'n ander opperhoof, het gesê dat die Suid-Sotho's te "agter" was om by die Unie aan te sluit. Die Unie sal wees soos wanneer 'n perd saam met 'n bok ingespan is om 'n wa te trek - die bok sal gedra word en op die ou end sal hy vrek. Malephane het weer die metafoor van die olifant en walvis gebruik en gesê dat diere

---

103. Haym, R., op.cit., p. 78.

104. Ibid., pp. 78 - 79.

wat in die water lewe nie 'n uitnodiging kan ontvang van diere wat op land leef om by hulle te kom bly nie. Die Suid-Sotho's was bereid om konstitusies van die Britse koning te aanvaar, maar daar die Uniewet van 1909 nie van die koning kom nie, was hulle nie bereid om daar ingetrek te word nie.<sup>105</sup>

Swart bewustheid van die toenmalige politieke gebeure was baie groter as wat die meeste Blankes daardie tyd besef het. Die koningin se Regent van Swaziland sê in 1914: "That as Swaziland would no doubt enter the Union at some future date she was in sympathy with any efforts tending towards the betterment of the conditions under which Union natives live, and for this reason her son Malunge had become a member of the Native Congress and her people had assisted in contributions for the proposed delegation to England in connection with the Union Land Act."<sup>106</sup>

Bogenoemde is 'n bewys dat die gebiede reeds teen 1910 teen inlywing gekant was en dat dit nie net teen die latere Suid-Afrikaanse beleid was nie.

Die Naturelle Landwet van 1913 was die oorsaak van die Swartes se vrese. In Betsjoeanaland het Baitlotle dade=

105. Lesotho Regerings Argiewe, S.3/20/1/2 en 3. 1908, 1909, 1910.

106. Colonial Office Records, 417/546/7029, soos aangehaal by Hyam, R., op.cit., p. 79.

lik teen oorplasing te velde getrek omdat die Wet dan van toepassing op hulle sou wees en die verskillende stamme sou dan verhoed word om grond te koop wat reeds aan die Blankes behoort het. Opperhoof Khama het gehoop dat die twis oor die Landwet die Unie se aansprake op Betsjoeana-land sou verdryf. In Swaziland het Malungwe hom ook teen die Landwet uitgespreek. Hulle het toe besluit om soveel grond as moontlik buite die swart reservate te koop voordat die wet op hulle toegepas kon word. In 1915 het die Swazi's die Resident-kommissaris ingelig dat hulle in baie beter toestande as die Swartes van die Unie gewoon het. In hulle eie land het hulle sekere voorregte geniet, terwyl die Swartes in die Unie se regte weggeneem is deur die Landwet.<sup>107</sup>

Teen die einde van die Eerste Wêreldoorlog het nog 'n gebeurtenis die Swartes op hulle hoede gestel. Dit was die republikeinse idee wat onder die meeste Afrikaners begin posvat het. As hulle oorgeplaas sou word en die republikeinse idee seëvier sou alle imperiale verbintenisse op 'n end wees, en dit sou volgens die Swartes noodlottig vir hulle wees. Die Swazi-petisie van 1919 het bewys hoe sterk hulle afkeur was om by die Unie aan te sluit, veral as gevolg van die onafhanklikheids- of republikeinse strêwe onder die Blankes in die Unie. Swa=

---

107. Ibid., 417/560/52148, ontmoeting met opperhoofde, 26.08.1915, soos aangehaal by Hyam, R., op.cit., p. 79.

ziland kon hom nie vereenselwig met die idee dat onafhanklikheid in Suid-Afrika tot stand sou kom nie.<sup>108</sup>

Die Suid-Sotho's het hulle huiwering gekoppel aan die Afrikaner rebellie van 1914. Hoe kon hulle hoop om orendlik behandel te word deur mense wat so vyandiggesind teen die koning was? Bernard Matete het hom in die Nasionale Konvensie van 1919 as volg uitgelaat: "Ons sien in die pers dat sommige mense in die Unie hulle wil losmaak van die regering van die koning. Hierdie mense is na Europa gestuur met genl. Hertzog as hulle leier ... Hoe kan ons leef as die koning dalk na hierdie mense luister? Hoe kan hierdie mense wat die koning teengaan jou regeer? Dit is nie reg as ons in 'n vuil huis ingelei word omdat die Unie nie sy eie huis uitgegee het nie. Ons Sotho's is swart Engelse en nie boere nie. As die Boere dink soos wat ons hoor hulle doen, sien ek geen rede waarom ons onder die Unie-regering geplaas moet word nie."<sup>109</sup>

Simon Phamotse het gesê dat die tradisionele vrees vir die Boere verdiep is deur die onlangse gebeure: "Ons vrees inlywing by die Unie omdat ons weet dat die Boere eendag hulle onafhanklikheid van Brittanje sal verkry net soos die Amerikaners dit reggekry het, hoewel die

108. Ibid., 417/625/40002, Petisie van 19.04.1919, soos aangehaal by Ibid., p. 80.

109. Lesotho Regerings Argiewe, 53/20/1/11,12,14, (1919 - 1922), 48 (1955) en 50 (1958).

meeste van die Amerikaanse rebelle Engels was. Die Boere sal wel hul onafhanklikheid verkry, omdat die meeste van die Blankes boere is en sommige van die Engelse saam met hulle stem." Josias Mopeli het bygevoeg: "As die Sotho's aan die Boere gegee word sal hulle vrees dat die Suid-Afrikaners in die toekoms teen die koning sal rebelleer en hulle dan gedwing sal word om die Boere te help."<sup>110</sup>

Die teenkanting van die Swartes teen die Unie is op verskeie maniere deur die gebruik van metafore uitgebeeld. Die "leeu-idee" is die meeste gebruik en vir vyftig jaar is hiermee volgehou. Brittanje is daaraan herinner dat die Sotho vrywilliglik Britse beskerming teen die leeu gesoek het en dit sal wreed wees as diegene van wie die beskerming gevra is, dit weier en hulle terugstuur na die leeu. Verder sê hulle dat hulle in 1868 die beskerming van Brittanje bo die Vrystaatse en Transvaalse republieke verkies het, omdat die regering van Engeland berus op 'n oorerflike koningskap wat hulle verkies. Die vêr moederland moes hulle nie terugplaas in die sorg van hul ouer broer nie.<sup>111</sup>

In twee petisies van 1919 vra die Sotho's om nie oor=geplaas te word na die Unie nie, omdat die Swartes daar

---

110. Ibid.

111. Ibid.

sekere regte geweier word waarop alle vrye mense geregtig is. Hulle het g'n ware samesmelting tussen Afrikaner en Engelsman gesien nie en daar was g'n vryheid of geluk vir die Swartes as gevolg van die felheid van die Unie se beleid teenoor Swartes nie. Oorplasing volgens die Suid-Sotho kon eers plaasvind as daar 'n verandering in die Unie se beleid teenoor Swartes plaasgevind het.<sup>112</sup>

Verder erken hulle die noue verwantskap tussen hulle en hul "broer" in die Unie: "Ons sien en hoor van hulle diepe ongelukkigheid ... Die dag mag kom wanneer ons sal wens om met die Unie verenig te word. Dit sal kom as die versugtinge van die Swartes in die Unie stil geword het. Ons het die Landwet van 1913 gelees en in die praktyk ondersoek - duisende swart slagoffers hiervan het Basoetoland binnegestroom in die ses jaar na 1913."<sup>113</sup>

Buxton het die Suid-Sotho-opperhoofde in Mei 1919 verseker dat die vraagstuk aangaande die oorplasing van Basoetoland tot op daardie tydstip nog nooit opgehaal was nie en hy glo dat dit in die nabye toekoms nie opgehaal sal word nie. Ingeval van oorplasing, al sou die Landwet van 1913 toegepas word, sou dit nie van toepassing op die Sotho wees nie, omdat hulle grond reeds ge-

---

112. Colonial Office Records, 417/624/47175, Petisie van 12.05.1919, soos aangehaal by Hyam, R., op.cit., p. 82.

113. Ibid.

waarborg was as Suid-Sotho grondgebied. Die Suid-Sotho se vertwyfeling het egter daar gebly.<sup>114</sup>

## 2.7 Winde van Verandering - 1924

Na die bewindsverandering van 1924 het genl. J.B.M. Hertzog die Eerste Minister en Minister van Naturelle=sake, in 'n Pakt-regering wat bestaan het uit die Nasionale Party en die Arbeidersparty, geword. Die groot verskil tussen Hertzog en sy voorgangers het daarin gelê dat hy nie die bewondering en aansien van sy voorgangers in Brittanje gehad het nie as gevolg van sy politieke ideale. Hertzog, met sy idee van Suid-Afrika eerste, het vas geglo dat Botha en Smuts nie as ministers van 'n vrye land gehandel het nie, maar as agente van Brittanje.<sup>115</sup>

Ten spyte van die politieke ontwikkeling in 'n rigting van Afrikaner Nasionalisme en onafhanklikheid, was dit moeilik vir Brittanje om die versoek om die inlywing van Swaziland sommerso te weier. Die Unie het by Brittanje ten tye van die Eerste Wêreldoorlog gestaan en openlik sy blanke bevolking verdeeld gelaat as gevolg hiervan. Suid-Afrika was vir Brittanje in die jaar 1924 nog steeds die land van Botha en Smuts en Hertzog was vir hulle op sy manier aanvaarbaar.

114. Ibid., 417/624/58631, soos aangehaal by Ibid., p. 82.

115. Ibid., 417/708/36977, soos aangehaal by Ibid., pp. 99 - 100.



Teen die begin van 1924 het dit gelyk asof die Blankes in Swaziland al hoe nader na die Unie beweeg het om finansiële steun te bekom. Die Britse regering het die geldelike hulp wat die Hoë Kommissaris aangevra het, geweier en hy was bang dat daar opstande sou plaasvind tussen die Swazi's wat teen inlywing was en die Blankes wat ten gunste daarvan was. Daar was ook nie alternatiewe wyses om geld in die hande te kry nie en kroongronde kon nie verkoop word sonder om die Unie te raadpleeg nie.<sup>116</sup>

Hertzog het op 30 Junie 1924 Eerste Minister van Suid-Afrika geword. Na slegs vier maande vra hy vir die oordrag van Swaziland en Betsjoeanaland. Die haas waarmee hy opgetree het is buitengewoon, veral in die lig dat hy skepties gestaan het teenoor Smuts se idee van 'n Verenigde State van Brits Suid-Afrika. Dit lyk nie of hy Smuts enigsins geraadpleeg het oor die vordering met betrekking tot oorplasing nie en dit lyk ook nie of hy enige staatsdiensdepartement om advies gevra het nie. So het Hertzog oopoë in 'n imperiale vraagstuk ingeloopt sonder om te verneem hoe vër sake aangaande oorplasing gevorder het. As hy dit wel gedoen het, kon hy dalk agtergekom het hoe verkeerd dit was om die probleemgebied Betsjoeanaland saam met Swaziland te vra.<sup>117</sup>

116. Reitz, D., op.cit., p. 145.

117. Colonial Office Records, 417/707/3310, soos uit Hyam, R., op.cit., p. 103.

Hertzog se regterhand en biograaf, Oswald Pirow, het met die volgende Nasionale Party standpunt nie saamgestem nie: Hulle het gesê dat Smuts se mislukkings aangaande oorplasing doelbewus was en dat hy Brittanje maklik kon oorhaal as hy wou, en dat hy om een of ander rede nie belang gestel het nie. Smuts het Hertzog ook nie ondersteun nie (inlywing was vir Hertzog van primêre belang) en het sy bes gedoen om sy beleid aangaande die Swartes in Brittanje in 'n slegte lig te stel. Volgens Pirow het Hertzog 'n spesiale rede gehad waarom hy die Hoë Kommissaris-gebiede wou hê. Dit was die gevaarlike beleid van die koloniale kantoor wat swart heerskappy wou behou en blankes toe te laat om deel van hulle bevolking te word. Hy het voorsien dat dié gebiede as afspringplek sou dien vir diegene wat kwaad teen die Unie wou stook.<sup>118</sup>

Wat ookal Hertzog se motief was, hy het vinnig opgetree. 'n Tekort aan ondervinding mag daartoe aanleiding gegee het, maar hy kon nie so vinnig gehandel het as die handeling nie ingepas het by die beleid van sy ministerie nie. Hertzog se doel was om weg te doen met die imperiale teenwoordigheid in die Hoë Kommissaris-gebiede en om die gebiede vir Suid-Afrika in te palm. Sy beleid van blanke heerskappy het segregasie beteken wat op sy beurt nie kon werk sonder meer grondgebied nie en daarom het

---

118. Pirow, O., James Barry Munnik Hertzog, p. 203.

hy sy oë op dié gebiede gehad.

Wat ons ook in gedagte moet hou is dat Hertzog in sy oorplasingsversoeke statusverbeterings aan sy volgelinge aangebied het en hy wou aan die buiteland wys dat Suid-Afrika nie meer langer 'n onderdaan van Brittanje was nie. Met betrekking tot internasionale sake het Hertzog geargumenteer dat dit eintlik net die onafhanklike staat is wat tel.<sup>119</sup> Ons sien dus dat Hertzog in sy versoeke tot onafhanklikheid al hoe verder van Brittanje beweeg het en so sy versoeke tot oordrag van die Hoë Kommissaris-gebiede benadeel het.

Hertzog het in 1924 drie belangrike redes aangevoer waarom Swaziland en Betsjoeanaland aan die Unie oorge=dra moes word. Hy het eerstens, baie ondiplomaties, gedreig dat die Suid-Afrikaanse mark vir Hoë Kommissaris-gebiede se vleis gesluit sou word as oordraging nie geskied nie. 'n Onlangse ooreenkoms met Rhodesië het die invoer van vee na die Unie verbied en dit sou dieselfde beperkings op dié gebiede noodsaaklik maak.

Tweedens het hy aangevoer dat die gebiede nie binne=lands ontwikkel kon word nie weens die gebrek aan mine=rale en die geografiese verwantskap aan die Unie. In=lywing was dus noodsaaklik vir hulle eie ontwikkeling

---

119. Ibid., p. 204.

deur gebruik te maak van die Unie se ekonomie.

Derdens het Hertzog gesê dat Swazi-kapteins en Blankes ten gunste van aansluiting by die Unie was. Die Britse Hoë Kommissaris het die laaste bewering verwerp as "almost too absurd to deserve refutation" omdat dit bekend was dat die belangrikste opperhoofde teen aansluiting by die Unie was en omdat dit die ondergeskikte opperhoofde was waarna Hertzog verwys het. Hulle het geweier om die heerskappy van die senior opperhoofde te aanvaar.<sup>120</sup>

Hierdie argumente kon die Britse regering nie oortuig om die gebiede oor te dra nie. Lord Athlone, goewerneur-generaal, het aanbeveel dat die gebiede nie oorge-dra moet word nie. Dit sou Suid-Afrika dwing om genoeg grond vir die Swartes te reserweer in die gebiede van oorsprong waar meer grond dringend noodsaaklik geword het. Hy was bang dat die Suid-Afrikaanse regering oortollige Swartes van die Unie in die protektorate wou hervestig.<sup>121</sup>

In Desember 1924 was daar verslae in die Suid-Afrikaanse pers dat daar begin is met onderhandelinge aangaande die oorplasing van Betsjoeanaland. Hierdie vroegtydige aankondiging was 'n poging om Brittanje te dwing om die

120. Ibid., p. 210.

121. Colonial Office Records, 417/709/58648, 07.12.1924, soos uit Hyam, R., op.cit., p. 106.

gebiede vinniger oor te dra.<sup>122</sup> Athlone het aan Hertzog gesê: "You had unnecessarily disclosed ambitions which for at any rate some time you might not be able to realize." Hertzog het geantwoord deur te sê dat hy nie eintlik vir die gebiede gevra het nie, maar net gesê het dat die tyd ryp was om die hele aangeleentheid te oorweeg.<sup>123</sup>

Brittanje het dus Hertzog se voorstelle verwerp met die argument dat die tyd nog nie ryp was nie, maar Athlone wou nie die indruk gee dat hy geheel en al teen oorplasing was nie en het gesê: "Amalgamation with the Union Administration system is inevitable sooner or later. That this is their ultimate destiny I do not wish for one moment to dispute. The only point to be decided is when the psychological moment for effecting the transfer of the Territories arrives and whether they are to be transferred individually and at intervals or simultaneously en masse."<sup>124</sup>

Aangesien die Unie se beleid teenoor Swartes 'n teer puntjie vir Brittanje was en die Swartes afsydig daar teenoor gestaan het, kon oorplasing van die gebiede nie

122. Ibid., 417/709/55124, Athlone aan Staatsekretaris, 07.11.1924, soos uit Ibid., p. 107.

123. Hyam, R., op.cit., p. 107.

124. Colonial Office Records, 417/705/60080, Athlone aan Staatsekretaris, 22.12.1924, soos uit Ibid., p. 107.

oorweeg word nie. Hertzog se segregasiebeleid is kwaai veroordeel en was die hoofrede vir die weiering. Hertzog het nogtans verneem dat die Britte se besluit beïnvloed is deur "historical considerations, solemn obligations to certain chiefs, various agreements with the British South African Company and other bodies, as well as by political complications, including pledges which were given to the House of Commons by a former Government when the South African Act was before the Imperial Parliament."<sup>125</sup>

Athlone het gedink dat die Unie nie angstig was om Swaziland te bekom sonder Betsjoeanaland nie, omdat die Blankes van Swaziland oorplasing sou weier sonder 'n spoorlyn en 'n spoorlyn sou ekstra ekonomiese uitgawes vir die Unie meebring. Die aantreklikheid van Swaziland het ook gekwyn omdat die meeste van die grond reeds in blanke besit was. Nou hoekom dan Betsjoeanaland? Athlone skryf: "Personally I am inclined to attribute it to the Dutchman's insatiable appetite for land and to his constitutional inability to see why natives should be allowed to occupy more than is needed to maintain them in labour colonies for the benefit of white employers."<sup>126</sup>

---

125. Ibid., 417/709/55124, Ibid., 07.11.1924, soos uit Ibid., p. 109.

126. Ibid., 417/713/8828, 06.02.1925, soos uit Ibid., p. 109.

Verder het Brittanje geglo dat Suid-Afrika goedkoop grond gesoek het om sy arm-blanke probleem op te los. Ngamiland het die aantrekkingskrag gehad, want die Blankes kon daar geplaas word waar hulle vër van die Unie is. As nedersettings eers daargestel is op die grense van die reservate sal dit moeilik wees om uitbreiding na die beter dele binne die reservate teen te staan.<sup>127</sup>

Een van die Britse amptenare het die situasie aan die end van 1924 as volg opgesom: "As genl. Smuts nog aan bewind was en 'n versoek tot ons sou rig om Swaziland oor te plaas, sou ons dit nie verder kon uitstel nie, maar Hertzog en sy beleid teenoor die Swartes gee daartoe aanleiding dat die Britse regering nie aan sy versoeke gehoor kan gee nie."<sup>128</sup>

Ek glo saam met Amery dat die wortel van Britse besluite nie by die teenstand van die naturelle gelê het nie. Die antwoord lê in die feit dat Brittanje nie van die herrysenis van die Afrikanerdom, wat die groot Britse Ryk teengestaan het, gehou het nie. Hierby kan Hertzog se naturellebeleid en sy onafhanklikheidstrewes as die belangrikste Britse oorweging bygevoeg word.

---

127. Ibid., 417/713/54256, soos uit Ibid., p. 108.

128. Ibid.

## 2.8 Samevatting

Vanweë hulle ekonomiese en geografiese afhanklikheid het Suid-Afrika geglo dat die Hoë Kommissaris-gebiede die beste ontwikkel kon word as dit deel uitmaak van die Suid-Afrikaanse ontwikkelingstreke en byvoorbeeld in die voordele van die grensnywerheidsontwikkeling deel. Suid-Afrika het voorts ook besef dat Brittanje feitlik net wet en orde in die gebied gehandhaaf en weinig of niks doen om dit te ontwikkel nie. Terwille van ekonomiese en politieke stabiliteit was Suid-Afrika dus bereid om die gebiede as deel van hom te ontwikkel.

Aanvanklik is Suid-Afrika se teenkanting teen die oorhaastige onttrekking van koloniale gesag verkeerdlik as goedkeuring van kolonialisme bestempel, en dit het selfs meegewerk om 'n anti-Suid-Afrikaanse wêreidmening te voed. Met die aanvaarding van 'n beleid van afsonderlike ontwikkeling het daar egter geen regverdiging meer vir 'n aandrang op die behoud van koloniale gesag bestaan nie, en daarom is die weg gebaan vir die volle aanvaarding van die vrywording van Afrikastate, wat nou heeltemal versoenbaar was met sy binnelandse beleid.

'n Belangrike inisiatiefverskuiwing het hier ingetree in die staatkundige verhouding tussen die Hoë Kommissaris-gebiede en Suid-Afrika. Samewerking sou voortaan die uitgangspunt in die staatkundige verhouding vorm.



Die feit dat die moontlikheid om die gebiede in te lyf later verval het, het hulle aangewesenheid op Suid-Afrikaanse hulp eerder verhoog. Die gebiede het nie eie hawens nie, daar is slegs geringe industriële ontwikkeling, die landopbrengs voorsien nie in eie behoeftes nie en minerale word slegs in klein hoeveelhede ontgin.

Die lot van Suid-Afrika en sy buurstate was vanaf Uniewording onafskeidbaar aan mekaar verbonde. Suid-Afrika se staatkundige verhouding met die gebiede strek juis verder terug as Uniewording aangesien die ligging van die gebiede binne Suid-Afrika se grense reeds vanaf vêr in die verlede daadwerklike, tussenstaatlike kontak tussen die betrokke owerhede afgedwing het.<sup>129</sup>

Verder is dit belangrik dat Suid-Afrika in goeie buurskap met die gebiede leef, want dit is feitlik onafwendbaar dat dié gebiede mettertyd in dieselfde verhouding teenoor Suid-Afrika sal staan as die verskillende Bantoegebiede wat binne Suid-Afrika ontwikkel word. Suid-Afrika verkeer vandag in 'n politiek-ekonomies oorheersende posisie teenoor dié gebiede as gevolg van hulle afhanklikheid, en hierdeur is Suid-Afrika in 'n posisie geplaas om die toekoms van die gebiede in 'n groot mate te beïnvloed.<sup>130</sup>

---

129. Afrika Instituut Bulletin, Oktober 1966, p. 241 en verder.

130. Ibid.

### 3. INLYWINGSGOINGS VAN SUID-RHODESIË

#### 3.1 Inleiding

Die totstandkoming van Rhodesië as 'n blanke gebied is 'n storie van legendes, imperialisme en van persoonlike ambisie. Die hooffiguur in die oopstelling van Rhodesië onder die Blankes was Cecil John Rhodes.<sup>1</sup>

Die besetting van Suid-Rhodesië was natuurlik deel van Rhodes se groot droom om die Britse Ryk uit te bou en die setlaars het hulle ook baie duidelik as deel van dié wêreldwye ryk gesien.<sup>2</sup> As gevolg van Rhodes se dood in 1902, oorloë, nie-blanke opstande en die Anglo-Boereoorlog, was daar min Blankes in Suid-Rhodesië en die wat daar was, was wydverspreid, en jare het verby gegaan voor die pioniers besluit het om nuwe nedersettings te stig.<sup>3</sup> Die blanke bevolking sou egter van 1900 begin toeneem, maar die doel van die Blankes was nou nie meer roem en welvarendheid nie, maar oorlewing.<sup>4</sup>

#### 3.2 Suid-Rhodesië en die British South African Company

Rhodesië, oftewel Suid-Rhodesië, was in die beginjare

1. Clements, F., Rhodesia, The Course to Collision, p. 8.
2. Bylae tot die Volksblad, 23.07.1977.
3. Ibid.
4. Clements, F., op.cit., pp. 9 - 34.

die eiendom van 'n private maatskappy, die British South African Company, die skepping van die energieke Rhodes. Dit is moontlik al Maatskappy wat benewens sy sakebelange ook terselfdertyd die regering van 'n land gevorm het.<sup>5</sup>

Die Maatskappy het hoofsaaklik belang gestel in die minerale-rykdom van die gebied, maar sy akte van oprigting in 1889 het 'n bepaling gehad dat die maatskappy die gebied soos enige normale regering vir 'n tydperk van 25 jaar moes administreer. Volgens 'n spesiale bepaling sou alle besluite oor Swartes deur 'n spesiale raad in Londen geneem word.<sup>6</sup>

Rhodesië het algaande ontwikkel en die blanke bevolking het toegeneem. Dit het gelei tot wrywing tussen die Maatskappy en die setlaars. Die Maatskappy was in die eerste instansie verantwoordelik aan sy aandeelhouders wat meesal buite Rhodesië gewoon het.<sup>7</sup>

Die politieke mag van die blanke inwoners het net so stadig toegeneem soos die ekonomiese ontwikkeling. Na Rhodes se dood was die Maatskappy meer geïnteresseerd in geldelike winste as in die imperialisme van Rhodes wat deur sir Winston Churchill en lord Milner in die Britse kabinet gesteun is.<sup>8</sup>

5. Bylae tot die Volksblad, 23.07.1977.

6. Ibid.

7. Ibid.

8. Clements, F., op.cit., p. 35.

Aan die ander kant moes daar egter, soos met elke regering, dienste aan die bevolking gelewer word. Die setlaars is geleidelik groter seggenskap in die bestuur van die Maatskappy toegeken. Eers is vooruitgang gemaak tot 'n meerderheid in die Wetgewende Vergadering en in 1907 het die setlaars die meerderheid in die Uitvoerende Raad verkry. Van toe af kon hulle 'n groter rol in hul eie landsake speel.<sup>9</sup> Die Maatskappy kon dus nie handel sonder plaaslike betrokkenheid en samewerking nie.<sup>10</sup> Daar was egter steeds 'n sterk gevoel teen die Maatskappy as 'n vorm van regering, maar daaraan kon niks gedoen word nie omdat die Maatskappy wetlik 25 jaar lank "aan bewind" was.<sup>11</sup>

Groot Brittanje se politieke teenwoordigheid in Rhodesië het ook verweer. Na die Jameson-inval het Brittanje imperiale gesante binne die Maatskappy se gebiede geplaas. 'n Resident-Kommissaris om die inheemse swart volkere se belange te beskerm en 'n kommandant-generaal om die Maatskappy se gewapende polisie te beheer en om enige militêre optrede te verhoed is aangestel. Teen 1914 het die Maatskappy egter weer beheer oor die polisie teruggekry.<sup>12</sup>

9. Bylae tot die Volksblad, 23.07.1977.

10. Clements, F., op.cit., p. 35.

11. Bylae tot die Volksblad, 23.07.1977.

12. Clements, F., op.cit., p. 35.

### 3.3 Die Moontlike Inlywing van Suid-Rhodesië by die Unie van Suid-Afrika

Met die Nasionale Konvensie in 1909 in verband met die eenwording van die vier kolonies in Suid-Afrika, het die posisie van Suid-Rhodesië vir die eerste keer sterk na vore gekom, aangesien die mandaat van die Maatskappy in 1914 sou verval. Suid-Rhodesië is by die Konvensie in Durban deur Charles Coghlan en nog drie persone verteenwoordig. Daar is besluit dat die weg oopgehou sou word vir Suid-Rhodesië om later by die Unie van Suid-Afrika aan te sluit op voorwaardes wat later bepaal sou word.<sup>13</sup>

Slegs een vyfde van die blanke Rhodesiërs was in 1910 Afrikaanssprekend. Tog was die inlywing daarvan by die Unie 'n logiese stap. In Mei 1909 het die Wetgewende Vergadering van Suid-Rhodesië inlywing by die te stigte Unie bespreek, en daar was sterk steun vir so 'n stap. Een van die sterkste voorstanders van toetrede tot die Unie was Charles Coghlan, wat later die eerste premier van die selfregerende Suid-Rhodesië sou word. Ook in Suid-Afrika is Rhodesiese toetrede as vanselfsprekend beskou.<sup>14</sup> Dit sou ook strook met die ideaal van baie Suid-Afrikaners, en veral genl.

13. Bylae tot die Volksblad, 23.07.1977.

14. Hyam, R., op.cit., pp. 44 - 50.

Louis Botha en genl. J.C. Smuts wat 'n groter Suid-Afrika voorgestaan het.

Gebeure in Suid-Afrika was egter daarvoor verantwoordelik dat die Unie en Suid-Rhodesië eerder verder van mekaar as nader beweeg het. Die stryd om die premier-skap, provinsialisme binne die Unie, maar veral die kabinetkrisis van Desember 1912 en die gevolglike Afrika-nerstryd het die Rhodesiërs afgeskrik. Die Rhodesiese administrateur, Drummond Chaplin, het gemeen dat die Rhodesiërs genl. Hertzog se eise in verband met gelyke beregtiging van Engels en Hollands méér as die British South African Company vrees.<sup>15</sup>

Dit was gou duidelik dat dit nie 'n uitgemaakte saak was dat die Unie permanent "Brits" sou bly nie. Daarby was die eerste jare van die Unie stormagtig met werkstakinge in 1913 en 1914. Daarby het 'n Afrikanerrebelle die uitbreek van die Eerste Wêreldoorlog opgevolg. Dit het weer tot die geboorte van die onafhanklikheidsstrewes gelei. Daarmee was die Rhodesiërs permanent afgeskrik.<sup>16</sup>

Ook die Britse regering was aanvanklik ten gunste van Rhodesiese aansluiting by die Unie. Dit sou die Britse

15. Merriman Papers, Chaplin aan Merriman, ongedateer.

16. Hyam, R., op.cit., p. 47.

bevolking in die Unie vermeerder en help om die Afrikaner-oormag in getalle uit te balanseer. Tweedens sou dit die verantwoordelikheid om die British South African Company te koop, op die skouers van Suid-Afrika plaas.<sup>17</sup>

Die eerste minister van Suid-Afrika, genl. Louis Botha, was baie gretig om Rhodesië by die Unie in te lyf en het hy die Rhodesiërs se besluit om nie deel van die Unie te word nie, met spyt verneem. Hy het ook beseef dat Suid-Afrika nie oor die geld beskik het om die British South African Company uit te koop nie.<sup>18</sup>

Dit beteken egter nie dat hy die ideaal laat vaar het nie. Onder sy bewind sou Suid-Afrika positief na die inlywing van Suid-Rhodesië streef. Hy het die mening gehuldig dat die Unie nie voltooi sal wees alvorens Rhodesië en die protektorate nie deel daarvan is nie. Pogings moes aangewend word om die openbare mening in beide Suid-Rhodesië en die Unie te oortuig dat hulle uiteindelik sal moet verenig. Hy beskou die saak in 'n ernstige lig en hy is seker dat toekomstige geslagte nog vir hulle kortsigtigheid sal moet betaal, het Botha gemeen.<sup>19</sup>

---

17. Ibid., p. 48.

18. Ibid., p. 49.

19. P.M., Botha aan Gladstone, 17.11.1913.

Coghlan het reeds vroeg begin om die Maatskappy aan te val oor hul metode van ekonomiese beheer. Die aanhoudende druk is in 1910 gesien met die uitvaardiging van 'n resoluëie waarin gevra word dat setlaars 'n meerderheid moes hê in die Wetgewende Raad. In 1912 is 'n wet aanvaar wat lidmaatskap van die Raad na twaalf verander het - sewe verkose en vyf aangestelde lede. Ten spyte van hul meerderheid in die Raad, het die verkose lede beperkte mag gehad met betrekking tot sake van die Maatskappy en dit het verdere wrywing veroorsaak. Die verhouding tussen setlaars en Maatskappy het al hoe meer versleg ten spyte van hoër setlaar-vertegenwoordiging. Ons moet egter onthou dat hulle onderlinge afhanklikheid van mekaar veroorsaak het dat daar nie 'n werklike skeiding of botsing tussen hulle gekom het nie.<sup>20</sup>

### 3.3.1 Die Jare 1913 - 1919

In 1914 sou die vyf-en-twintigjaar termyn van die Oktrooi verstreke wees en blanke Rhodesiërs sou dan gekonfronteer word met die belangrike verantwoordelikheid om te help kies aan 'n nuwe vorm van regering vir die toekoms.<sup>21</sup>

---

20. Di Perna, A.P., The Struggle for Self Government and the Roots of White Nationalism in Rhodesia, 1890 - 1922, p. iv.

21. Ibid., p. 102.



Daar is voorgestel dat dit die beste vir die setlaars sou wees om die Oktrooi te verleng sodat 'n soliede fondament gebou kon word waarop die land kon steun en voortbou. Hierdie voorstel het gefaal omdat dit nie die griewe van die Rhodesiërs ondervang het nie. In 1912 het twee organisasies ontstaan om die Maatskappy se beheer te ondermyn naamlik die Constitutional League (gematigdes) en die Rhodesian League (radikales). Laasgenoemde het gevra dat die Imperiale regering die Maatskappy moet vervang en dat die setlaars meer verteenwoordiging moet kry. Die kern van laasgenoemde was dat dit om 'n kroonkoloniestatus gevra het as tussenstap voor algehele onafhanklikheid.<sup>22</sup>

Die groei van publieke instansies se begeerte om Rhodesië te verlos van die Oktrooi het die Maatskappy verhaas om sekere toegewings aan die setlaars te maak. In 1913 is die setlaars egter gewaarsku dat 'n beëindiging van die Maatskappy se beheer daartoe sal lei dat Rhodesië geabsorbeer sou word in die Unie van Suid-Afrika.<sup>23</sup> Dit was om genoemde redes nie op daardie tydstip 'n populêre idee in Rhodesië nie en ook omdat dit alle kanse op 'n selfregering sou verydel. Jameson het selfs so vër gegaan om te sê dat hy 'n brief van die koloniale kantoor sou kry wat Rhodesië kon dwing om by die Unie

---

22. Ibid., pp. 103 - 104.

23. Ibid., p. 104.

aan te sluit as die Maatskappy en setlaars nie hulle geskille kon besleg nie.<sup>24</sup>

'n Belangrike verkiesing vir die Wetgewende Raad het in Maart 1914 plaasgevind en albei kante het hulle saak gestel. Die resultate het getoon dat die setlaars geglo het dat hulle nog die Maatskappy nodig het en dat dit beter was om met die Maatskappy te onderhandel as met die koloniale kantoor. Die pro-oktrooi groep het 3 224 stemme en die anti-oktrooigroep het 1 733 stemme ontvang. Van die 7 500 kiesers het daar 5 057 gestem.<sup>25</sup>

Teen 1914 was die wêreld reeds in die begin van die Eerste Wêreldoorlog en kon Brittanje hom nie veel bekommer oor die toekoms van Suid-Rhodesië nie. Die mandaat van die Maatskappy is dus met tien jaar verleng. Die oorlogsjare was geen rooskleurige tyd vir die Maatskappy nie. Die steeds stygende bevolking het die administratiewe las op die Maatskappy al swaarder gemaak, terwyl die inkomste uit die minerale-regte ook glad nie na wense was nie. Suid-Rhodesië het ook aan die oorlog deelgeneem en die Maatskappy moes groot skuld aangaan om hiervoor te betaal.<sup>26</sup>

Die pro-oktrooi groep het met so 'n groot meerderheid in die verkiesing gewen dat dit 'n groot verrassing

24. Bulawayo Chronicle, 24.12.1913.

25. Di Perna, A.P., op.cit., pp. 106 - 107.

26. Bylae tot die Volksblad, 23.07.1977.

was. Die faktor wat die meeste daartoe bygedra het, was die vrees dat, indien daar oorwinning vir die anti-oktrooi groep was, dit daartoe sou lei dat Rhodesië in die Unie van Suid-Afrika geabsorbeer sou word.<sup>27</sup>

Die verkose lede moes ook goed saamwerk met die Maatskappy en het besef dat as hulle nie sō hulle verskil-le kon oplos nie, dit daartoe sou lei dat daar inmenging van buite sou wees en 'n gedwonge inlywing by die Unie. Die kern van die 1914-verkiesing was dat die Rhodesiërs die idee van selfregering gesteun het. Die meeste kandidate het ook aangedui dat hulle verlenging van die Maatskappybeheer verkies bo inlywing by die Unie.<sup>28</sup>

Politiese aktiwiteite was stil tydens die oorlogsjare en was dit nie vir die Maatskappy wat in 1916 radikale veranderinge wou teweegbring nie, sou dit so gebly het. Jameson het op 'n besoek aan Rhodesië voorgestel dat Noord- en Suid-Rhodesië saam bestuur moes word deur die Maatskappy. Dit was nie 'n nuwe idee nie, maar Rhodesië het gestrewe na selfregering as die volgende stap in die politieke ontwikkeling.<sup>29</sup>

Verder sou amalgamasie met Noord-Rhodesië tog voordele inhou, naamlik dit sou Suid-Rhodesië help om die

27. Di Perna, A.P., op.cit., p. 107.

28. Ibid., pp. 108 - 109.

29. Rhodesian Herald, 24.12.1914.

druk af te weer om aan te sluit by die Unie. Met al die ontluikende industrieë en groot minerale rykdom van Suid-Rhodesië en al die koper van Noord-Rhodesië was die ekonomiese moontlikhede groot. Die opposisie onder Coghlan het gesê die besluit is teenstrydig met die hernuwing van die oktrooi in 1914. Opsommenderwys kan gesê word dat amalgamasie met Noord-Rhodesië die bereiking van 'n verantwoordelike selfregering sou verleng.<sup>30</sup>

Bang dat die Maatskappy die drang na selfregering gaan blokkeer, het 'n aantal prominente Rhodesiërs in 1918 bymekaar gekom en die R.G.A. (Responsible Government Association) gestig.<sup>31</sup> Omdat die Maatskappy baie geld geskuld het, is besef dat al word dit deur belasting terugbetaal, of die Maatskappy bedank en 'n nuwe regering word saamgestel, dit geld sou kos. Die finansiële oorwegings het 'n groot rol gespeel en as uitvloeisel daarvan het 'n nuwe politieke groep in 1919 tot stand gekom, naamlik die R.U.A. (Rhodesian Union Association). Sy doel was om Rhodesië by die Unie van Suid-Afrika ingelyf te kry as vyfde provinsie. Laasgenoemde was baie belangrik vir 'n groot aantal van die setlaars, want hulle het verantwoordelike regering as 'n luuksheid gesien.<sup>32</sup>

30. Di Perna, A.P., op.cit., pp. 115 - 116.

31. Ibid., p. 121.

32. Ibid., pp. 126 - 128.

Teen 1919 was dit egter duidelik dat die Oktrooi nie meer aan die vereistes voldoen het nie. Die Britte was nou sterk ten gunste van aansluiting by die Unie en sterk gekant teen verantwoordelike regering vir Rhodesië: "To give responsible government to 30,000 whites ruling a million blacks is not only without precedent, but the example of Natal ... right up to 1910 shows how great the difficulties would be ... Whether therefore we look to natives for whom we hold a trusteeship, or white community which is insufficiently strong politically and financially - the obstacles to early responsible government (unless it were a prelude to immediate entry into Union) appear prohibitive," het die koloniale kantoor besluit.<sup>33</sup>

Lord Alfred Milner, die Britse minister van kolonies, het gemeen dat die Rhodesiërs uit eie vrye wil by die Unie moes aansluit. Hy was seker dat die Unie-regering gunstige terme aan Rhodesië sou kon bied in die vorm van verteenwoordiging in die Unie-parlement. Die Unie sou ook 'n groot som geld beskikbaar stel om die British South African Company uit te koop. Botha het Milner dan ook verseker dat die Suid-Afrikaanse parlement daartoe sou instem.<sup>34</sup> Die Britse regering wou

33. Hyam, R., op.cit., p. 50.

34. Ibid., p. 51.

self nie so 'n groot geldelike las (B.S.A. s'n) oorneem nie. Die praktiese alternatief was nou verantwoorde-  
like selfregering of aansluiting by die Unie van Suid-  
Afrika.<sup>35</sup>

Die Rhodesiërs self was egter nie gretig nie, omdat hulle onseker was oor die Unie se politieke en ekono-  
miese toekoms in die lig van die steeds sterker wordende onafhanklikheidstrewe van die Afrikaners. Die uit-  
slag van die 1920-verkiesing, waarin die Nasionale Party die meeste setels gewen het, het Milner se planne  
omvêr gewerp. Die Nasionale Party het die sterkste enkele party in Suid-Afrika geword en die beweging om  
van die Britse Ryk af te skei het die mense in Rhodesië finaal afgeskrik.<sup>36</sup> Die Maatskappy was dus nou van  
alle mag ontnem en die probleem vir Rhodesië was om 'n vorm van regering te kry om die Maatskappy se beheer  
te vervang.

### 3.3.2 Die Idee van Selfregering - 1920

Sir Charles Coghlan, wat voorheen verantwoordelike regering teengestaan het omdat hy dit as kortpad na inly-  
wing by die Unie beskou het, het hom nou ten gunste van

35. Di Perna, A.P., op.cit., p. 133.

36. Hyam, R., op.cit., p. 53.

verantwoordelike regering verklaar omdat hy gemeen het dis die enigste wyse waarop inlywing by die Unie verhoed kon word. Hiermee het die druk op Brittanje grootliks begin toeneem.<sup>37</sup>

So het Coghlan in 1920 'n resoluëie voorgestel waarin om verantwoordelike selfregering gevra word. Tydens die vierdaagse debat is die voor- en nadele van die resoluëie bespreek en het Coghlan gesê dat verantwoordelike regering Rhodesië nie sou isoleer van Suid-Afrika nie. Rhodesiërs wou goeie vriende van Suid-Afrika bly. Nadat Rhodesië selfregering verkry het, voorsien hy dat Rhodesië en die Unie moet saamsmelt as twee vrye nasies op die basis van algehele gelykheid. Maar na die Nasionale Party oorwinning in 1920 is nie kans gesien vir inlywing by die Unie nie. Die besluit wat dus op 17 Mei 1920 geneem is, was 12 - 5 ten gunste van verantwoordelike selfregering.<sup>38</sup>

Lord Milner wat teen die resoluëie gekant was, het besef dat toestande in die Unie nie gunstig was vir inlywing nie. Milner het ook besef dat Suid-Afrika in die hande van die Impériale regering moet bly. Die binnevloei van Pro-Britse Rhodesiërs sou die balans in die Unie weer verander. Dit was Milner se uiteindelijke

---

37. Ibid., p. 55.

38. Di Perna, A.P., op.cit., pp. 152 - 154.

doel met Rhodesië - 'n federasie in Suidelike Afrika. Die Maatskappy moes volgens hom egter tot 1923 (jaar van volgende verkiesing) aanbly.<sup>39</sup>

### 3.3.3 Die Buxton-kommissie van 1921 vs. Smuts

Sir Winston Churchill het Milner in Januarie 1921 opgevolg as Minister van Kolonies. As gevolg van probleme in die Midde-Ooste en Ierland het hy 'n kommissie aangestel (Buxton-kommissie) om ondersoek in te stel na die wenslikheid vir verantwoordelike regering in Rhodesië. Die kommissie het voorgestel dat 'n referendum oor verantwoordelike regering in Rhodesië gehou moes word.<sup>40</sup>

Die Maatskappy se Administrateur, Drummond Chaplin, was nie tevrede met die aanbeveling nie en het gesê dat toestande nog nie ryp daarvoor was nie. Hy was ten gunste van inlywing by die Unie wat die Maatskappy se mynbelange sou kon uitkoop. Die prys wat die Unie aangebied het vir die mynbelange was vanselfsprekend beter as dié van die Britse regering. Die Maatskappy se idee van inlywing is gesteun deur genl. Smuts, Eerste Minister van Suid-Afrika en dit is natuurlik dat die Maatskappy en Smuts sou saamwerk om die Britse regering te probeer beïnvloed ten gunste van inlywing. Brittanje

39. Walker, E.A., A History of South Africa, p. 497.

40. Bylae tot die Volksblad, 23.07.1977.



self was finansieel in die knyp en Suid-Afrika sou hom dus help om die Maatskappy uit te koop. Laasgenoemde sou sy geld sō gouer terugkry en die Unie sou die Maatskappy se mynbelange beter beskerm.<sup>41</sup>

Die Buxton-kommissie se verslag is goed in Rhodesië ontvang, maar Smuts was bekommerd omdat hy Rhodesië die vyfde provinsie van Suid-Afrika wou maak.<sup>42</sup> Smuts het gemeen dat as 'n referendum op die wyse gehou word, die Rhodesiërs geen keuse sou hê anders as om ten gunste van verantwoordelike regering te stem nie. Hy skryf aan Churchill: "I very much fear Responsible Government to Rhodesia at this stage will make of her a future problem both to Imperial Government and Union Government which it may be difficult to solve and everything should be done at this stage to help her come to the right decision." Hy het gevra dat die referendum ook oor die moontlike aansluiting by Suid-Afrika moet handel.

Smuts was bewus van die anti-Unie gevoel wat onder die Rhodesiërs geheers het. Boweal het hy besef dat die meeste Rhodesiërs, Coghlan en die ander verkose lede, besef het dat hulle uiteindelijke bestemming inlywing by die Unie was. Die grootste vrees teen inlywing onder die setlaars was die oorwegend Afrikaanse Nasionale Party in die Unie wat weg van die Britse Ryk beweeg het.

---

41. Di Perna, A.P., op.cit., pp. 178 - 181.

42. Ibid., p. 182.

Dog teen die tyd dat die Buxton-verslag gepubliseer is, het gebeure in Suid-Afrika 'n rigting geloop wat Smuts bevoordeel het.<sup>44</sup>

### 3.3.4 Smuts en die 1921-verkiesing in Suid-Afrika

In Februarie 1921 het Smuts die algemene verkiesing met 'n groot meerderheid gewen nadat hy 'n koalisie met die Unioniste aangegaan het. Die koalisie se oorwinning het Smuts se posisie versterk en hy het tot die gevolgtrekking gekom dat dit die Rhodesiërs minder skrikkerig vir die Unie sou maak. Volgens hom was die tyd nou ryp om Rhodesië by die Unie in te lyf.<sup>45</sup> Wat tot Smuts se optrede bygedra het was die herlewing van die R.U.A. wat beïndruk was met Smuts se oorwinning. Hulle het 'n petisie na Brittanje gestuur waarin inlywing by die Unie gevra is. Die petisie is deur 8,164 lede onderteken. In die koloniale kantoor het selfs Churchill inlywing as alternatief tot verantwoordelike regering gesien.<sup>46</sup>

Smuts is ook gehelp deur die R.U.A. se taktiek. Chaplin het geglo dat Churchill druk op die R.G.A. kon toepas om Rhodesië by die Unie te laat aansluit en het dit ook in 'n brief aan Smuts gemeld. Churchill kon weier om fondse te voorsien vir die nuwe verantwoordelike re-

44. Di Perna, A.P., op.cit., pp. 181 - 182.

45. Ibid., p. 183.

46. Ibid., pp. 184 - 186.

gering se administrasie. Smuts, wat hoog aangeskryf was in Brittanje, het ook gevra dat inlywing by die Unie as 'n alternatief in die Rhodesiese referendum gestel moet word. Hy het gewaarsku dat verantwoordelike regering Rhodesië se toekoms kon benadeel en so 'n probleem skep vir die Unie en die Britse Ryk. Inlywing sou die Unioniste en Suid-Afrikaanse Party versterk en die feit is deur Smuts in oorweging geneem, want hy het die Nasionale Party se potensiële krag besef. 'n Toer na Rhodesië is vir Smuts in die vooruitsig gestel, maar hy moes versigtig wees, want om hom af te dwing op Rhodesië sonder Rhodesiese toestemming sou fataal wees.<sup>47</sup>

Churchill was ten volle vertrouwd met die belangrikheid van die inlywingsidee en in Julie 1921 het hy die onderwerp met Smuts en sir Thomas Smartt, leier van die Unioniste in Suid-Afrika, bespreek. Hier het hulle 'n gulde kans gehad om hul saak aan Churchill te stel. Omdat Smuts so hoog aangeskryf was in die Britse politiek moes sy sienswyse ten opsigte van Suidelike Afrika groot invloed op Churchill gehad het. Toe die R.U.A. Londen besoek om sy saak te stel, het Smuts reeds die grondwerk gedoen. Churchill wou egter nooit sê na watter kant toe hy leun nie.<sup>48</sup>

---

47. Ibid., pp. 187 - 189.

48. Ibid., pp. 191 - 192.

Churchill het altwee oorwegings ten opsigte van Rhodesië begryp, maar ons moet onthou dat hy 'n imperialis was en dit sy grootste oorweging sou wees wat die beste vir die Britse Ryk was. Alle indikasies het gewys dat inlywing in die beste belang van die Britse Ryk sou wees.

Coghlan en 'n afvaardiging moes Londen besoek om data te versamel vir die opstel van 'n ontwerp-grondwet vir verantwoordelike regering. Churchill het voorgestel dat dié lede Smuts in 'n nie-amptelike hoedanigheid moet besoek voor hulle na Engeland gaan, en sy saak aanhoor. Smuts en Coghlan het alleen ontmoet en die enigste resultaat van die ontmoeting is 'n brief van Coghlan aan sy vrou en dit openbaar dat Smuts Coghlan probeer oorreed het ten gunste van die inlywingsidee. Daar is bewyse dat Smuts sekere beloftes aan Coghlan gemaak het soos 'n kabinetspos in die nuwe regering, en dit is 'n bewys van hoe begerig Smuts was om Rhodesië en die Unie te verenig.<sup>49</sup>

Smuts het dan ook in die Cape Times van 5 September 1921 laat publiseer dat hy 'n vroeë inlywing van Rhodesië sou verwelkom - 'n stap waarvoor voorsiening gemaak is onder die Suid-Afrika-Wet van 1909. Om dit te be-

---

49. Ibid., pp. 193 - 195.

reik, het Smuts gesê, moet die inisiatief van Rhodesië kom en dat die Unie g'n druk sou toepas nie. Om op die Rhodesiërs se gevoel te speel het Smuts gesê dat 'n groter Suid-Afrika die idee van Rhodesië se ontdekker, C.J. Rhodes, was.<sup>50</sup>

Smuts het gesê dat sy regering nie bereid was om die terme van so 'n ooreenkoms aan te kondig nie, omdat eers daarvoor onderhandel moes word. Hy het dan ook vir 'n konferensie gevra om die saak te probeer oplos en gesê dat die Unie bereid was om goeie terme aan Rhodesië te bied.<sup>51</sup>

Na sy besoek aan Smuts skryf Coghlan aan sy vrou dat hy daarin gefaal het om Smuts te oorreed om sy idee van inlywing te laat vaar. Dog na die besoek het Smuts sy verklarings aan die pers sō bewoord dat dit gelyk het asof Rhodesië inlywing verlang het, byvoorbeeld versoeke van sekere persone uit Rhodesië wat Smuts gekry het en Rhodes se droom wat hy wou verwesenlik. Verder het Smuts dit as lokaas uitgehou dat Rhodesië se ekonomiese probleme deur inlywing opgelos kon word. Op alle gebiede sou Rhodesië voordeel kon trek - die boere, spoorweë en staatsamptenare sou deur Smuts beskerm word. Die staatsamptenare was van die mees invloedryke groepe

---

50. The Cape Times, 05.09.1921.

51. Di Perna, A.P., op.cit., pp. 197 - 198.

in Rhodesië en hulle houding ten opsigte van inlywing sou deur baie ander Rhodesiërs aanvaar word. Smuts se "flikflooiery" by die Rhodesiërs was dus meesterlik.<sup>52</sup>

Coghlan en sy afvaardiging het Churchill ontmoet, wat maar koel was ten opsigte van verantwoordelike regering. Hy het egter voorgestel dat inlywing by die Unie as alternatief gestel moet word. Coghlan het sy afkeur gewys deur te sê dat hulle nie gekom het om daaroor te praat nie, maar oor 'n konsep-voorstel vir verantwoordelike selfregering. Churchill het egter sy standpunt gehandhaaf om vir Rhodesië 'n alternatiewe keuse daar te stel en het aangekondig dat hy van plan was om 'n kommissie aan te stel om Smuts te ontmoet en om die terme vir inlywing te definieer. Coghlan het op sy beurt dit vir Smuts verkwalik omdat hy geweier het om sy pogings te laat vaar. Hy het gesê dat dit beter sou wees om eers selfregering te kry en later, as die toestande gunstiger is, by die Unie aan te sluit. As Rhodesië eers by die Unie aansluit en dit slaag nie, sou hulle hul nie weer kon onttrek nie. Dit is bekend dat die koloniale kantoor verkies het dat Rhodesië by die Unie ingelyf moes word en dat die hoë aansien van Smuts by die Imperiale Regering 'n belangrike rol gespeel het in Downingstraat se standpunt.<sup>53</sup>

52. Ibid., pp. 199 - 202.

53. Ibid., pp. 203 - 210.

Churchill, wat oor die hele wêreld met Brittanje se sake besig was, was vasgevang in 'n netwerk soos hy die R.G.A. en R.U.A. se argumente teen mekaar opgeweeg het. Die koloniale kantoor het egter gesê dat die beste oplossing sou wees om die blanke setlaars in Rhodesië te laat kies.<sup>54</sup>

### 3.3.5 Smuts se Terme vir Inlywing

Terwyl die Rhodesiese afvaardiging in Londen was, het Churchill Chaplin aangesê om 'n groep persone aan te stel om Smuts te ontmoet om sy terme vir inlywing aan te hoor. Die afvaardiging is saamgestel uit lede van die R.G.A., R.U.A. en 'n Arbeider-lid in Rhodesië. Chaplin se keuses het 'n groot twis laat ontstaan en die afvaardiging is verander na vyf lede van die R.U.A., vyf verkose lede van die Rhodesiese Wetgewende Raad, twee verteenwoordigers van Noord-Rhodesië en ses adviseurs met Chaplin as voorsitter. Teen Maart 1923 was die afvaardiging gereed om na Kaapstad te gaan. Dié lede wat ten gunste van verantwoordelike regering was, was afsydig teenoor die besoek en wel om twee redes: die Unie se finansiële posisie het weens die depressie erg verswak en daar was die Randse staking waar Smuts troepe moes gebruik. So het Smuts die Nasionale Party en Arbeiders nog meer vyandig gemaak. Afgesien van

---

54. Ibid., pp. 211 - 218.

die vyandigheid, was die verkose lede daarop uit om die beste moontlike terme by Smuts te kry.<sup>55</sup>

Die Unie en Rhodesië se spoorwegamptenare het samesprekings gehou met betrekking tot voordele vir beide lande se arbeiders indien Rhodesië by die Unie ingelyf word. Swaar strawwe vir stakings en tweetaligheid as basis vir bevordering het onder slag gekom. Pogings van Rhodesië om konsessies van die Suid-Afrikaanse spoorweë te kry was vrugtelos. By die finale samesprekings het Smuts vir die eerste keer verklaar dat die terme vir inlywing nie aangekondig sou word voordat hy die probleme van die British South African Company met betrekking tot hulle spoorweg- en grondbeleggings kon uitstryk nie. Voor dié finale samesprekings en Smuts se aankondiging het die besprekings taamlik vlot verloop.<sup>56</sup>

Waarom het Smuts nou 'n ekstra hindernis ingestel? Coghlan se teorie is dat Smuts besef het dat hy nie die verkose lede ten gunste van inlywing kon oortuig nie en dat hy nou besluit het om die blaam op die Maatskappy se direkteure te plaas vir die mislukking om 'n ooreenkoms met die Rhodesiërs aan te gaan. As ons ook na die Suid-Afrikaanse politiek van daardie tyd kyk is

55. Ibid., pp. 221 - 223.

56. Ibid., pp. 224 - 225; Bulawayo Chronicle, 07.08. 1922.



dit duidelik dat Smuts versigtig was om nie sy opponente in die Unie-parlement klippe te gee om hom mee te gooi nie. Die Rhodesiese afgevaardigdes het ook die parlement besoek toe dit in sitting was en het die vyandigheid van die Nasionale Party teen Smuts opgemerk. As ons die terme wat Smuts aangebied het in ag neem, sou die Nasionale Party en Arbeiders dit gebruik het tot hulle politieke voordeel. Die konferensie het geëindig sonder dat daar 'n finale ooreenkoms oor inlywing bereik is.<sup>57</sup>

### 3.3.6 Samesprekings tussen die Maatskappy en die Unie

Die British South African Company het Rhodesië gesien as deel van die Unie, maar het gedink dat die Unie se aanbod vir sy bates in Rhodesië te laag was. Smuts op sy beurt, het weer die ekonomiese bates van Rhodesië besef. Die Maatskappy het egter nog twee miljoen pond geskuld vir militêre operasies tydens die Eerste Wêreldoorlog - geld wat hulle van Brittanje geleen het. Suid-Afrika was egter bereid om die bedrag oor te neem, maar die Imperiale Regering, angstig om Rhodesië by die Unie in te lyf, het besluit om die bedrag te onttrek onder sekere voorwaardes - dat die Rhodesiese stemgeregtigdes moes stem vir inlywing by die Unie as alternatief. Dit

57. Merriman Papers, Chaplin aan Merriman, 31.08.1922.

het veroorsaak dat Smuts in Junie 1922 die finale ooreenkoms met die Maatskappy gesluit het. Die terme vir die ooreenkoms was meer gunstig ten opsigte van die Maatskappy as voorheen en ± sewe miljoen pond sou ook aan hom uitbetaal word.<sup>58</sup>

Die goeie terme wat die Maatskappy aangebied is, is 'n direkte aanwysing van hoe begerig Smuts was om Rhodesië in te lyf. Tog was Smuts vroeër nie so vrygewig met sy aanbiedinge nie, want as hy 'n groot bedrag aan Rhodesië sou bied, sou hy nie geld oorhê om aan die Maatskappy te betaal nie. Met die finale terme twee maande later was dit 'n ander saak, want vergeleke met die Imperiale Regering se aanbod wat laag was, kon Smuts nou 'n beter aanbod maak. Die Maatskappy kon Smuts se aanbod dus nie van die hand wys nie.<sup>59</sup>

Met die sloerdery van die verskillende samesprekings oor die inlywing van Rhodesië, het die skaal na die R.U.A. begin swaai in Rhodesië. Alles het blykbaar afgehang van die terme wat Smuts sou bied. Eers aan die einde van Julie het Smuts die finale terme vir inlywing aangekondig met die referendumdatum 31 Oktober 1922. Smuts het dus 'n goeie set gebruik om sy goeie terme slegs twee maande voor die verkiesing aan te kondig - dit sou

---

58. Di Perna, A.P., op.cit., p. 228.

59. Ibid., pp. 229 - 230.

'n positiewe invloed op die meeste Rhodesiërs hê.<sup>60</sup>

### 3.3.7 Die Terme deur Smuts aangebied

1. Rhodesië sou tien verteenwoordigers in die Unie Parlement toegelaat word (die getal sal vermeerder tot sewentien soos die manlike getalle verhoog). Verdere vermeerdering sou plaasvind volgens 'n formule wat ook van toepassing was in alle ander dele van die Unie.
2. Stemregkwalifikasies soos in die bestaande Rhodesië sou so bly totdat die Unie Parlement 'n uniforme stemregwet deurvoer wat geldig sal wees vir al vyf die provinsies. 'n Persoon wat kwalifiseer as 'n kieser in Rhodesië kon ook staan vir 'n verkiesing in enige van die vyf provinsies - so ook die Rhodesiese vrouens wat reeds stemreg gehad het, terwyl vrouens in Suid-Afrika dit nog nie gehad het nie.
3. Vier senatore sou verkies word uit Rhodesië en vyf sou aangewys word om die naturelle te verteenwoordig. Dit sou vermeerder soos die verteenwoordiging in die Volksraad vermeerder.
4. Beide Engels en Hollands sou amptelike landstale wees.

---

60. Ibid., pp. 231 - 235.

5. 'n Provinsiale Raad (20 lede) sou in Rhodesië daargestel word. Aangeleenthede aan die Raad toe- vertrou sou wees: opvoeding laer as universiteit= standaard, plaaslike regeringsliggame, gesondheid en maatskaplike werk, paaie en brûe en verskeie ander gebiede van owerheidsbelang. Afgesien van die ge- reelde subsidie wat Rhodesiërs sou ontvang, sou dié Provinsiale Raad 'n spesiale subsidie van vyftig dui- send pond vir tien jaar ontvang.
6. Die Rhodesiese Hooggeregshof sou 'n Provinsiale afdeling word van die Hooggeregshof van Suid-Afrika.
7. Die Unie se belastingwette sou ook op Rhodesië van toepassing wees met die uitsondering dat die Rhode- siese belastingbepersking nie verander sou word vir die eerste drie jaar nie. Rhodesië sou geld kon leen vir verskillende projekte en kon 'n minimum van 550,000 pond per jaar onder die leen-program kry.
8. Rhodesië se spoorwegstelsel sou ingeskakel word by die Unie se stelsel. Daarby sou die Unie-regering spe- siale aandag gee aan die verbetering van hawegeriewe by Beira.
9. Onvervreembare grond sou oorgeplaas word onder 'n Landraad bestaande uit Rhodesiërs met die mag om sy eie landsbeleid daar te stel.

10. Die Unie-regering sou voortgaan om hom te beywer om die Maatskappy (B.S.A.) se mineralebates te bekom. In-tussen sou Rhodesië se mynwette en regulasies geldig wees in Rhodesië.

11. Lede van Rhodesië se staatsdiens sou deel word van die Unie s'n sonder verlies van voordele. Afrikaans óf Engels sou benodig word indien 'n pos gevul moet word. (Dit is strydig met die wet in Suid-Afrika waar Afrikaans én Engels benodig was). Spesiale voorsorg sou getref word vir lede van Rhodesiëse polisie en spoorweë om deel te word van die stelsel in Suid-Afrika.

12. Rhodesië se weermag sou geïntegreer word met dié van die Unie.

13. Alle genaturaliseerde imwoners van Rhodesië sou geag word as genaturaliseer binne die Unie.

14. G'n beperkings sou geplaas word op die beweging van blankes tussen Rhodesië en die ander provinsies nie. Unie-beperkings op die naturelle sou van toepassing wees op Rhodesië.

15. Rhodesië se Provinsiale Raad sou die munisipale en stadsgebiede reguleer. Land wat opsy gesit is vir die munisipaliteit sou vry van onkoste oorgedra word na die betrokke plaaslike regerings.

16. Bestaande naturelleservate in Rhodesië sou behou word en g'n stelsel om nie-blankes in Rhodesië vir arbeid in Suid-Afrika te werf sou toegelaat word nie.<sup>61</sup>

### 3.3.8 Bespreking van Smuts se Terme

Die aantal verteenwoordigers wat aan Rhodesië in die Unie-parlement gebied was, was groot en Rhodesië sou 'n groter stem gehad het as enige van die ander provinsies in Suid-Afrika. Smuts se motief was dat die verteenwoordigers hom sou ondersteun as gevolg van sy lojaliteit teenoor Brittanje. Smuts moes noodgedwonge hier meer toegee, want hy het meegeding met verantwoordelike selfregering.<sup>62</sup>

Met die stemregkwalifikasie kry ons 'n interessante aspek. Dit is in die hande van Rhodesië gelos. Vroue in Suid-Rhodesië het reeds sedert 1919 stemreg gehad, terwyl dit vir die vroue in die Unie nog net 'n ideaal was. Die Unie-regering was egter bereid om die stemreg van die vroue in die gebied te erken en te handhaaf, hoewel die Unie se vroue dit eers in 1930 verwerf het. Smuts het dus gesorg dat hy nie die vrouekiesers vervreem het nie - hulle was omtrent een derde van die totale aantal kiesers.<sup>63</sup>

61. The Cape Times, 20.09.1922.

62. Di Perna, A.P., op.cit., p. 240.

63. Bylae tot die Volksblad, 23.07.1977.

Die taalkwessie het ook 'n interessantheid opgelewer. Dit was die eerste keer dat 'n amptelike kennisgewing in Engels en in Afrikaans in die staatskoerant van Suid-Rhodesië verskyn het. Smuts het die Rhodesiërs verenigd laat voel met die taaltoegewings terwyl tweetaaligheid in Suid-Afrika 'n vereiste was. Dit sou 'n diep interne skeuring in die Unie veroorsaak.<sup>64</sup>

Een van die grootste bestaande verskille tussen Rhodesië en die Unie was die inkomstebelasting. Inlywing sou die Rhodesiërs se laer belasting hoër maak. Daarom sou Rhodesië se ou stelsel vir drie jaar na inlywing dieselfde bly. Een van die aanloklikste bepalings van die terme was die versekering van 500,000 pond ontwikkelingsgratifikasie deur die Unie. Dit sou Rhodesië se groeikoers verhoog en sou die ekonomie uitbrei sodat meer kapitaal en immigrante die land kan binnekom. Die spoorweë se insluiting by die van die Unie sou die belasting vir vervoer wat so hoog was, verlaag. Hoewel die spoorlyn van Gwelo na Beira (492 myl) baie korter was as na die Kaap (1475 myl) is baie vragte na die Kaap gestuur en so is groot voordeel gegee aan die Unie se handelsverbinding.<sup>65</sup>

Een van die grootste vrese van die Rhodesiërs was dat

---

64. Ibid.

65. Clements, F., op.cit., p. 38.

groot getalle bywoners (grondlose Afrikaners) hul gebied sou binnestroom. Om die vrees uit die weg te ruim het Smuts die Rhodesiese landvestigingsraad daargestel wat die vestigingsbeleid sou beheer.

Smuts het ook terme ingesluit om die Maatskappy se minerale regte uit te koop. So 'n stap sou die Maatskappy se kommersiële aktiwiteite verminder en die potensiaal van die myne sou deur Suid-Afrika benut word. Ook vir Rhodesië self het dit voordele ingehou. Die bestaan van die Maatskappy was teen die tyd 'n steen des aanstoets vir die blankes se politieke erfenis en ook 'n las vir hul ekonomie. Wat die Maatskappy wou gehad het was goed vir die aandeelhouders in Londen en sleg vir die inwoners en hulle beleggings. Geld was skaars en die lewensmiddele duur en vry opvoeding is eers in die dertigerjare ingestel. Dit is dus g'n wonder dat na die Unie gekyk is vir hulp nie.<sup>66</sup>

Een van die belangrikste aspekte was die inlywing van die staatsdiensamptenare by die Unie s'n. Rhodesiërs sou hulle eie voordele en pensioenregte behou. Net Engels, en nie Afrikaans én Engels nie, was noodsaaklik vir nuwe werkgeleenthede. Dit het baie gehelp om die Rhodesiese amptenare se guns te wen.

---

66. Ibid, p. 39 - 60.



Die spoorwegamptenare en polisielede het die Unie se aanbod minder aantreklik gevind, omdat voordele minder was. Verder het die terme ook voorsiening gemaak dat swartarbeid nie in Rhodesië gewerf mag word om in Suid-Afrika se myne te gaan werk nie - salarisse in die Unie-myne (veral goudmyne) was ook baie hoër as in Rhodesië.<sup>67</sup>

Hierdie terme van Smuts het bykans vir elke Rhodesiër iets aangebied om hulle te oorreed om by die Unie aan te sluit, maar daar moet onthou word dat die terme slegs beloftes was. Die Rhodesiërs moes hulle verlaat op die integriteit van Smuts, want die terme het eintlik van Smuts en nie van die Unie-parlement gekom nie. Nog 'n onsekerheid was die gedagte dat as die Nasionale Party aan bewind sou kom in Suid-Afrika, die terme miskien nie meer geldig sou wees nie. Die terme was oor die algemeen egter baie aanloklik.<sup>68</sup>

Die twee pole was dus nou:

1. Smuts, R.U.A., Maatskappy en Imperiale Regering ten gunste van inlywing.
2. R.G.A. en Nasionale Party in Suid-Afrika teen inlywing.

67. Di Perna, A.P., op.cit., pp. 245 - 246.

68. Ibid., pp. 247 - 248.

### 3.3.9 Die Nasionale Party in Suid-Afrika se houding

Die sterkste teenstand teen inlywing het gekom van binne die Unie, van die Nasionale Party. Dr. D.F. Malan, leier van die Kaapse Nasionaliste, het Smuts se terme afgekeur, omdat dit nie aangebied was in die nasionale belang nie, maar vir 'n politieke gewin. Hy het voortgegaan deur te sê dat inlywing onder die aangebode terme 'n ernstige finansiële las op die Unie se skouers sou plaas en dat Smuts se aksies gebaseer was op sy begeerte om sy politieke mag te verseker en te vergroot. Malan sê dus: "Inlywing onder die huidige terme sal in die geskiedenis bekend staan as die groot verraad."<sup>69</sup>

Die leiers van die Nasionale Party was teen die terme aangebied aan die Maatskappy en Rhodesië - veral die groot aantal verteenwoordigers wat die nuwe provinsie sou hê en die verskeie konsessies, insluitende die vrye stemregkwalifikasie. Kortom, die finansiële las op die Unie in die tyd van depressie en die gedrag van die Smuts-regering wat volgens hulle nie gehandel het in die land se belange nie, was die grootste strydkreet van die Nasionale Party. Daar was ook elemente binne die Smuts-regering wat teen die terme gekant was en gesê het dat dit

---

69. Ibid, p. 250, soos aangehaal in The Times, 17.08.1922.

te eensydig was ten gunste van die Maatskappy en Rhodesië. Die oorweging was dat dit die land omtrent een miljoen pond sou kos om Rhodesië by die Unie in te lyf.<sup>70</sup>

Genl. J.B.M. Hertzog, leier van die Nasionale Party in Suid-Afrika, het Smuts beskuldig van oneerlikheid in sy onderhandelinge. Hy het gesê dat die Engelse en Afrikaners basies verskillend was, omdat die Afrikaner Suid-Afrika wou dien en die Engelse op soek na rykdom was. Hertzog het van die geleentheid gebruik gemaak om te sê dat die meerderheid van die Nasionaliste eerder 'n republiek wou hê, hoewel hyself nie 'n voorstander daarvan was nie - hy wou dat Suid-Afrika op 'n konstitusionele wyse soewereine onafhanklikheid moet verkry.<sup>71</sup>

Dat die terme vir inlywing nie gewild was vir die Nasionaliste nie, is verstaanbaar en die verhoogde prys aan die Maatskappy het 'n oproer onder hulle veroorsaak. Wat eintlik die grief van die Nasionaliste was, was dat inlywing teen so 'n geweldige hoë prys moes geskied: die groot parlementêre verteenwoordiging, die opvoeding onder die beheer van die Rhodesiese Provinsiale Raad, die behoud van die bestaande stemregkwalifikasies en die daarstelling van 'n landvestigingsraad onder Rhodesiese beheer. Dié besware is duidelik omlin deur 'n leidende,

70. Cape Times, 05.09.1922.

71. Ibid., 06.09.1922.

Afrikaanse koerant in die Unie, Die Burger, wat gesê het dat Suid-Afrika opgeoffer word vir die Britse Ryk, kapitalisme en Smuts se politieke posisie.<sup>72</sup>

Hertzog het sy aanval op Smuts en sy terme voortgesit en aan lede van sy party gesê dat Rhodesië nie sulke vrygewige behandeling moes kry nie; dat die hele aanleentheid deurgevoer is sonder bespreking in die parlement en sonder dat die Suid-Afrikaanse publiek daarin geken is. Volgens hom het Smuts alles gedoen na aanleiding van sy begeertes.<sup>73</sup>

Die afkeur wat die meeste Rhodesiërs aan die anti-Britse Afrikaanse element gehad het, het hulle teenkanting teenoor die terme versterk. Daar kon dus gesê word dat 'n soort rassisme hier 'n rol gespeel het, want die meeste Rhodesiërs het nie soseer teen Suid-Afrika gegaan nie, maar teen die Afrikaners. Hoewel dit vir hulle te laat was om die terme te verander, was daar ander maniere om die implementering daarvan te keer - deur teen inlywing in die referendum te stem.<sup>74</sup>

#### 3.4 Smuts tree op en besoek Rhodesië

In weerwil van die Nasionale Party se antagonistiese

72. Die Burger, 01.08.1922.

73. Bulawayo Chronicle, 14.10.1922.

74. Clements, F., op.cit., p. 40.

teenstand het Smuts nie stilgesit nie. Hy het in Augustus 1922 'n toer na Rhodesië onderneem met die doel om die inlywing van Rhodesië by die Unie, te propageer. Hoewel toestande in Suid-Afrika nie gunstig vir Smuts was nie, was hy 'n sterk persoonlikheid wat hom nie maklik laat onderkry het nie. Hy het geglo dat sy aantreklike voorwaardes en 'n persoonlike besoek aan Rhodesië die skaal ten gunste van inlywing by die Unie sou laat swaai. Smuts se direkte probleem het dus in Rhodesië gelê en nie in Suid-Afrika nie. Die besoek van Smuts was 'n goed beplande taktiese beweging om die Unioniste in Rhodesië die impetus te gee om inlywing te verkondig. Die voorgenome besoek is reeds in Mei 1922 beplan, maar hoe nader dit aan die referendum kon plaasvind, hoe beter was die kanse vir inlywing. Daar is gesê dat Smuts nie toesprake moes hou nie, maar net vrae moet beantwoord om te wys dat hy hom nie inmeng met Rhodesië se huishoudelike sake nie - daar is dus gepoog om sy besoek nie-polities te laat lyk. Smuts het self gesê dat hy bloot die besoek van die Rhodesiese afvaardiging vroeër aan die Kaap, nou terugbetaal.<sup>75</sup>

Tog is Smuts deur die groot oomblikke weggevoer en het hy toesprake gehou. In Bulawayo hou Smuts sy eerste toespraak en herinner die Rhodesiërs daaraan dat die een-

---

75. Di Perna, A.P., op.cit., pp. 255 - 256.

heid van Suidelike Afrika die hoofdoel van hul ontdekker, Cecil John Rhodes was. Dié idee van 'n "Groter Suid-Afrika" was die hooftema in al Smuts se toesprake. In hierdie betrokke toespraak te Bulawayo het Smuts gesê dat hy by die hele aangeleentheid betrokke geraak het as gevolg van die inisiatief van die Rhodesiërs en na die petisie ten gunste van terme vir die inlywingsproses. Nou was die hele saak in die Rhodesiërs se hande om hul=le toekoms te bepaal. Smuts wou dus die ware doel van sy besoek verberg deur alle inisiatief op die Rhodesiërs se skouers te plaas.<sup>76</sup>

In nog toesprake te Gwelo en Umtali hamer Smuts weer op die vele prestasies van die Rhodesiese volk asook die groot potensiaal van die land. Die gehore, meestal boere, moes hoor dat die Unie 'n groot en winsgewende mark vir Rhodesiese vee was. Verder lê Smuts ook klem op die gemeenskaplike belange wat daar tussen Rhodesië en Suid-Afrika bestaan. Sedert Duitswes-Afrika na die Eerste Wêreldoorlog 'n mandaatgebied van die Unie geword het, het hy baie ontwikkel. Rhodesië sou ook ekonomies groot word as hy by die Unie aansluit. Uit sy toesprake kom ons dus agter dat Smuts wel ingemeng het in Rhodesië se huishoudelike sake.<sup>77</sup>

76. Bulawayo Chronicle, 07.08.1922.

77. Ibid.

In Salisbury vind ons die meeste besigheidslui, politici, staatsdiensamptenare en leiers. Hier het Smuts weer die Rhodes-ideaal aangehaal: 'n verenigde Suidelike Afrika sou 'n ewigdurende geskenk aan hul kinders en nageslagte wees. Weer eens het hy klem gelê op die finansiële voordele en sekuriteit wat inlywing sou bied.

By Salisbury se sportklub het Smuts sy suksesvolste toespraak gehou. Ongelukkig is Smuts se opmerkings nie deur die pers bekend gemaak nie. Dié toespraak het 'n hele paar invloedryke persone van opinie laat verander ten gunste van Unie-inlywing. In die toespraak het Smuts homself laat ken as 'n vurige imperialis en hy het met groot takt die Rhodesiërs ten gunste van inlywing geïnspireer.<sup>78</sup>

Op Gatooma, 'n belangrike myndorp, het die ekonomiese aspek weer ter sprake gekom - een verenigde land wat vir altyd ekonomies sou vasstaan as 'n skans vir die beskawing in Afrika; 'n erfenis wat hulle vir hul kinders kon nalaat. Smuts het egter sleg gevoel omdat hy nie met die Maatskappy kon ooreenkom oor die oorneem van hulle mineralebates nie. As Rhodesië by die Unie sou aansluit sou daadwerklike pogings aangewend moet word om beheer te kry oor dié mineralebronne, het Smuts ge-

---

78. Ibid., 12.08.1922; Merriman Papers, Chaplin aan Merriman, 31.08.1922.

sê. Dié rykdom sou beter beheer en eksploiteer kon word onder die Suid-Afrikaanse beheer as onder private beheer. Hierdie standpunt van Smuts was aanvaarbaar vir baie Rhodesiërs omdat hulle sterk anti-Maatskappy was.<sup>79</sup>

Smuts het verder gepraat oor die belangrikheid van kapitale beleggings in Rhodesië. Die vyftigduisend pond per jaar vir tien jaar deur Smuts in die terme belowe, het bewys hoe ernstig Smuts was en die ekonomiese moontlikhede van Rhodesië gesien het. Kapitale beleggings sou lei tot die ontwikkeling van die land se natuurlike bronne en tot die verhoging van die lewenspeil van die blanke bevolking. Daarsonder sou Rhodesië, aldus Smuts, stagneer. Nadat Smuts weer Rhodes se denke uitgebeeld het sluit hy as volg af: "Look at the question from the broader viewpoint, the future of the sub-continent, the future of our children, the future of civilization we are building up. I leave the choice wholly in your hands."<sup>80</sup>

Die volgende dag was Smuts in Enkeldoorn, 'n dorp met 'n groot Hollandsprekende gemeenskap, waar die saamewerking tussen Afrikaners en Engelse goed was. Smuts gebruik die geleentheid om die gees van eenheid en saamewerking na inlywing te laat bevorder. As die Rhode=

79. Bulawayo Chronicle, 15.08.1922.

80. Ibid.



siërs oorreed kon word om by die Unie aan te sluit, moes hulle seker wees dat die twee hoof blanke groepe in harmonie kan saamleef.

Finansiële oorwegings het 'n groot rol in Smuts se toesprake gespeel, maar dié ekonomiese basuin was die middel wat hy wou gebruik tot 'n groter doel; 'n groter Suidelike Afrika om 'n groot pro-Britse, blanke staat in Afrika daar te stel. Rhodesië was die sleutel tot hierdie ideaal.<sup>81</sup>

Die toer was gekenmerk deur groot entoesiasme onder die Rhodesiese gehore. So kon Smuts baie onduidelikhede wat onder die Rhodesiërs geheers het, oplos - veral op private konferensies wat gehou is. Sy beroep op eenheid het groot byval gevind en die gedagte van Rhodesië as deel van Suid-Afrika het die Britse Ryk se mees invloedryke koerant, die Times, se redaksionele steun geniet. Die meeste van die verslae oor Smuts se toer het aangedui dat dit suksesvol was - "'n persoonlike triomf" is dit deur een joernalis genoem. Die Pro-Unioniste magte in Rhodesië is baie aangespoor deur die warm ontvangs wat Smuts ontvang het. Kort nadat Smuts Rhodesië verlaat het, skryf hy aan 'n vriend waarin hy hom met groot genot meedeel dat: "I think the referendum will now probably go in favour of entry into the Union."<sup>82</sup>

81. Bylae tot die Volksblad, 23.07.1977.

82. Di Perna, A.P., op.cit., p. 266.

Met sy vertrek het Smuts se opponente begin met hulle veldtog, want die R.U.A. se aansien het baie gestyg as gevolg van Smuts se besoek. Hoewel Smuts gedink het dat Rhodesië inlywing sou verkies, het hy ook besef dat selfregering nie uitgesluit was nie. Reeds op sy toer het hy goed agtergekom dat baie mense nie gretig was om by die Unie aan te sluit nie: "They were afraid of our bilingualism, our nationalism, my views of the British Empire. In short they are little Jingoists", het hy geskryf.<sup>83</sup>

### 3.5. Die Referendum-veldtog Augustus - Oktober 1922

Na Smuts se vertrek was daar nog tien weke oor voor die verkiesing sou plaasvind en het die R.G.A. en R.U.A. aan die werk gespring. Met die probleme wat verantwoordelike regering sou teweegbring (geldskaarste, vorming van 'n nuwe regering, ensovoorts) het die R.U.A. probeer om onsekerheid in die gedagtes van die kiesers te saai, ten einde steun vir inlywing te wen. Die ongeveer 19 000 kiesers is nou deur die betrokke partye probeer oorreed om hulle steun te wen ten gunste van die twee keuses, en beide die R.U.A. en R.G.A. het as politieke partye soos in 'n verkiesingsveldtog gefunksioneer.<sup>84</sup>

83. Smuts Papers, vol. II, Smuts aan Gillett, 31.07.1922.

84. Rhodesia Herald, 21.08.1922; Bulawayo Chronicle 21.08.1922.

### 3.5.1 Die R.U.A. wen veld

Aan die einde van Augustus het die skaal in die guns van die Unioniste geswaai as gevolg van Smuts se besoek. Selfs Chaplin het aan John X. Merriman geskrywe dat Smuts met sy suksesvolle toer baie Rhodesiërs van standpunt laat verander het.<sup>85</sup>

Afgesien van Smuts se toer en sy goeie finansiële terme vir Rhodesië, het die Unioniste nog ander voordele ook gehad. Daar was 'n noue verband tussen Rhodesië en Suid-Afrika wat betref die Unie se markte waarvan Rhodesië afhanklik was, die Romeins-Hollandse regstelsel van die Unie was die basis van Rhodesië se wetsis-teem.<sup>86</sup> Die staatsdiens was Suid-Afrikaans georiënteerd en na die suide se besluite en ondervinding is gekyk as plaaslike sake behartig is. Die twee banke, kommersiële instansies, pers en assuransie was beheer deur verwante maatskappye in Suid-Afrika.

Vir sport was Rhodesië 'n provinsie van Suid-Afrika en die grootste begeerte van enige Rhodesiër was om Springbok te word. Sonder 'n kuslyn van sy eie kon die Rhodesiërs Engelse invloede, sportmanne, boeke, ensovoorts net bekom deur middel van Suid-Afrika. Die blanke opvoedingstelsel was ook gebaseer op die Unie

85. Merriman Papers, Chaplin aan Merriman, 10.09.1922.

86. Di Perna, A.P., op.cit., p. 275.

s'n. 87

Baie Rhodesiërs het hul oorsprong in Suid-Afrika gehad en histories was dit dus aanvaar dat daar 'n verenigde Britse dominium op die subkontinent tot stand sou kom - reeds met die Nasionale Konvensie van 1908 - 1909 is voorsiening gemaak om nuwe gebiede in te lyf wat die noordelike gebiede onder die Maatskappy beheer ingesluit het. Onder diegene wat vroeër die idee van Rhodesië as deel van Suid-Afrika as 'n verenigde Brits-Suid-Afrika onderskryf het, was sommige van die leiers van die R.G.A. Coghlan self het gesê dat Rhodesië se uiteindelijke doel inlywing by die Unie was (federasie).<sup>88</sup>

Die R.G.A. was bewus daarvan dat hy besig was om tweede viool te speel. Waar die R.U.A. gekonsentreer het op die ekonomiese voordele, het die R.G.A. die aandag gevestig op emosionele faktore, soos Rhodesië se diepe sentiment van trots en patriotisme. Uiteindelik sou die laaste idee seëvier, maar die R.G.A. kon die Rhodesiërs nie sulke goeie terme aanbied soos die Unie nie.

Onder die R.U.A. aanhangers was daar dus 'n gevoel van optimisme en was hulle baie tevrede. 'n Pro-Unie koerant het die Engelssprekende Natal as verdere reklame gebruik. As Rhodesië sou aansluit by die Unie, sou hy

87. Clements, F., op.cit., p. 68.

88. Di Perna, A.P., op.cit., pp. 276 - 277.

net so vooruitstrewend word soos Natal. Die president van die invloedryke Rhodesiese landbou-unie het hom sterk ten gunste van inlywing uitgespreek deur te sê dat die belangrikste markte vir Rhodesië se leidende landbou-produkte in die Unie was. Dié markte en die verlaging van die spoortariewe het die meeste boere inlywing by die Unie laat verkies.<sup>89</sup>

Die Rhodesiërs is ook voortdurend deur die koerante ingelig dat die gebied finansieel swaar sou kry onder verantwoordelike regering en dat die koloniale kantoor geweier het om Rhodesië finansiële hulp te gee - hulle het selfs 'n lening geweier. Tot advertensies is in die Rhodesia Herald en Bulawayo Chronicle geplaas om verantwoordelike regering te ondermyn: "Under Responsible Government / Rhodesia will / swiftly / settle down to / Secure and / Snug / Stagnation."<sup>90</sup>

Tot koerante buite Rhodesië het ook die finansiële laste van verantwoordelike regering verkondig. In die Unie en in Londen het die koerante byvoorbeeld The Times<sup>91</sup> selfregering veroordeel en alle pogings van die R.G.A. om te sê dat daar wel lenings bekom sou word (onder andere die V.S.A.) het op dowe ore geval. Die administrateur, sir Drummond Chaplin, het ook ern-

89. Rhodesia Herald, 13 en 26.10.1922; Bulawayo Chronicle, 21.10.1922.

90. Ibid., 21.10.1922.

91. Cape Times, 25.10.1922.

stige finansiële probleme vir selfregering voorsien en gesê dat die Rhodesiërs nog nie ondervinding gehad het om hulself te regeer nie.<sup>92</sup>

Verder het die R.U.A. 'n groot voordeel gehad in die persoonlikheid van Jan Smuts. Sy besoek aan Rhodesië was 'n morele opkikker vir die Unioniste en verder het hy baie aansien in die Britse Ryk geniet. Die R.U.A. het gehoop om Smuts se aansien te gebruik om hulle saak te stel - inlywing sou Rhodesië onder die leierskap bring van 'n man wat hoog geag is in die Britse Ryk.<sup>93</sup>

Om die Republikeinse-Hollandse element te neutraliseer, het sir Thomas Smartt, leier van die imperialisties-georiënteerde Unioniste Party in Suid-Afrika, gesê dat die 1921-koalisie tussen Smuts se Suid-Afrikaanse Party en die Unioniste Party, 'n groot sukses was. Die voorstanders van inlywing het Rhodesië se inlywing gesien as 'n krag om die anti-republikeinse idee te versterk en so tot diens te kan wees vir die Britse Ryk. Tot Coghlan het erken dat Smuts 'n groot aantrekkingskrag was: "The mighty Smuts and his magical personality", het hy gesê.<sup>94</sup> Daar was geen persoonlikheid in die referendum-veldtog wat by Smuts kon kersvashou nie.

---

92. Ibid.

93. Di Perna, A.P., op.cit., pp. 281 - 282.

94. Bulawayo Chronicle, 21.10.1922.

Sy beroemdheid was welbekend dwarsoor Afrika en hy was die kragtigste wapen in die R.U.A.-arsenaal.

Die koerante het ook soos gemeld 'n belangrike rol ten gunste van inlywing gespeel. Hulle het nie net argumente gehad wat verantwoordelike regering verwerp het nie, maar het periodiek artikels van Suid-Afrikaanse koerante publiseer wat hul posisie kon versterk. Smuts het ook in 'n telegram aan Chaplin gevra hoe die pers aangewend kon word tydens die referendumveldtog.<sup>95</sup> (Net die Independant van Salisbury was ten gunste van self-regering). Omdat die koerant destyds die enigste massa was, het die Unioniste 'n besliste voordeel in dié opsig gehad.<sup>96</sup>

Groot steun vir die R.U.A. het gekom van die kapitaal=kragtiges in Rhodesië en die Unie. Die leidende party-leier was die British South African Company wat baie voordeel kon behaal as Rhodesië ingelyf word (sou ongeveer nege miljoen pond by die Unie en net vier miljoen by Brittanje kry). Omdat die Maatskappy neutraal moes bly as gevolg van sy posisie, kon hy nie openlik die Unie se kant kies nie, dog agter die skerms het hy volstoom gewerk om verskeie redes. Die Maatskappy het Noord-Rhodesië administreer en dit het op 'n ekonomiese

95. Smuts Papers, Vol. II, Smuts aan Chaplin, 05.10. 1922.

96. Di Perna, A.P., op.cit., p. 286.

verlies uitgeloop. Daar is gevrees dat indien selfregering sou seëvier die Maatskappy nie regverdig behandel sou word nie. Verder is daar gevrees vir 'n nie-blanke opstand as selfregering sou oorwin. Die aandelehouers was ook gretig om hulle geld uit Rhodesië te kry voor die verkiesingsuitslag. Die Maatskappy moes dus om sy eie belange eerste te stel, Unie-inlywing verkies.<sup>97</sup>

Ook in Suid-Afrika het die "Groot maatskappye" steun aan die Unioniste toegesê. Mnr. J.G. McDonald en Consolidated Gold Fields of South Africa het fondse ingesamel wat gebruik moes word vir die pro-Unie veldtog. Mnr. I.W. Schlessinger, 'n ryk Amerikaner in Johannesburg, het ook hulp verleen. Sy hulp was in die vorm van sy personeel wat die R.U.A. in Rhodesië gehelp het. Verder het hy ook motors, films, ensovoorts beskikbaar gestel. Uitbreiding van die Unie se noordelike grens sou die markte uitbrei en as beleggingsveld dien vir private kapitaal. Die R.G.A. het egter geweet van die finansiële steun wat die Unioniste uit die Unie ontvang het en het hard gewerk om dit te bowe te kom.<sup>98</sup>

Welgestelde Rhodesiërs het hulle ook by inlywing geskaar, want hulle het swaar belasting van die nuwe ver-

---

97. Ibid., pp. 287 - 289.

98. Ibid., p. 290.



antwoordelike regering verwag. Chaplin self het dit erken en gesê dat dié persone wat enigiets te verlore het, bang was vir wat die Verantwoordelikes sou doen na hulle aan bewind gekom het.<sup>99</sup>

Verdere bystand en steun het vanuit die koloniale kantoor gekom. Soos reeds gemeld het Churchill elders probleme gehad en wou hy die referendum uitstel om so die hele aangeleentheid beter te ondersoek. Tog is daar 'n private brief waarin Churchill hom uitspreek ten gunste van inlywing en was hy seker dat Rhodesië se uiteindelijke bestemming die Unie was. Hy het dit duidelik gestel dat daar g'n finansiële bystand vir 'n nuwe regering sou wees nie. Verder is gewaarsku dat daar g'n waarborg was wanneer verantwoordelike regering ingestel sou word, indien die kiesers daartoe besluit nie.<sup>100</sup>

'n Belangrike faktor in die referendum-veldtog was die naam van die groot ontdekker van Rhodesië, Cecil John Rhodes. Beide die R.G.A. en R.U.A. het probeer om dit te gebruik tot hulle eie voordeel. Net soos Smuts het die R.U.A.-leiers die Rhodesiërs versoek om hul ontdekker se wense uit te voer. Die R.G.A.-lede wou Rhodesië egter eers 'n verantwoordelike regering gee en daarna inlywing by die Unie soek. As eers by

99. Rhodesia Herald, 03.10.1922.

100. Di Perna, A.P., op.cit., p. 293.

die Unie aangesluit word sou verantwoordelike regering nooit weer verkry kon word nie. Daarom het 'n pro-Unie R.G.A.-lid gesê dat verantwoordelike regering net tydelik was en dat op die lange duur inlywing by die Unie verkies is.<sup>101</sup>

### 3.5.2 Die R.G.A. se teenmaatreëls

Emosionele argumente is deur die R.G.A. gebruik om hulle standpunt te verkondig. As ons na die wêreldgeskiedenis in die jare kyk is daar genoegsame bewyse dat patriotiese ywer en nasionalisme ook onder die blanke Rhodesiërs begin posvat het.<sup>102</sup>

Om die finansiële argumente van die R.U.A. teen te gaan is die "Manifesto to the People of Rhodesia and a Statement of Policy" uitgegee. Verskeie briewe het in die Rhodesiese pers verskyn wat die Manifesto ondersteun het in sy versoek tot Rhodesiese patriotisme. Baie patriotiese burgers het gesê dat met nasionale sentiment alleen, 'n nasie gebou kon word - patriotisme, nasionalisme, inspirasie en trotsheid op jou eie land. Selfs Coghlan wat gesê het dat Smuts Rhodesië vir sy eie belange wou hê, het die sentimentele faktor vooropgestel.<sup>103</sup>

101. Bulawayo Chronicle, 07.08.1922; 21.08.1922.

102. Independent, 29.09.1922.

103. Ibid., 01.09.1922.

Verder speel Coghlan op die pioniers se sentimentele gevoel deur hulle van al die swarkry te vertel in die Rhodesiese geskiedenis. Hieruit, sê hy, het die gees van Rhodesië ontstaan, naamlik "Rhodesia for the Rhodesians". Sonder enige verskoning het die R.G.A. op die emosies van die elektoraat gespeel. Soos die Cape Times dit tereg ook gestel het dat "love of country" die Rhodesiërs vir verantwoordelike regering kon laat stem. Hoe hard hulle ook al probeer het, kon die Unioniste nie die krag van Coghlan se party oorkom nie.<sup>104</sup>

Die Rhodesiese nasionaliste het veral sy aanslae ge=loods teen die Hollandssprekende Suid-Afrikaners in Suid-Afrika en Rhodesië. Hoewel die R.G.A. ontken het dat hulle anti-Hollands was, het die R.G.A. die tweeta=ligheid en arm-blanke kwessie in Suid-Afrika gebruik om hulle saak te stel. Verder het hulle die republikeinse=sentiment van die Afrikaners in Suid-Afrika veroordeel.<sup>105</sup>

Daar was ook 'n aantal Afrikaners in Rhodesië wat na die Vryheidsoorlog soontoe getrek het. Daar was net soveel Kameraadskap as wrywing tussen hulle en hul Engelsspreken=de gelykes. Die boere van Suid-Afrika het gemeenskappe in Rhodesië gevorm waar hulle hul gevestig het. So het hulle hul groepeer in 'n paar gesinne saam. Deur in

104. Cape Times, 20.09.1922.

105. Independent, 26.08.1922.

kontak met mekaar te bly, het hulle hul taal en tradisies behou. Hulle was die kern van die Afrikaanssprekende gemeenskappe in Rhodesië wat nooit sy aparte identiteit sou verloor nie. Hulle het stabiel gebly in hul sosiale en rasseverhoudinge te midde van die fluktuasies van die groter gemeenskap rondom hulle.<sup>106</sup>

Hoewel die meeste van die vyandigheid van die Vryheidsoorlog teen 1920 afgekoel het, was die Afrikaner met afkeur behandel. Daar was 'n vrees dat vereniging met Suid-Afrika die Afrikaanssprekende bevolking van Rhodesië sou versterk en dat nuwe setlaars nie net hulle laer standaard van lewenswyse sou saambring nie, maar ook hulle politieke sienswyse. Brit en Boer het in daardie jare 'n gelyke en intense nasionalisme gedeel ten opsigte van hulle aparte taal en kultuur.<sup>107</sup>

Die Afrikaner se poging vir gelyke erkenning van hul eie taal in Rhodesië, wat weg van Hollands beweeg het, was 'n sweer wat die dominerende Engelssprekende Rhodesiërs gehinder het. Hulle wou niks met die Afrikaners te doen gehad het nie en hulle is uitgesluit uit die Engelse Rhodesiërs se skole en publieke lewe. Die oordonderende vrees van Coghlan en sy volgelinge was dat nouer samewerking met Suid-Afrika en Smuts, hulle

---

106. Clements, F., op.cit., pp. 40 - 41.

107. Ibid., p. 42.

verder sou wegtrek van hul lojaliteit aan Brittanje.<sup>108</sup>

Smuts het 'n toespraak op Maquassie in Transvaal gehou wat die R.G.A. uitgebuit het. Om veld te wen vir inlywing het Smuts sy gehoor vertel dat dit 'n fout sou wees as Rhodesië nie ingelyf kon word nie. Hy gebruik Duitswes-Afrika as voorbeeld en sê dat die gebied eers na 'n militêre veldtog oorwin kon word. Hy sê verder: "Today we can get Rhodesia for a few millions, but after another generation we would not be able to get it at all." Die Unie se groeiende bevolking en die verkleining van plase het dit nodig gemaak om gebied uit te brei, het Smuts verklaar,<sup>109</sup> en die R.G.A. het die woorde tot hulle eie voordeel geïnterpreteer en gesê dat die ware betekenis van die toespraak was dat die tekort aan grond die motief agter die inlywing van Rhodesië was sodat die armblanke-kwessie opgelos kon word.<sup>110</sup>

Die storm wat ontstaan het na die Maquassie-toespraak het die pro-Unie magte en Smuts verontrus. In 'n toespraak op Springfontein in die Vrystaat het Smuts geprotesteer oor die feit dat hy verkeerd geïnterpreteer is.<sup>111</sup> Die skade was egter gedoen en die effek wat Smuts se besoek aan Rhodesië gehad het, is grootliks

---

108. Ibid., p. 43.

109. Bulawayo Chronicle, 31.08.1922.

110. Rhodesia Herald, 02.09.1922.

111. Ibid., 31.10.1922.

hierdeur geneutraliseer.<sup>112</sup>

Tweetaligheid was 'n ander aspek wat die R.G.A. gebruik het om sy anti-Hollandse gevoel te versterk. Beide amptelike landstale van Suid-Afrika (Hollands en Engels) sou ook van toepassing in Rhodesië wees. Omdat so min Rhodesiërs Afrikaans kon praat was dit nie aanvaarbaar vir die R.G.A. nie. In die lig van die toenemende karakter en nasionaliteit van die bevolking sou dit 'n las wees om Hollandssprekende onderwysers vir die Hollandse kinders te kry. Om alle regeringstukke en advertensies in beide tale te plaas sou ook ekstra koste meebring. In die Unie-parlement sou daar probleme ontstaan om mense wat nie tweetalig is nie, mekaar te laat verstaan. Mnr. J. Stewart van die R.G.A. het as volg gesê: "Bilingualism is the surest way of encouraging racialism."<sup>113</sup>

Veral die Rhodesiese staatsamptenare was bekommerd oor die tweetaligheidsaspek en hulle was 'n belangrike deel van die elektorat. In 'n pamflet geskryf deur die president van die Rhodesiese Spoorwegwerkersunie, waarsku hy dat inlywing sal beteken dat tweetaligheid bekom sou word deur promosie eksamens; in nog 'n pamflet is gewaarsku dat promosie en werksekuriteit nou verwant

112. Di Perna, A.P., op.cit., p. 307.

113. Independent, 26.08.1922; Rhodesia Herald, 04.09.1922.

was met taal. Coghlan het ook aan die staatsamptenare gesê dat as Rhodesië ingelyf sou word, Rhodesiese staatsamptenare vervang sou word deur tweetalige Suid-Afrikanners en dat net tweetalige persone in die staatsdiens toegelaat sal word.<sup>114</sup>

Die R.G.A. het die tweetaligheid gebruik om die onderwysers aan hulle kant te kry. In die Independent het die R.G.A. gewaarsku dat inlywing sal beteken dat Rhodesiese onderwysers in Hollands onderrig sal moet gee. Dit het definitief 'n indruk op die onderwysers gemaak wat 'n eie veldtog ten gunste van verantwoordelike selfregering begin het. In die finale analise het dié gedeelte van die elektoraat inlywing verwerp omdat hulle ontevrede was met die Unie se voorwaardes - indien selfregering tot stand gebring word kon hulle dalk die regering dikteer.<sup>115</sup>

Die anti-Hollandse gevoel in Rhodesië speel ook 'n rol soos ons reeds gesien het. Die meeste Rhodesiërs was pro-Brittanje en was ontstig deur die republikeinse tendense van die Unie se Hollandse bevolking. Die Rhodesiërs het veral die Afrikaner nasionaliste en hul afsonderlike idees gewantrou. Hulle het werklik gevrees dat die Nasionaliste in die Unie die bewind kan oorneem

114. Di Perna, A.P., op.cit., p. 308.

115. Independent, 06.10.1922.

en dan sou Rhodesië swaarkry. Die Nasionaliste het self gesê dat die terme vir inlywing te vrygewig was en dat hulle dit sou verander as hulle aan bewind kom in die Unie. Dit was definitief 'n faktor wat nie buite rekening gelaat moet word nie.<sup>116</sup>

Die ekonomiese kwessie was netelig vir die R.G.A. en hulle het 'n tweeledige program opgestel om die kiesers ten gunste van selfregering te oortuig. Een deel was gerig op die Unie om te wys dat inlywing sou lei tot ekonomiese terugslae vir Rhodesië en 'n ander deel aan Rhodesië om te wys op die ekonomiese voordele van verantwoordelike selfregering. Daar is bewyse dat die Unie se finansiële status in dié jare swak was en in 'n private brief skryf J.X. Merriman aan Chaplin: "You can see from our finances that we are in a very bad way...."<sup>117</sup>

Chaplin antwoord Merriman en beaam sy woorde en sê dat Rhodesië se finansiële sake in 'n beter posisie is. Die Suid-Afrikaanse minister van Finansies het ook gesê dat die tekort op die begroting groter was as wat gedink is en dat dieselfde toestand die volgende jaar sou voortduur. Die R.G.A. het die aspek uitgebuit en gesê dat Rhodesië sou moes help afbetaal aan die Unie se

---

116. Ibid., 04.08.1922.

117. Merriman Papers, Merriman aan Chaplin, 12.11.1921.



skuld.<sup>118</sup>

Ekstra belasting was nog 'n nadeel vir inlywing, want Rhodesië sou ekstra belas word. Op provinsiale vlak sou hoër belasting gehef word, omdat die Unie se subsidie gaandeweg verminder sou word. Invoerregte sou verhoog word en dit sou die lewensstandaard in Rhodesië verhoog. Die R.G.A. het uitgewerk dat Rhodesië in een jaar ongeveer 200,000 pond meer aan belasting sou betaal en dat 'n verdere 359,000 pond verlore vir Rhodesië sou wees omdat baie regeringsaktiwiteite oorgeplaas sou word na Pretoria of Kaapstad. Die 50,000 pond jaarliks deur die Unie betaal sou nie kompenseer vir die hoër koste van invoer nie.

Verder het hulle geglo dat die Unie se konserwatiewe beleid sleg sou wees vir Rhodesië met sy baie onverwerkte grondstowwe. Die Unie se mark is ook nie so belangrik geag nie, omdat meer na die noorde gekyk is vir afsetgebiede - veral na die kopergebied van die Kongo.<sup>119</sup>

Inlywing sou Rhodesië in nog 'n ongemaklike situasie laat beland - verhoogde verlies van nie-blanke arbeid. Ten spyte van Smuts se versekering in die terme dat dit nie sou gebeur nie, sou werkers nou gewerf kon word om vir hoër salarisse in die Unie se myne te gaan werk en

118. Ibid., Chaplin aan Merriman 25.12.1921.

119. Bulawayo Chronicle, 23.08.1922; Independent, 23.06.1922; Rhodesia Herald, 08.09.1922.

dit sou weer 'n nadelige gevolg op die Rhodesiese ekonomie hê. Die Unie se minister van Mynbou het hom teen Smuts se beloftes uitgespreek dat werwing nie mag plaasvind nie en Smuts se waarborg was dus nie suiwer nie. Hoër lone in die Unie lei dan outomaties tot hoër lone in Rhodesië. Die argument moes impak gehad het op beide boere en mynwerkers wat afhanklik van hierdie arbeid was.<sup>120</sup>

Terselfdertyd is op die ekonomiese voordele van verantwoordelike regering gewys. Sir Francis Newton, vroeër tesourier van die British South African Company, het hom met sy ondervinding aan die kant van verantwoordelike regering geskaar - dit het baie gedoen om die Unioniste se steun stiller te maak. Tydens die veldtog het die R.G.A.-sprekers die elektoraat probeer oortuig dat selfregering baie ekonomiese voordele inhou. 'n Selfregerende Rhodesië sou die vermoë hê om lone aan te bied om duur kapitale projekte te finansier. Ten spyte van die ekonomiese depressie was Rhodesië se ekonomie baie meer stabiel as die Unie s'n. 'n Finansiële ontleding is ook gegee om te wys hoe verantwoordelike regering te werk sou gaan om die ekonomie op 'n goeie grondslag te kry. Hierdie skema het egter berus op die feit of verantwoordelike regering 'n groot lening

<sup>120</sup>. Independent, 24.10.1922.

sou kry en tydens die veldtog is verseker dat Rhodesië geen probleme sou hê om die geld te bekom nie - sekere banke in Londen is nie beperk deur die koloniale kantoor nie en sou nie toelaat dat Rhodesië ondergaan nie.<sup>121</sup>

Immigrasie het net so 'n belangrike rol gespeel. Die setlaars het die probleem vooropgestel as Rhodesië in 'n vooruitstrewende land wou ontwikkel. Coghlan het gesê dat die Unie gefaal het om immigrante te lok en dat die Unie eintlik 'n verlies van 2,7 persent gehad het tydens 1911 - 1918. Vir die tydperk 1911 - 1921 het die Rhodesiese bevolking met 24,7 persent deur immigrasie gestyg. Die R.U.A. het egter tereg gesê dat g'n vergelyking getref kon word nie, omdat die Unie betrokke was by die Eerste Wêreldoorlog en dat Rhodesië die drie na-oorlogse jare bygetel het. Die saak van die R.G.A. was dat onder verantwoordelike regering Rhodesië 'n beter kans sou hê om beter setlaars te kry as wat die geval onder die Unie sou wees.<sup>122</sup>

Beide kante het hulle saak deeglik gestel en g'n Rhodesiër kon sê dat hulle nie die geleentheid gehad het om te hoor wat beide groepe se standpunte was nie.

121. Di Perna, A.P., op.cit., pp. 323 - 331.

122. Bulawayo Chronicle, 03.03.1910; Rhodesia Herald, 07.09.1922.

### 3.6 Die Rol van Druk-groepe en Persoonlikhede tydens die Referendum en Toestande in die Unie

Die politieke aktiwiteit tydens die referendum was om-trent net deur die R.G.A. en R.U.A. behartig, maar daar was tog ander groepe en persoonlikhede tydens die veld-tog wat betrokke daarby was en by die uitslag. Die belangrikste druk-groepe was die sendelinge en die swart stemreg-verenigings, sowel as die pro-swart groepe in Brittanje (die Swartes was egter min en hul belangrikheid is nie so groot nie). Die persoonlikhede buite die twee aktiewe groepe was Smuts en Chaplin.<sup>123</sup>

Chaplin self het gesê dat E.H. Etheridge, Anglikaanse aartsbiskop van Masjonaland en superintendent van die sendelinge in Rhodesië, ten gunste van verantwoordelike regering was. Hulle was teen die Unie se swart-beleid en het Rhodesië se meer liberale behandeling van die Swartes meer aanvaarbaar gevind. Indien verantwoorde-like regering deurgevoer kon word, sou die Imperiale regering sekere beheer oor wette met betrekking tot die swart bevolking hê. Indiër en Kleurling kiesers was ook ten gunste van verantwoordelike regering.<sup>124</sup>

Hoewel hierdie groepe nie baie stemgeregtigdes gehad

123. Di Perna, A.P., op.cit., p. 334.

124. Ibid., p. 335.

het nie, is daar hard deur die R.G.A. gepoog om hul steun te kry en sekere beloftes is aan die Indiërs en Kleurlinge gemaak. Dié konsessies was 'n teken van die liberale en demokratiese wyse van Coghlan se denke binne die R.G.A. So het die verantwoordelike regering steun gekry van die invloedryke "Anti Slavery and Aborigines Protection Society" in Brittanje.<sup>125</sup>

Nog 'n oorweging wat swaar ten gunste van die R.G.A. getel het, was die politieke onrus wat in die Unie geheers het. Die arbeider opstande aan die Rand en Smuts se metodes om dit te onderdruk het hom in 'n slegte lig by die Rhodesiese arbeiders gestel. Die referendumveldtog is beïnvloed deur die politieke gevolg van die Randse opstande.<sup>126</sup>

Verder het die Arbeidersparty nouer begin saamwerk met die Nasionale Party om Smuts in die algemene verkiesing te verslaan. Daar was 'n groot moontlikheid dat so 'n koalisie wel 'n oorwinning sou behaal. As gevolg van die politieke onsekerheid in die suide, was die Rhodesiërs bekommerd oor die implementering van die Smuts-terme as die kiesers inlywing sou verkies. Die Rhodesiërs het dus geweet dat Smuts in sy eie land gekritiseer was deur sy teenstanders omdat hy die terme aange-

125. Rhodesia Herald, 13.10.1922.

126. Di Perna, A.P., op.cit., p. 338.

kondig het sonder raadpleging van die Unie-parlement en die algemene publiek.<sup>127</sup> Verder was Smuts se integriteit ook onder verdenking, omdat hy in Julie 1922 bra teësinnig die terme vir inlywing aan Coghlan gegee het - die Rhodesiërs het nou gedink dat Smuts se terme net verkiesingsbeloftes was.<sup>128</sup>

Die impak van die R.G.A.-argument dat die politieke situasie te vloeibaar was om die terme vir inlywing te waarborg, kon nie betwyfel word nie. Vooraf is gesê dat die uitslag na enige kant kon gaan, maar 'n R.G.A.-oorwinning is voorspel in 'n brief deur sir Drummond Chaplin net voordat die uitslag bekend gemaak is.<sup>129</sup>

Dié brief het 'n deeglike uitleg gegee van die veldtog en sekere belangrike stellings is deur hom gemaak, onder andere dat as meer tyd verloop het tussen die publikasie van die terme en die referendum, sou die resultate dalk anders kon wees, omdat na nog ses maande van depressie, die boere in Rhodesië vir inlywing sou stem. 'n Groot fout is deur Churchill gemaak toe hy nie sy volle aandag aan die saak gegee het nie en die Buxton-kommissie aangestel het. Die anti-Hollandse gevoel in Rhodesië, veral onder die vroue stemgeregtigdes was baie hoog. Die meeste handelaars en werknemers van

---

127. Merriman Papers, Merriman aan Chaplin, 06.09.1922.

128. Di Perna, A.P., op.cit., p. 339.

129. Independent, 20.10.1922.

die groot maatskappye het Unie-inlywing verkies, terwyl die bankklerke en deel van die staatsamptenare verantwoordelike regering verkies het, aldus Chaplin.<sup>130</sup>

Die R.U.A. was verdedigend in hul optrede en het 'n tekort gehad aan goeie sprekers, terwyl die R.G.A. weer aggressief was. Onderwysers het soos gesien gepropageer vir verantwoordelike regering. Indiër en Kleurling stemgeregtigdes het die Unie verwerp, veral om drankvoordele te kry. Behalwe vir die Nederduits Gereformeerde Kerk, het plaaslike predikante en sendelinge verantwoordelike regering gesteun. Die British South African Company se polisie het neutraal gebly. Volgens Chaplin het Coghlan soms aanstootlike aanmerkings gemaak oor Smuts, die Unie en die Suid-Afrikaanse Party, hoewel Rhodesië se uiteindelijke bestemming, volgens Coghlan, egter die Unie was.<sup>131</sup>

Hoewel Chaplin op die oog af nie baie te sê gehad het oor die verkiesing nie, blyk dit uit sy private briewe dat hy sy posisie as administrateur gebruik het om die R.U.A. se saak te bevorder, omdat hy Rhodesië nie finansiëel bevoeg geag het vir verantwoordelike regering nie.<sup>132</sup>

130. Smuts Papers, Chaplin aan Smuts, 30.10.1922.

131. Di Perna, A.P., op.cit., p. 342.

132. Ibid., p. 343.

Chaplin het, toe Smuts 'n konkrete aanbieding van die terme moes maak, nou met hom geskakel. Smuts het ook 'n kopie daarvan aan Chaplin gestuur. Daar was dus noue kommunikasie tussen Smuts en Chaplin oor die besprekings om Rhodesië in te lyf. Chaplin het ook baie raad aan Smuts gegee voor die Rhodesiese afvaardiging Smuts vroeg in 1922 besoek het.<sup>133</sup>

### 3.7. Die klimaks van die Veldtog

Tydens die veldtog het gemoedere hoog geloop. Baie van die negatiewe gevoelens van die R.G.A. het ontstaan as gevolg van twee gebeure: die publikasie en verspreiding van die sogenaamde Hollandse-pamflet en die op-die-nipper-beroep van Smuts aan die Rhodesiese kiesers.

In 'n poging om die steun van die Hollandse bevolking in Rhodesië te kry, het die R.U.A. 'n pamflet, Die Afrikaner Stem in Hollands gepubliseer. Die persone teen inlywing het die inhoud en skrywers aangeval en dit as 'n kriminele pamflet veroordeel. As gevolg van dië skerp veroordeling deur die R.G.A. het baie bitterheid ontstaan oor die gepubliseerde stuk.<sup>134</sup>

In Smuts se omstrede beroep op die Rhodesiese kiesers,

133. Smuts Papers, Smuts aan Chaplin, 07.06.1922; Chaplin aan Smuts, 15.06.1922; Smuts aan Chaplin, 03.11.1921.

134. Rhodesia Herald, 21, 23 en 25.10.1922.



sê hy die volgende: "The Union is going to be for the African Continent what the United States has become for the American Continent. Union for Rhodesia will mean rapid growth, fruitfulness and a noble destiny".<sup>135</sup> Verder sê Smuts dat Rhodesiese inlywing die begeerte van die Imperiale regering was.

Die R.G.A. was vinnig om hierop te reageer en verklaar dat hulle verbaas was oor Smuts se beroep, veral omdat hy gesê het dat hy nie sou inmeng in die Rhodesiese keuse nie. (Smuts het miskien besef dat sy hoop ydel is.)<sup>136</sup>

Daar is getuienis dat Smuts se beroep die kans om inlywing by die Unie benadeel het (hy moes nie inmeng nie). Hulle vertrou in hom het 'n ernstige knou gekry. Dit was swak beplanning deur Smuts en tydens die finale vergaderings wat plaasgevind het, het heelwat opstande plaasgevind. Verder het die somerreëns in Rhodesië begin val net voor die stembag en dit sou baie boere laat stem vir verantwoordelike regering.<sup>137</sup>

Na tien dae was alle stemme getel en op 6 November 1922 is aangekondig dat verantwoordelike regering met 8 774 stemme teenoor 5 989 gewen het. Rhodesië het dus die uitdaging van selfregering aanvaar en vereniging met die Unie verwerp. Dit was 'n keerpunt in die geskiede-

135. Ibid, 25.10.1922.

136. Independent, 27.10.1922.

137. Di Perna, A.P., op.cit., pp. 355 - 356.

nis van Rhodesië.<sup>138</sup>

Hier volg 'n uiteensetting van die verkiesingsuitslag:

<u>Gebied</u>	<u>Verantwoorde= like regering</u>	<u>Unie</u>	<u>Bedorwe</u>	<u>Totaal</u>
1. Noordelike streek	741	487	10	1 238
2. Oostelike streek	711	526	9	1 246
3. Bulawayo streek	551	297	5	853
4. Westelike streek	611	419	6	1 036
5. Bulawayo Noord	826	390	10	1 226
6. Bulawayo Suid	955	538	5	1 498
7. Salisbury dorp	894	507	17	1 418
8. Salisbury streek	845	629	10	1 484
9. Middellande	550	509	5	1 064
10. Marandellas	433	443	5	881
11. Hartley	499	226	3	678
12. Gwelo	582	433	0	1 015
13. Victoria	626	585	8	1 219
	<u>8 774</u>	<u>5 989</u>	<u>93</u>	<u>14 856</u>

139

### 3.8 Samevatting

Ons sien dus dat daar byna 'n twee-derde meerderheid ten gunste van selfbestuur was. Dit was 'n klinkende

138. Bulawayo Chronicle, 08.11.1922.

139. Di Perna, A.P., op.cit., p. 383.

oorwinning vir dié wat, soos hulle afstammeling vandag, daaraan geglo het "to go it alone".<sup>140</sup>

Samevattend kan ons die belangrikste redes aanvoer waarom Rhodesië teen die Unie besluit het. In die eerste plek moes die keuse nie tussen verantwoordelike regering en Unie-inlywing gelê het nie. Hulle kon altyd na verantwoordelike regering by die Unie aangesluit het, dog eenmaal deel van die Unie kon hulle nie weer verantwoordelike regering kry nie. Tweedens het die Rhodesiërs die afskeidsbeweging in Suid-Afrika gevrees: "We Rhodesians wished to have no part or lot in a Union which had apparently the constitutional right, and so far as the Dutch element was concerned, all the will, to cut us adrift from the British flag and carry us with them whether we liked it or not."<sup>141</sup> Afskeiding van die Ryk was vir hulle 'n werklike gevaar.

Die Londense Times vat die situasie waarskynlik raak saam wanneer die redakteur verklaar: "It is abundantly clear that sentiment has been a great factor in deciding the issue. Over and above the argument that responsibility for the Union's liabilities would more than counterbalance any benefit from the Union's assets, far beyond practical considerations lies the fervent desire of an essentially British people to remain British."<sup>142</sup>

140. Bylae tot die Volksblad, 23.07.1977.

141. Wallis, J.P.R., One Man's Hand: The Story of sir Charles Coghlan and the Liberation of Southern Rhodesia, p. 180.

142. Soos aangehaal by Gale, W.D., The Years Between, p.4.

Laastens was daar die beswaar dat Suid-Afrika 'n Unie en nie 'n federasie was nie. As dit nie daarvoor was nie, sou Rhodesië waarskynlik nie verantwoordelike regering oorweeg het nie. 'n Gebied word eerder 'n provinsie van 'n federasie, want so behou hy seggenskap in sekere plaaslike aangeleenthede.

Suid-Afrikaanse Imperialisme het nou Rhodesiese nasionalisme geword en op 12 Julie 1923 het Rhodesië verantwoordelike regering gekry. Dit was 'n belangrike beslissing vir die toekoms van Suidelike Afrika en het die era van Britse Imperialisme in Afrika sedert 1852 afgesluit. Dit was die laaste keer dat Swartes onder 'n blanke setlaarregering geplaas is buite die sirkel van direkte imperiale beskerming. Ook was dit die laaste keer dat Brittanje Suid-Afrikaanse pogings om sy gebied uit te brei, gesteun het.

---0000000---

#### 4. SLOTBESKOUIING

As ons die gebeure in oënskou neem kan ons sien dat, veral wat die protektorate betref, die Britse regering hulle stelselmatig verhard het teen oordrag en dat Suid-Afrika se taktiek dienooreenkomstig verander het. Suid-Afrika het in die begin gedink dat Brittanje 'n definitiewe plan met betrekking tot oorplasing gehad het en binne hierdie mistasting was die pogings van Botha en Smuts van vriendskaplike aard.<sup>1</sup>

Die probleem van oordrag het grootliks by Suid-Afrika se ministers gelê en nie by hulle volgelinge nie. Versoeke tot die Britse regering is altyd deur individuele ministers van die Unie op hulle eie persoonlike inisiatief gemaak. Dit het nooit die vorm aangeneem van 'n formele aansoek vir oordrag wat eintlik die voorgeskrewe prosedure was nie. L. Marquard beweer dat die rede vir die afwesighede van so 'n formele aansoek die onwilligheid van enige Suid-Afrikaanse regering was om in 'n direkte konflik betrokke te raak. Verder was daar op enige Suid-Afrikaanse regering geen wydverspreide politieke druk om tot so 'n stap oor te gaan nie.<sup>2</sup>

Dit is dus duidelik dat Botha van die geleentheid wat

---

1. Hailey, W.M., op.cit., pp. 51 - 52.

2. Marquard, L., A Federation of Southern Africa, p. 42.

#### 4. SLOTBESKOUIING

As ons die gebeure in oënskou neem kan ons sien dat, veral wat die protektorate betref, die Britse regering hulle stelselmatig verhard het teen oordrag en dat Suid-Afrika se taktiek dienooreenkomstig verander het. Suid-Afrika het in die begin gedink dat Brittanje 'n definitiewe plan met betrekking tot oorplasing gehad het en binne hierdie mistasting was die pogings van Botha en Smuts van vriendskaplike aard.<sup>1</sup>

Die probleem van oordrag het grootliks by Suid-Afrika se ministers gelê en nie by hulle volgelinge nie. Versoeke tot die Britse regering is altyd deur individuele ministers van die Unie op hulle eie persoonlike inisiatief gemaak. Dit het nooit die vorm aangeneem van 'n formele aansoek vir oordrag wat eintlik die voorgeskrewe prosedure was nie. L. Marquard beweer dat die rede vir die afwesighede van so 'n formele aansoek die onwilligheid van enige Suid-Afrikaanse regering was om in 'n direkte konflik betrokke te raak. Verder was daar op enige Suid-Afrikaanse regering geen wydverspreide politieke druk om tot so 'n stap oor te gaan nie.<sup>2</sup>

Dit is dus duidelik dat Botha van die geleentheid wat

---

1. Hailey, W.M., op.cit., pp. 51 - 52.

2. Marquard, L., A Federation of Southern Africa, p. 42.

deur die uitbreek van die oorlog geskep is, gebruik wou maak om 'n groter Suid-Afrika daargestel te kry. Hy wou deur deelname aan die oorlog die guns van die Britse regering en Rhodesiërs wen sodat die insluiting van hierdie gebied en die protektorate vergemaklik kon word. Dusdoende het Botha gedink dat hy in belang van Suid-Afrika handel, en daardeur ook die Britse Ryk 'n guns bewys.

De Volkstem vra tereg of dit dan verkeerd is van die Botha-regering om Suid-Afrika se belange te dien deur gebruik te maak van die rusie in Europa om besit te neem van die gebied wat sowel geskiedkundig as aardrykskundig een is met die res van ons wêrelddeel, en wat, indien Duitsland wen, 'n ernstige politieke en militêre gevaar vir Suid-Afrika mag blyk.<sup>3</sup>

Botha het, toe die versoek van die Britse regering gekom het, tot die slotsom gekom dat daar vir hom persoonlik slegs een van twee weë oop was: hy moes die parlement probeer oorhaal om aan die versoek te voldoen, óf bedank. Dit sou vir hom maklik gewees het om sy bedanking in te dien, maar soos hy later gesê het, dit sou die weg van 'n lafaard wees, en hy sou Suid-Afrika daardeur in die steek gelaat het.<sup>4</sup>

3. De Volkstem, 12.03.1915. Hoofartikel.

4. De Burger, 22.01.1917, Botha te Carnavon.

Die idee van 'n "groter Suid-Afrika" het skipbreuk gelyk as gevolg van interne verdeling van opinie en omdat Brittanje sy steun daaraan onttrek het. Suid-Afrika se mislukking is dus aan 'n Britse frontverandering toe te skryf - daar is 'n merkbare kontras tussen Brittanje se houding voor 1922 en sy houding daarna. Waarom dan 'n Britse frontverandering?

Brittanje se vertroue in Suid-Afrika was vanaf Uniewording voorbehoudend. Daar is byvoorbeeld nooit geglo dat die spanning tussen wit en swart sou verminder nie. Die daaropvolgende weiering van die blanke Rhodesiërs en die swart inwoners van die Hoë kommissaris-gebiede om by die Unie aan te sluit sowel as die onwilligheid van die Imperiale regering om laasgenoemde gebiede by die Unie in te lyf, bewys dat Britse vertroue sedert 1909 'n knou toegedien is. Dit is vererger deur die Naturelle Landwet van 1913 en die slegte gevoelens wat daar tussen die twee taalgroepe gedurende die oorlog bestaan het. Teen 1915 was die anti-Engelse gevoel erger as tydens die Anglo-Boereoorlog.<sup>5</sup>

Aan die einde van die oorlog skryf Merriman oor bogenoemde en sê: "Within my public life of fifty years I do not recollect such racial bitterness as that which at present interferes with every branch of our social

---

5. Hyam, R., op.cit., p. 40.



life and accentuates the ever-present problem of our future relations with the native races ... The memory of the past hangs over us like a shadow and is buried but not forgotten in the tenacious Dutch nature ... The fathers have eaten sour grapes and the children's teeth are set on edge."<sup>6</sup>

Dit was veral die republikeinse beweging wat vir Merriman so pessimisties gestem het en veral die feit dat die beweging onder selfs die jongmense van Kaapland 'n sterk aanhang geniet het. In die lig hiervan het die Britse regering bekommerd oor die Suid-Afrikaanse politiek geword en sou daarom Suid-Afrika se ekspansionistiese ideale begin teenstaan. Buxton was ook teleurgesteld in die feit dat sommige Suid-Afrikaners so gou as moontlik 'n republiek wou stig. Hy het die oorlog daarvoor blameer. Dit het antagonisme so vergroot dat vrede te laat gekom het om die diepe verskille op te los.<sup>7</sup>

Binne tien jaar na die totstandkoming van die Unie het die Britse staatsmanne gesien hoe die wind waai. In die lig hiervan het hulle bekommerd oor die Suid-Afrikaanse politiek geword en sou daarom die uitbredings-idee uit 'n ander hoek benader. Die vrees was dat indien die Nasionale Party aan bewind kom pogings aangewend sou word om 'n

---

6. Merriman Papers, Merriman aan Byrce, 28.08.1918, soos uit Hyam, R., op.cit., p. 41.

7. Buxton Papers, Buxton aan Staatsekretaris, 01.06.1915, soos uit Ibid., pp. 41 - 42.

republiek uit te roep (wat Buxton ook gevrees het).<sup>8</sup>

Smuts se swak vertoning in die 1920-verkiesing, toe hy slegs met die hulp van die Engelse Unioniste aan bewind kon bly, het die Britte groot laat skrik. Lord Milner, wat toe minister van Kolonies was, skryf in die verband: "The effect of having to put up with a Hertzog-government, after the line he has taken, would be very bad throughout the whole Empire, even if such a government were unable to do anything momentuous. So I fervently pray, that we may yet escape a Hertzog ministry."<sup>9</sup> Daar was dan ook groot gejuig toe Smuts die 1921-verkiesing met 'n gerieflike meerderheid wen.

Die voorbehoudende vertroue wat Brittanje in 1909 in Suid-Afrika gestel het toe die Unie gevorm is en daar gehoop is dat Suid-Afrika 'n lojale lid van die Ryk sou word, het dus nie 'n dekade oorleef nie. Nadat Hertzog in 1924 aan bewind gekom het, het die vertroue finaal verdwyn en is ook die insluiting van die protektorate byvoorbeeld nagenoeg permanent op die langebaan geskuif. Die Britse-regering was veral om vier redes teleurgesteld in Hertzog se bewind. In die eerste plek was daar die vrees dat Suid-Afrika nie lid van die Britse Ryk sou bly nie, tweedens Hertzog se swartbeleid (seg=

8. Hyam, R., op.cit., p. 41.

9. Buxton Papers, 26.04.1920, soos uit Ibid., p. 42.

regasie), derdens die verafrikanisering van die staatsdiens en die regeringsbeleid insake die internasionale handel.<sup>10</sup>

Omdat die verhouding tussen die Unie en Brittanje na 1910 dus al slegter geword het, was dit die Britse regering se standpunt dat Suid-Afrika nie sy brood beide kan te kon botter smeer nie. As hy verkies om minder nou met Engeland saam te werk, waarom sou Engeland dan die Hoë Kommissaris-gebiede aan hom oordra? Brittanje het nog nie die ideaal van 'n groot Brits-Suid-Afrika laat vaar nie. Hertzog se beleid het dus geneig tot 'n herverklaring van die Imperiale faktor as die kortste weg tot die bereiking van daardie doel. Gebiede buite die Unie moes eers versterk word sodat indien hulle ingelyf word, hulle die solidariteit van die Ryk kan help bewaar.<sup>11</sup>

In 'n sekere sin het die beleid van Suid-Afrikaanse gebiedsuitbreiding nooit 'n kans gehad nie. Aan die wortel van Suid-Afrika se mislukking lê die feit dat die Swartes, die Rhodesiërs en uiteindelik ook die Britse regering beswaar gemaak het teen die politieke mag, die beleid en selfs die blote bestaan van die Afrikanervolk. Die Britse regering was onwillig om dit te erken, want hulle wou nie erken dat hulle mis-

10. Hyam, R., op.cit., p. 42.

11. Ibid., p. 45.

luk het om die Afrikaners te konsilieer nie; daarom  
het hulle teruggeval op die formule van dat hulle oor=  
plasing eendag sal laat plaasvind. Hulle het nie van  
die opkoms van die Afrikanerdom gehou nie en veral nie  
van die Afrikaners se swartbeleid nie.

---ooo0ooo---

B I B L I O G R A F I E

1. PRIMÊRE BRONNE

1.1 Ongepubliseerde Bronne

Sentrale Argiefbewaarplek, Pretoria

(a) Departement van die Eerste Minister.  
Inkomende en Uitgaande amptelike en  
semi-amptelike korrespondensie.

(b) J.P. Jooste-versameling.

(c) J.C. Smuts-argief.

Argiefbewaarplek, Lesotho

S. 3/20/1/2 en 3. 1908, 1909, 1910.

53/20/1/11, 12 en 14 (1919 - 1922), 48 (1955)  
en 50 (1958).

1.2 Gepubliseerde Bronne

(a) Hancock, W.K., (red.), Selections from the  
Smuts Papers, ed. by W.K. Hancock and Jean  
van der Poel, vol. II - III, Cambridge,  
1966.

(b) Hansard, 1913, 1914 (kol. 91).

(c) Central African Archives: A guide to the  
public records of Southern Rhodesia under  
the regime of the B.S.A. Company, 1890 -  
1923. Cape Town, 1956.

- (d) Merriman Papers, Suid-Afrikaanse Openbare  
Biblioteek, Kaapstad.
- (e) Onderhandelinge betreffende die Oordrag van  
Bestuur van Basoetoland, Betsjoeanaland-  
Protektoraat en Swaziland aan die Unie van  
Suid-Afrika, 1910 - 1930. Staatsdrukker,  
Pretoria. Geen datum.
- (f) Parlamentsverslae van die Unie van Suid-  
Afrika  
27/5926, Grobler oor gronderosie, 1936  
23/2757, 1934  
27/5924, 1936  
85/3960, 1954  
48/3359, Smuts en die Minister van Mynbou,  
1944
- (g) Senaatsnotules, 1914.

## 2. SEKONDÊRE BRONNE

### 2.1 Periodieke publikasies

#### (a) Koerante

Bylae tot die Volksblad, 23.07.1977.

The Bulawayo Chronicle, 1913, 1921, 1922.

The Cape Times, 1921, 1922.

De Burger, 1917, 1922.

De Volkstem, 1915.

Gouvermentskoerante, nr. 274.

The Independent, 1921, 1922.

The Rhodesian Herald, 1913, 1914, 1921, 1922.

The Star, 1921.

Die Vaderland, 1967.

(b) Tydskrifte

Afrika Instituut Bulletin, 1966.

Cowen, D.V., "Towards a Common Market in Southern Africa," Optima, Vol. 17, Anglo American Corporation, Johannesburg, 1967.

(c) Pamflette

Departement of Information, A Brief History of Rhodesia, Bulawayo, 1972.

2.2 Literatuur

- |                      |  |
|----------------------|--|
| Bruwer, J.P. van S., | <u>Suidwes-Afrika</u> , Johannesburg, 1961.                      |
| Bruwer, J.P. van S., | <u>Southwest Africa: The Disputed Land</u> , Johannesburg, 1960. |
| Clements, F.,        | <u>Rhodesia, The Course to Collision</u> , Londen, 1969.         |

- Di Perna, A.P., The Struggle for Self-Government and the Roots of White Nationalism in Rhodesia, 1890 - 1922, New York, 1972.
- Doxey, G.V., The High Commission Territories and the Republic of South Africa, Londen, 1963.
- Dundas, C.; Ashton, H., Problem Territories of Southern Africa, Basutoland, Bechuanaland Protectorate, Swaziland, Cape Town, 1952.
- Eksteen, M.C., Lesotho in Uitwaartse Beweging, Johannesburg, 1972.
- Engelenberg, F.V., Genl. Louis Botha, Pretoria, 1929.
- Fair, T.J.; Murdoch, G.; Jones, H.M., Development in Swaziland, Johannesburg, 1969.
- Freemantle, H.E.S., The New Nation, Londen, 1909.
- Gale, W.D., The Years Between, Londen, 1950.
- Gale, W.D., Zambezi sunrise: how civilization came to Rhodesia and Nyassaland, Cape Town, 1958.



- Hailey, W.M., An African Survey, London, 1957.
- Hailey, W.M., The Republic of South Africa and the High Commission Territories, Oxford, 1963.
- Hanna, A.J., The Story of the Rhodesias and Nyassaland, London, 1960.
- Hyam, R., The Failure of South African Expansion, 1908 - 1948, London, 1972.
- Louis, W.R., Great Britain and Germany's Last Colonies, Gale, 1967.
- Marquard, L., A Federation of Southern Africa, Cape Town, 1962.
- Marquard, L., The Peoples and Policies of South Africa, Cape Town, 1960.
- Perham, M.; Curtes, L., The Protectorates of South Africa, London, 1935.
- Pirow, O., James Barry Munnik Hertzog, Kaapstad, 1937.
- Reitz, D., No Outspan, London, 1934.

- Rosenthal, E., African Switzerland, Basutoland of to-day, Johannesburg, 1948.
- Smuts, J.C., War Time Speeches, Londen, 1922.
- Stevens, R.P., Lesotho, Botswana and Swaziland, Londen, 1967.
- Thompson, L.M., The Unification of South Africa, 1902 - 1910, Oxford, 1961.
- Van Wyk, A.J., Lesotho, 'n Politieke Studie, Afrika Institute, Pretoria, 1967.
- Vermoten, F., Transvaal en die Totstandkoming van die Unie van Suid-Afrika, Argief-jaarboek, Deel II, Staatsdrukker, Kaapstad, 1957.
- Walker, E.A., A History of Southern Africa, Londen, 1965.
- Wallis, J.P.R., One Man's Hand: The Story of Sir Charles Coghlan and the Liberation of South Rhodesia, Longmans, Green, 1950.

